Die minimum duur van die studie is **een** jaar, na verwerwing van 128 krediete. Die maksimum duur is gelyk aan die minimumstudietermyn plus een jaar, met dien verstande dat aansoek gedoen kan word om die tydperk te verleng. Die studie kan slegs deelyds onderneem word.

V.6.2.2 LYS VAN MODULES

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
GSTK511	Grondslagstudies in die opvoeding van onderwys	8
GSTK521	Toegepaste grondslagstudie: Spesialisering	8
KPOK521	Studie van programme vir onderrigkompensering	16
LRVK521	Leerderregte- en verpligtinge	16
NDWK522	Didaktiek van Wiskunde (AOO-band)	16
NEBK511	Die aarde en daarbuite vir Wetenskap	16
NECK521	Energie en verandering vir Wetenskap	16
NLLK511	Lewe en lewenswyse vir Wetenskap	16
NMMK521	Materie en materiale vir Wetenskap	16
NDSK521	Didaktiek van Natuurwetenskap (intermediêr)	16
NWPK511	Getalontwikkeling	16
NWPK512	Grondslae van Algebra	16
NWPK521	Meetkundige ontwikkeling	16
NWPK522	Grafieke en datahantering	16
ORAK511	Onderwysreg, -stelsels en –administrasie A	8
ORAK521	Onderwysreg, -stelsels en –administrasie B	8
ORLK511	Onderrig en leer A	8
ORLK521	Onderrig en leer B	8
ORPK511	Regstelling van Opvoedingsproblematiek	16
ORTK511	Regstelling van disharmoniese onderrigelemente	16
OBTK511	Onderwysbestuurstake	16
OSRK511	Onderwysorganisasies	16
OBK521	Onderwysbestuursareas	16
ORGK521	Onderwysreg (Gevorderd)	16
RIDO511	Rekenaartegnologie in die onderwys	8
RMPK521	Studie van remediëringsprogramme vir die praktyk	16
RIDO525	Rekenaarbeginsels en die onderwys	8

V.6.2.3 TOELATINGSVEREISTES

V.6.2.3.1 Algemene toelatingsvereistes

- Om tot die studie van die Gevorderde Onderwysertifikaat toegelaat te word moet, behalwe waar anders aangedui, die leerder in besit wees van 'n erkende driejarige onderwysdiploma vir die primêre skool.
- Die leerder oor minstens 'n goedgekeurde driejarige naskoolse kwalifikasie beskik, geëvalueer op RWK 13 (M + 3) vlak.

V.6.2.3.2 Besondere toelatingsvereistes

- Die toelating tot bepaalde modules is onderhewig aan evaluering van die diensooreenkomstige modules in die diploma/sertifikaat wat die leerder reeds verwerf het.
- Die leerder is onderhewig aan keuring vir toelating tot die kursus.
- Die leerder moet oor ten minste twee jaar se onderwyservaring in die betrokke spesialiseringrigting beskik.

V.6.2.4 PROGRAM: NATUUR- EN SKEIKUNDE ONDERWYS (ALG. ONDERWYS EN OPLEIDINGSBAND) (O130V)

Hierdie program word deelyds oor een of twee jaar aangebied volgens 'n fleksie-onderrigbasis.

V.6.2.4.1 Programuitkomste

Na voltooiing van hierdie program behoort die leerder:

- oor wetenskaplike kennis en insig te beskik in Natuur- en Skeikunde-onderwys (Algemene Onderwys- en Opleidingsband);
- sekere vaardighede en bevoegdhede te kan demonstree (waar onder kritiese probleemoplossing, groep funksionering, kennis wat verwerf is effektief kan integreer in die onderwysituasie) in Natuur- en Skeikunde-onderwys (Algemene Onderwys- en Opleidingsband);
- sekere waardes te kan nastreef (waar onder die nastreef van uitnemendheid in die onderwys, die nastreef van integriteit in die onderwysituasie) op grond van sy/haar studie in Natuur- en Skeikunde-onderwys (Algemene Onderwys- en Opleidingsband).

V.6.2.4.2 Samestelling van die program

JAARVLAK 4			
Eerste semestermodules (Jaar 1)		Tweede semestermodules (Jaar 2)	
Kode	Kt	Kode	Kt
GSTK511	8	GSTK521	8
NEBK511	16	NDSK521	16
NLLK511	16	NECK521	16
ORLK511	8	ORLK521	8
RIDO511	8	RIDO525	8
		NMMK521	16
Totaal 1e sem.	56	Totaal 1e sem.	72
Totale krediete vir die program			128

V.6.2.5 PROGRAM: REMEDIËRENDE ONDERWYS (O131V)

Hierdie program word deelyds oor een of twee jaar aangebied volgens 'n fleksie-onderrigbasis.

V.6.2.5.1 Programuitkomste

Na voltooiing van hierdie program behoort die leerder:

- oor wetenskaplike kennis en insig beskik in Remediërende Onderwys;
- sekere vaardighede en bevoegdhede te kan demonstreer (waar onder kritiese probleemoplossing, groep funksionering, kennis wat verwerf is effektief kan integreer in die onderwyssituasie) in Remediërende Onderwys;
- sekere waardes nastreef (waar onder die nastreef van uitnemendheid in die onderwys, die nastreef van integriteit in die onderwyssituasie) op grond van sy/haar studie in Remediërende Onderwys.

V.6.2.5.2 Samestelling van die program

JAARVLAK 4			
Eerste semestermodules (Jaar 1)		Tweede semestermodules (Jaar 2)	
Kode	Kt	Kode	Kt
ORAK511	8	ORAK521	8
ORLK511	8	ORLK521	8
GSTK511	8	GSTK521	8
RIDO511	8	RIDO525	8
ORPK511	16	RMPK521	16
ORTK511	16	KPOK521	16
Totaal 1e sem.	64	Totaal 1e sem.	64
Totale krediete vir die program			128

V.6.2.6 PROGRAM: WISKUNDE-ONDERWYS (ALGEMENE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSBAND) (O132V)

Hierdie program word deelyds oor een of twee jaar aangebied volgens 'n fleksie-onderrigbasis.

V.6.2.6.1 Programuitkomste

Na voltooiing van hierdie program behoort die leerder:

- oor wetenskaplike kennis en insig beskik in Wiskunde-onderwys (Algemene Onderwys- en Opleidingsband);
- sekere vaardighede en bevoegdhede demonstreer (waar onder kritiese probleemoplossing, groep funksionering, kennis wat verwerf is effektief kan integreer in die onderwyssituasie) in Wiskunde-onderwys (Algemene Onderwys- en Opleidingsband);
- sekere waardes nastreef (waar onder die nastreef van uitnemendheid in die onderwys, die nastreef van integriteit in die onderwyssituasie) op grond van sy/haar studie in Wiskunde-onderwys (Algemene Onderwys- en Opleidingsband).

V.6.2.6.2 Samestelling van die program

JAARVLAK 4			
Eerste semestermodules (Jaar 1)		Tweede semestermodules (Jaar 2)	
Kode	Kt	Kode	Kt
GSTK511	8	GSTK521	8
NWPK511	16	NDWK522	16
NWPK512	16	NWPK521	16
ORLK511	8	NWPK522	16
RIDO511	8	ORLK521	8
		RIDO525	8
Totaal 1e sem.	56	Totaal 1e sem.	72
Totale krediete vir die program			128

V.6.2.7 PROGRAM: ONDERWYSBESTUUR (O133V)

Hierdie program word deelyds oor een of twee jaar aangebied volgens 'n fleksie-onderrigbasis.

V.6.2.7.1 Programuitkomst

Na voltooiing van hierdie program behoort die leerder:

- oor wetenskaplike kennis en insig beskik in Onderwysbestuur;
- sekere vaardighede en bevoegdhede demonstree (waar onder kritiese probleemoplossing, groep funksionering, kennis wat verwerf is effektief kan integreer in die onderwyssituasie) in Onderwysbestuur;
- sekere waardes nastreef (waar onder die nastreef van uitnemendheid in die onderwys, die nastreef van integriteit in die onderwyssituasie) op grond van sy/haar studie in Onderwysbestuur.

V.6.2.7.2 Samestelling van die program

JAARVLAK 4			
Eerste semestermodules (Jaar 1)		Tweede semestermodules (Jaar 2)	
Kode	Kt	Kode	Kt
ORAK511	8	ORAK 521	8
GSTK511	8	GSTK 521	8
OBTK511	16	OBAK521	16
ORLK511	8	ORLK521	8
RIDO511	8	ORGK521	16
OSRK511	16	RIDO524 of RIDO525	8
Totaal 1e sem.	64	Totaal 1e sem.	64
Totale krediete vir die program			128

V.6.3 REËLS VIR DIE NASIONALE PROFESSIONELE ONDERWYS-DIPLOMA (NPOD)

Hierdie kwalifikasie lê op NKR-vlak 5 en kan verwerf word in een van die programme in wat hieronder uiteengesit word. Die onderwysertifikaat (OS) is by hierdie kwalifikasie geïnkorporeer. Die voertaal vir die aanbieding van die programme is Engels.

Hierdie program is gerig op praktiserende onderwysers op RKW 12 of laer. Dit spreek akuele behoeftes en sake aan deur praktyk-gebaseerde inhoud en

aktiwiteit. Die algemene doel van hierdie diploma is om onderwysers in staat te stel om hulle kwalifikasies te verbeter.

Opvoeders met 'n RKW 10-kwalifikasie moet eers die 128-krediet Onderwysertifikaat (OS) voltooi wat op 4 Februarie 2002 in die *Norms and Standards for Educators* in die Staatkoerant verskyn het. Daarna word jaarvlak 2 en 3 voltooi vir die verwerwing van die NPOD.

V.6.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die kwalifikasie is, afhangend van die intreevlak, twee of drie jaar. Die maksimum studietermyn is gelyk aan die minimum duur plus 1 jaar, met dien verstande dat aansoek gedoen kan word om die tydperk te verleng.

V.6.3.2 LYS VAN MODULES

V.6.3.2.1 Verpligte modules

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
AGDN221	Grondslagfase: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede	16
AGDN321	Grondslagfase: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede	16
AKPN117	Afrikaans Moedertaal Kommunikasie	8
AKPN127	Afrikaans Moedertaal Kommunikasie	8
AKPN217	Afrikaans Moedertaal Kommunikasie	8
AKPN227	Afrikaans Moedertaal Kommunikasie	8
AKPN317	Afrikaans Moedertaal Kommunikasie	8
AKPN327	Afrikaans Moedertaal Kommunikasie	8
EDMN319	Onderwysbestuursontwikkeling	8
EDVN219	Anti-rasisme en opvoedkunde wette en waardes	8
ESPN119	Engels-Kommunikasie	8
ESPN129	Engels Kommunikasie	8
ESPN219	Engels Kommunikasie	8
ESPN229	Engels Kommunikasie	8
ESPN319	Engels Kommunikasie	8
ESPN329	Engels Kommunikasie	8
GDSN116	Godsdienskunde	8
GDSN126	Godsdienskunde	8
GSUN219	Gesondheidsonderrig	8
GSUN319	Gesondheidsonderrig (VIGS voorkoming en motoriese ontwikkeling)	8
JPUN116	Junior Primêre Studies	16
JPUN126	Junior Primêre Studies	16
JPUN216	Junior Primêre Studies	8
JPUN226	Junior Primêre Studies	8
JPUN316	Junior Primêre Studies	8

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
JPUN321	Junior Primêre Studies	8
NAUN111	Vakdidaktiek Natuurwetenskap	8
OPAN119	Onderwysstudies	8
OPAN129	Onderwysstudies	8
OPAN219	Onderwysstudies	8
OPAN319	Onderwysstudies	8
PRSN319	Professionele Studies	8
RGLN111	Rekenaargeletterdheid	8
SSCN118	Sesotho Kommunikasie (m)	8
SSCN128	Sesotho Kommunikasie (m)	8
SSCN218	Sesotho Kommunikasie (m)	8
SSCN228	Sesotho Kommunikasie (m)	8
SSCN318	Sesotho Kommunikasie (m)	8
SSCN328	Sesotho Kommunikasie (m)	8
WAPN111	Algemene Wiskunde	8
WAPN121	Algemene Wiskunde	8
WAPN221	Algemene Wiskunde	8
WAPN321	Algemene Wiskunde	8
WLRN311	Onderwysfilosofie	8

V.6.3.2.2 Kernmodules

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
AFDN221	Vakdidaktiek Afrikaans	16
AFDN321	Vakdidaktiek Afrikaans	16
AFRN119	Afrikaans	16
AFRN129	Afrikaans	16
AFRN219	Afrikaans	8
AFRN229	Afrikaans	8
AFRN319	Afrikaans	8
AFRN329	Afrikaans	8
EDSN221	Vakdidaktiek Engels	16
EDSN321	Vakdidaktiek Engels	16
EGPN119	Engels	16
EGPN129	Engels	16
EGPN219	Engels	8
EGPN229	Engels	8
EGPN319	Engels	8
EGPN329	Engels	8
GSAN116	Geskiedenis	16
GSAN126	Geskiedenis	16
GSAN216	Geskiedenis	8

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
GSAN226	Geskiedenis	8
GSAN316	Geskiedenis	8
GSAN326	Geskiedenis	8
GSXN221	Vakdidaktiek Geskiedenis	16
GSXN321	Vakdidaktiek Geskiedenis	16
SSMN119	Sesotho	16
SSMN129	Sesotho	16
SSMN219	Sesotho	8
SSMN229	Sesotho	8
SSMN319	Sesotho	8
SSMN329	Sesotho	8
SVXN221	Vakdidaktiek Sesotho	16
SVXN321	Vakdidaktiek Sesotho	16
WIPN111	Wiskunde	16
WIPN121	Wiskunde	16
WIPN211	Wiskunde	8
WIPN221	Wiskunde	8
WIPN311	Wiskunde	8
WIPN321	Wiskunde	8
WSXN221	Vakdidaktiek Wiskunde	16
WSXN321	Vakdidaktiek Wiskunde	16

V.6.3.3 TOELATINGSVEREISTES

V.6.3.3.1 Algemene toelatingsvereistes

- a) 'n Matrieksertifikaat (Gr. 12) plus een jaar tersiêre opleiding, byvoorbeeld die *Primary Teachers' Certificate* (PTC) of soortgelyke kwalifikasie vir toelating tot die tweede vlak.
- b) Onderwysers in diens wat net beskik oor 'n matrikulasiesertifikaat mag registreer vir vlak een wat dan beskou word as 'n oorbruggingskursus (eenjarige Onderwysertifikaat) om voort te gaan op jaarvlak twee en drie.

V.6.3.4 PROGRAM: GRONDSLAGFASE (O140V)

V.6.3.4.1 Programuitkomste (Hierdie uitkomste geld ook vir die program Intermediêre en Senior fase)

- a) Na voltooiing van hierdie program behoort die leerder te beskik oor kennis, vaardighede en gesindhede ten opsigte van:
 - i) probleemidentifisering, -oplossing en die aanwending van kritiese en kreatiewe denke ten opsigte van alle onderrigaangeleenthede;
 - ii) samewerking in onderwysverband in groepe, met die gemeenskap en onderwysdepartement deur middel van onder andere praktiese onderwys;
 - iii) die organisasie en bestuur van hulself asook hulle aktiwiteite;

- iv) die verwerwing, analise, organisasie en kritiese evaluasie van kennis op die onderskeie vakterreine asook van algemene onderwysgerigte kennis;
- v) kommunikasie deur middel van verskeie taalmediums en in verskeie situasies;
- vi) die effektiewe aanwending van tegnologiese en wetenskaplike inligting om ook daardeur respek vir die omgewing en die gesondheid van ander aan te dui;
- vii) die holistiese aard van die wêreld as geïntegreerde stelsels wat impliseer dat probleemoplossing nie in isolasie geskied nie;
- viii) die rolle van die onderwyser, naamlik as fasiliteerder, mediator van leer, lewenslange leerder, kurrikulumontwerper, leier, administrateur en bestuurder, assessor, spesialis op sy gekose vak/leerarea/gebied/fase, en lid van die enger en breë gemeenskap;
- ix) die gespesialiseerde aard van onderrig, leer en ontwikkeling in die grondslag-, intermediêre, senior en verdere onderrig- en opleidingfase.

V.6.3.4.2 Artikulasieoontlikhede en uittreepunt

- a) 'n Leerder wat die program voltooi het, nadat daarvoor geregistreer is met 'n graad-12 kwalifikasie, ontvang die NPOD (384 krediete) op NKR-vlak 5.
- b) Die NPOD verleen toegang tot die Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS).

V.6.3.4.3 Ander reëls (vgl. samestelling van program onder V6.3.4.4)

- a) Die program word saamgestel uit verpligte fundamentele- en keusemodules wat hieronder uiteengesit word.
- b) Leerders wat spesialiseer in die Grondslagfase verwerf 95 krediete per jaar uit die lys van verpligte modules en 32 krediete per jaar uit die lys van kernmodules (**een** van: Afrikaans, Engels, Wiskunde, Geskiedenis).
- c) Junior Primêre studies is verpligtend vir die Grondslagfase.
- d) Die kommunikasietaal wat gekies is vir die eerste semester, is outomaties die kommunikasietaal vir die daaropvolgende tweede semester(s). 'n Ander kommunikasietaal word gekies vir die eerste semester van die derde jaar en dit is outomaties die kommunikasietaal vir die daaropvolgende tweede semester(s).

V.6.3.4.4 Samestelling van die program

VERPLIGTE MODULES (96kr per jaarvlak)					
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
Kode	Kt	Kode	Kt	Kode	Kt
JPUN116	16	JPUN216	8	JPUN316	8
OPAN119	8	OPAN219	8	OPAN319	8
GDSN116	8	GSUN219	8	GSUN319	8
WAPN111	8	NAUN111	8	PRSN319	8
Een van:	8	RGLN111	8	WLRN311	8
SSCN118		EDVN219	8	EDMN319	8
AKPN117		Een van:	8	Een van:	8
ESPN119		SSCN218		SSCN318	
		AKPN217		AKPN317	
		ESPN219		ESPN319	
Totaal 1e sem.	48	Totaal 1e sem.	56	Totaal 1e sem.	56
TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
Kode	Kt	Kode	Kt	Kode	Kt
JPUN126	16	JPUN226	8	JPUN321	8
OPAN129	8	AGDN221	16	AGDN321	16
GDSN126	8	WAPN221	8	WAPN321	8
WAPN121	8	Een van:	8	Een van:	8
Een van:	8	SSCN228		SSCN328	
SSCN128		AKPN227		AKPN327	
AKPN127		ESPN229		ESPN329	
ESPN129					
Totaal 2e sem.	48	Totaal 2e sem.	40	Totaal 2e sem.	40
Totaal Vlak 1	96	Totaal Vlak 2	96	Totaal Vlak 3	96
Totale verpligte krediete vir die program					288
KERNMODULES (32 kt per jaarvlak)					
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
Kode	Kt	Kode	Kt	Kode	Kt
AFRN119	16	AFRN219	8	AFRN319	8
of		of		of	
EGPN119	16	EGPN219	8	EGPN319	8
of		of		of	
WIPN111	16	WIPN211	8	WIPN311	8
of		of		of	
GSAN116	16	GSAN216	8	GSAN316	8
of		of		of	
SSMN119	16	SSMN219	8	SSMN319	8
Totaal 1e sem.	16	Totaal 1e sem.	8	Totaal 1e sem.	8

TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
Kode	Kt	Kode	Kt	Kode	Kt
AFRN129	16	AFRN229	8	AFRN329	8
of		AFDN221	16	AFDN321	16
EGPN129	16	of		of	
of		EGPN229	8	EGPN329	8
WIPN121	16	EDSN221	16	EDSN321	16
of		of		of	
GSAN126	16	WIPN221	8	WIPN321	8
of		WSXN221	16	WSXN321	16
SSMN129	16	of		of	
		GSAN226	8	GSAN326	8
		G SXN221	16	G SXN321	16
		of		of	
		SSMN229	8	SSMN329	8
		SVXN221	16	SVXN321	16
Totaal 2e sem.	16	Totaal 2e sem.	24	Totaal 2e sem.	24
Totaal Vlak 1	32	Totaal Vlak 2	32	Totaal Vlak 3	32
Totale kern krediete vir die program					96
Totale krediete vir die program					384

V.6.3.5 PROGRAM: INTERMEDIËRE EN SENIOR FASE (O141V)

V.6.3.5.1 Programuitkomste

Cf. V6.4.4.1.

V.6.3.5.2 Artikulasieoontlikhede en uitreepunt

- 'n Leerder wat die program voltooi het, nadat daarvoor geregistreer is met 'n graad-12 kwalifikasie, ontvang die NPOD (384 krediete) op NKR-vlak 5.
- Die NPOD verleen toegang tot die Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS).

V.6.3.5.3 Ander reëls (vgl. samestelling van program onder V6.4.5.4)

- Die program word saamgestel uit verpligte fundamentele- en keusemodules wat hieronder uiteengesit word.
- Leerders wat spesialiseer in die Intermediêre en Seniorfase verwerf 64 krediete per jaar uit die lys van verpligte modules en 64 krediete per jaar uit die lys van kernmodules (**twee** van: Afrikaans, Engels, Wiskunde, Geskiedenis).
- Die kommunikasietaal wat geskies is vir die eerste semester is outomaties die kommunikasietaal vir die daaropvolgende twee semester(s).

V.6.3.5.4 Samestelling van die program

VERPLIGTE MODULES (64kr per jaarvlak)					
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
Kode	Kt	Kode	Kt	Kode	Kt
OPAN119	8	OPAN219	8	OPAN319	8
GDSN116	8	GSUN219	8	GSUN319	8
WAPN111	8	NAUN111	8	PRSN319	8
Een van: SSCN118	8	RGLN111	8	WLRN311	8
AKPN117		EDVN219	8	EDMN319	8
ESPN119		Een van: SSCN218	8	Een van: SSCN318	8
		AKPN217		AKPN317	
		ESPN219		ESPN319	
Totaal 1e sem.	32	Totaal 1e sem.	48	Totaal 1e sem.	48
TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
Kode	Kt	Kode	Kt	Kode	Kt
OPAN129	8	WAPN221	8	WAPN321	8
GDSN126	8				
WAPN121	8	Een van: SSCN228	8	Een van: SSCN328	8
Een van: SSCN128	8	AKPN227		AKPN327	
AKPN127		ESPN229		ESPN329	
ESPN129					
Totaal 2e sem.	32	Totaal 2e sem.	16	Totaal 2e sem.	16
Totaal Vlak 1	64	Totaal Vlak 2	64	Totaal Vlak 3	64
Totale verpligte krediete vir die program					192
KERNMODULES (64 kt per jaarvlak)					
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
Kode	Kt	Kode	Kt	Kode	Kt
Twee van:		Twee van:		Twee van:	
AFRN119	16	AFRN219	8	AFRN319	8
EGPN119	16	EGPN219	8	EGPN319	8
WIPN111	16	WIPN211	8	WIPN311	8
GSAN116	16	GSAN216	8	GSAN316	8
SSMN119	16	SSMN219	8	SSMN319	8
Totaal 1e sem.	32	Totaal 1e sem.	16	Totaal 1e sem.	16

TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
Kode	Kt	Kode	Kt	Kode	Kt
Twee van:		Twee van:		Twee van:	
AFRN129	16	AFRN229	8	AFRN329	8
		AFDN221	16	AFDN321	16
of		of		of	
EGPN129	16	EGPN229	8	EGPN329	8
		EDSN221	16	EDSN321	16
of		of		of	
WIPN121	16	WIPN221	8	WIPN321	8
		WSXN221	16	WSXN321	16
of		of		of	
GSAN126	16	GSAN226	8	GSAN326	8
		GSXN221	16	GSXN321	16
of		of		of	
SSMN129	16	SSMN229	8	SSMN329	8
		SVXN221	16	SVXN321	16
Totaal 2e sem.	32	Totaal 2e sem.	48	Totaal 2e sem.	48
Totaal Vlak 1	64	Totaal Vlak 2	64	Totaal Vlak 3	64
Totale kern krediete vir die program					192
Totale krediete vir die program					384

MODULE-UITKOMSTE VAN VOORGRAADSE MODULES

Die module-uitkomste van voorgraadse programme wat in die Fakulteit Vaaldriehoek aangebied word, word hier gelys. Na elke modulekode verskyn tussen hakies die NKR-vlak, die kredietpunte, asook die beskrywende naam van die module. Die maksimumduur van die eksamenvraestel volg daarna tussen hakies.

AFRIKAANS

AFNW113 (5)(8) TAALVAARDIGHEID: AFRIKAANS (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om te demonstreeer dat basiese taalvaardighede (luister, lees, skryf en praat) aan die hand van 'n bestudering van taal-in-gebruik verwerf is; basiese akademiese taalvaardighede verwerf is.

AFNW123 (5)(16) GEVORDERDE TAALVAARDIGHEID: AFRIKAANS (3 URE)

Die leerder behoort gevorderde taalvaardighede verwerf te hê met toepassing in verskillende studieveldde (ekonomies, sosiaal en wetenskaplik).

AFNL111 (5)(8) TAAL SONDER GRENSE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die algemene aard van taal en kognisie te identifiseer en toe te pas; aan te toon dat hy/sy 'n basiese kennis het van die herkoms van taal en die funksionele aanwending van taal; die onderskeid tussen verskillende tekstipes aan te toon en verskillende tekstipes te produseer; funksionele sowel as kreatiewe tekste te ontleed, interpreteer en evalueer.

AFNW121 (5)(8) TEKS EN KONTEKS: DIE TAAL VAN TEKSTE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om aan te toon dat hy/sy die belang van die konteks, interteks en intrateks in die taalkunde kan identifiseer, beskryf en analiseer vir sover dit met teksstudie te make het (stilistiek, teksproduksie, tekstipes, konteksmerkers, koherensie); die pragmatiek as paradigma vir die studie van taal-in-gebruik te identifiseer en toe te pas; basiese begrip te toon vir die herkoms van die linguistiek as wetenskaplike dissipline.

AFNW122 (5)(8) TEKS EN KONTEKS: LITERÊRE TEKSTE EN BENADERINGS (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die letterkunde as dissipline te identifiseer en beskryf en die algemene analiseraamwerk vir letterkundestudie te kan toepas; die hoofletterkundegenrés te identifiseer en 'n basiese letterkundige analise hiervan te kan uitvoer; daardie kontekstuele aspekte wat 'n invloed op die letterkundige ontwikkeling van Afrikaans en Nederlandse tekste uitgeoefen het, te identifiseer en beskryf aan die hand van 'n periodebenadering.

AFNW211 (5)(8) INDIVIDU EN GEMEENSAP: GEMEENSAP EN TAAL (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om insig in daardie kwessies wat 'n invloed op taal uitoefen (bv. waardestelsels, ideologie, kognitiewe en sosiale faktore) aan te toon; die kognitiewe en psigolinguistiek (hoe individue taal produseer), sosiolinguistiek (hoe taal deur die breë gemeenskap gebruik word) op inleidende manier te identifiseer, analiseer en beskryf.

AFNW212 (5)(8) AFRIKAANS EN NEDERLANDS : RAAMWERKE VIR LITERATUURSTUDIE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste en om die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960.

AFNW221 (5)(8) AFRIKAANS EN NEDERLANDS: GRAMMATIKALE PERSPEKTIEWE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die domeine van die Afrikaanse grammatika te identifiseer, beskryf en analiseer.

AFNW222 (5)(16) AFRIKAANS EN NEDERLANDS: LITERÊRE HANDELINGE (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om Afrikaanse en Nederlandse dramatekste literêr en toneelmatig te analiseer en te interpreteer, om verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste, om die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960.

AFNW311 (6)(8) AFRIKAANS EN NEDERLANDS: 'N VEELHEID STEMME I- MAKRO-TAAL IN SUID AFRIKA (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om 'n oorsig oor die makro-omgewing waarin die veelheid tale in Suid-Afrika hulself bevind te gee en veeltaligheid, taaldiversiteit (spesifiek die bestaan van verskillende variëteite binne taalgroepe), kodewisseling, taalhoudings en die algemene naasbestaan van tale in SA te identifiseer, ontleed en beskryf.

AFNW312 (6)(8) AFRIKAANS EN NEDERLANDS: DIE VEELHEID STEMME II – HEDENDAAGSE POËSIE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om Afrikaanse en Nederlandse gedigte van na 1960 te analiseer, te interpreteer en te vergelyk; om poëtiese tekste en konvensies te evalueer aan die hand van verskillende kontemporêre literêre teorieë.

AFNW313 (6)(8) AFRIKAANS EN NEDERLANDS : DIE VEELHEID STEMME III - POSTKOLONIALISME (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die postkoloniale letterkunde as wêreldwye verskynsel met toespitsing op die manifestasie hiervan op Nederlandse tekste, veral postkoloniale tekste, met Suid-Afrikaanse tekste te kan vergelyk, te identifiseer, analiseer en beskryf aan die hand van toepaslike tekste.

AFNW321 (6)(8) HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE: FILM EN ROMAN (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om filmstudies en visuele geletterdheid aan die hand van toepaslike filmtekste met aandag aan die semiotiek en kinematiese kodes vanuit 'n strukturele benaderingswyse te identifiseer, analiseer en beskryf.

AFNW322 (6)(16) HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE: TEKSPERSPEKTIEWE (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om wêreldwye tendense ten opsigte van teksstudie met aandag aan die interdisiplinêre aard van taal en die eise wat aan teksproduksie, teksperspepsie en teksinterpretasie gestel word te identifiseer, analiseer en beskryf en die beginsels hieruit op toepaslike tekste toe te pas.

AFNW323 (6)(8) AFRIKAANSE EN NEDERLANDSE LETTERKUNDE : HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om Afrikaanse en Nederlandse prosatekste van na 1960 te analiseer, te interpreteer en te evalueer aan die hand van verskillende poststrukturalistiese literêre teorieë, om Afrikaanse en Nederlandse romans te kan vergelyk n.a.v. tema en styl; om selfstandige evaluering van romans te doen, om literêre teorieë te kan toepas en te evalueer.

AFRH111 (5)(16) AFRIKAANS: 'N ONDERWYSGERIGTE OORSIG OOR DIE AFRIKAANSE LITERÊRE WÊRELD (3 URE)

Die leerder behoort 'n oorsigtelike beeld van die Afrikaanse literêre wêreld te bekom; tekste binne 'n bepaalde tydvak of stroming te plaas en leerders te lei om spesifieke tekste as produkte van spesifieke strominge of tydvakke te identifiseer en waardeer; waardering te toon vir die ryke verskeidenheid binne die Afrikaanse literêre wêreld en in staat te wees om hierdie verskeidenheid binne die skoolsituasie aan leerders bekend te stel.

AFRH121 (5)(16) AFRIKAANS: ONDERWYSGERIGTE AFRIKAANSE TAALPRAKTYK (3 URE)

Die leerder behoort met behulp van relevante taalnaaslaanbronne binne die skoolsituasie taalversorging (ten opsigte van spelling, interpunksie, woordgebruik en styl) te doen en regstellings te motiveer; bewys te lewer van kennis van en waardering vir die gebruiksfunksies van Standaardafrikaans en ander variëteite van Afrikaans; leerders te lei om spesifieke uitkomst wat relevante kennis van die Afrikaanse taalkunde en die toepassingsvaardigheid daarvan vereis, te bereik.

AFRH211 (5)(16) AFRIKAANS: POËSIE EN LINGUISTIEK VIR OPVOEDERS (3 URE)

Die leerder behoort 'n oorsigtelike beeld van die Afrikaanse poësie te bekom, waardering te toon vir die ryke tematiese en verstegniese verskeidenheid daarbinne en in staat te wees om hierdie ontsluitingskundigheid te benut om leerders binne die skoolsituasie te lei tot begrip van en waardering vir 'n verskeidenheid van Afrikaanse poëtiese tekste; bewys te lewer van die kennis en insig wat ten opsigte van skoolprogramrelevante aspekte van die Afrikaanse fonetiek, fonologie, morfologie, semantiek en sintaksis bekom is; en in staat wees om sodanige (standaard) taalkundige aspekte in verskillende tekste te identifiseer en toe te pas ten einde dit vir leerders toeganklik en bruikbaar te maak.

AFRH221 (5)(16) AFRIKAANS: LITERÊRE TEKSTE IN MULTIKULTURELE PERSPEKTIEF (3 URE)

Die leerder behoort gekose (veral skoolprogramverwante) Afrikaanse tekste van verskillende genres (onder andere jeugliteratuur) as literêre kunswerke te ontsluit; leerders in die skoolsituasie te lei om literêre tekste krities te evalueer, funksionele verstegniese aspekte in tekste te kan raaksien en waardeer; bewys te lewer van kennis van en waardering vir Afrikaanse tekste vanuit en oor verskillende subkultuur binne die Afrikaanse taalgemeenskap en oor die taalvaardigheid te beskik om soortgelyke tekste binne die multikulturele taalpraktyk as leermateriaal te ontgin.

AFRH311 (5)(16) AFRIKAANS: SOSIOLINGUISTIEK VIR OPVOEDERS (3 URE)

Die leerder behoort kennis van, vaardighede ten opsigte van en waardering vir sosiaal-geïnspireerde variasie binne Afrikaans te toon ten einde in staat te wees om binne multikulturele skoolsituasies die gepastheid van registerspesifieke taalgebruiksvorms te beoordeel; asook bewys te lewer van noodsaaklike agtergrondskennis aangaande die eksterne en interne ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans en aangaande skoolverwante taalpolitiese kwessies.

**AFRH321 (5)(16) AFRIKAANS: ONDERWYSGERIGTE LITERÊR-TEORETIESE
TEKSONTSLUITING (3 URE)**

Die leerder behoort verworwe kennis oor die Afrikaanse literêre wêreld en van literêr-teoretiese aspekte te integreer ten einde literêre tekste op selfstandige wyse te ontsluit sodat leerders binne die skoolsituasie tot begrip van en waardering vir sodanige tekste gelei word; 'n geringe aantal gekose Nederlandse tekste te interpreteer sodat soortgelyke tekste binne die VOO-fase van die skoolprogram vir leerders toeganklik gemaak word.

**AFRN119 (5)(16) AFRIKAANS: DIE ONTSLUITING VAN LITERÊRE TEKSTE: 'N INLEIDING
(3 URE)**

Die leerder behoort kennis oor toepaslike literêre aspekte vir die ontsluiting van gedigte (1904-1930), kortverhale en eenbedrywe te bekom; die vaardigheid te verwerf om voorbeeldgedigte en –kortverhale, sowel as eenbedryftipes (TV-, verhoog- en radiodramas), te analiseer, begryp en waardeer; en behoort in staat te wees om soortgelyke gedigte, kortverhale en eenbedrywe te analiseer, ten einde dit binne die skoolsituasie vir leerders toeganklik te maak.

AFRN129 (5)(16) AFRIKAANS: SPELNORME BINNE DIE ONDERWYSPRAKTYK (3 URE)

Die leerder behoort kennis te bekom van universele en interne taalnorme en in staat te wees om aan die hand van relevante naslaanbronne taalversorging van outentieke leerder- en ander tekste ten opsigte van hoëfrekwensie-spellingkwessies en interpunksie te doen.

**AFRN219 (5)(8) AFRIKAANS: SEMANTIESE VERSKEIDENHEID EN ONTSLUITINGS-
TEGNIEKE (2 URE)**

Die leerder behoort kennis te bekom oor woordeboektipies en in staat te wees om sodanige naslaanbronne (veral binne die skoolsituasie) te ontgin om volledige begrip van 'n verskeidenheid tekste moontlik te maak; kennis en vaardigheid ten opsigte van skoolprogram-relevante aspekte van die Afrikaanse semantiek te bekom en in staat te wees om sodanige kennis te gebruik om verskillende tekste vir leerders toeganklik te maak; waardering te toon vir die effek van suiwer taalgebruik op effektiewe kommunikasie en op die sosiale aanvaarbaarheid van taalgebruik.

**AFRN229 (5)(8) AFRIKAANS: LITERÊRE TEKSTE: ONTSLUITINGSVAARDIGHEDE (2
URE)**

Die leerder behoort kennis oor toepaslike literêre aspekte vir die ontsluiting van poësie (1930-1960), kortverhale oor en uit verskillende Suid-Afrikaanse subkulture en moderne eenbedrywe (tragedies, komedies en klugte) te bekom; die vaardigheid te verwerf om voorbeeldtekste uit hierdie genres as literêre kunswerke te analiseer en waardeer en om leerders binne die skoolprogram te lei om relevante spesifieke uitkomst te bereik.

**AFRN319 (6)(8) AFRIKAANS: DIE ONTSLUITING VAN KOMTEMPORÊRE LITERÊRE
TEKSTE (2 URE)**

Die leerder behoort in staat te wees om voorbeeldtekste uit die kontemporêre Afrikaanse poëtieskat, roman- en dramakuns as literêre kunswerke te ontsluit en waardeer sodat hy/sy leerders binne die skoolsituasie tot insig en waardering van sulke tekste kan lei.

**AFRN329 (6)(8) AFRIKAANS: MONDELINGE EN SKRIFTELIKE STILISTIESE
VAARDIGHEID (2 URE)**

Die leerder behoort kennis te bekom van die stilistiese verskeidenheid van Afrikaans en in staat te wees om die gepastheid van verskillende styltipes binne verskillende kontekste te beoordeel en ook stilistiese vaardigheid binne 'n verskeidenheid kommunikasiesituasies kan demonstreer.

**AKPN117 (5)(8) AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: HOOFFUNKSIETAAL-
GEBRUIK IN VERSKILLENDE (KON)TEKSTE (2 URE)**

Die leerder behoort hoëfrekwensie Afrikaanse woorde korrek te spel en die spelwyse daarvan ooreenkomstig die Afrikaanse spelreëls te verklaar; taalversorging van outentieke leerdertekste te doen; die waarde van 'korrekte' taalgebruik vir effektiewe kommunikasie te begryp ten einde leerders tot sinvolle interaksie te bemagtig; verskillende betekenisgebruike van Afrikaanse woorde te begryp en vir leerders toeganklik te maak; uitgebreide kennis oor hoëfrekwensie-woordgebruiksfoute te hê ten einde in staat te wees om die funksies en effektiewe gebruik van Standaardafrikaans aan leerders te kan oordra.

**AKPN217 (5)(8) AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: AFRIKAANS IN SKOOL-
KONTEKS EN IN GESKREWE VORM (2 URE)**

Die leerder behoort bewys te kan lewer van kundigheid en vaardigheid ten opsigte van die taalgebruik in verskillende vak- en leerareaspesifieke kontekste (registers en style) en binne skoolkommunikasiesituasies (ouer teenoor onderwyser, vergadering- en verslagtaal) oor die verlangde kommunikasievaardighede in Standaardafrikaans beskik om leerders te lei om die spesifieke uitkomst van die leerarea Taal, Geletterdheid en Kommunikasie te bereik; kennis te dra van gepaste skryfstyl vir verskillende kontekste en in staat te wees om hierdie kennis, sowel as ander verworwe taalkennis, by die uitvoering en beoordeling van leerderskryfopdragte toe te pas.

**AKPN227 (5)(8) AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: AFRIKAANS IN SKOOL-
KONTEKS EN IN GESKREWE VORM (2 URE)**

Die leerder behoort bewys te kan lewer van kundigheid en vaardigheid ten opsigte van die taalgebruik in verskillende vak- en leerareaspesifieke kontekste (registers en style) en binne skoolkommunikasiesituasies (ouer teenoor onderwyser, vergadering- en verslagtaal) oor die verlangde kommunikasievaardighede in Standaardafrikaans beskik om leerders te lei om die spesifieke uitkomst van die leerarea Taal, Geletterdheid en Kommunikasie te bereik; kennis te dra van gepaste skryfstyl vir verskillende kontekste en in staat te wees om hierdie kennis, sowel as ander verworwe taalkennis, by die uitvoering en beoordeling van leerderskryfopdragte toe te pas.

**AKPN317 (5)(8) AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: EFFEKTIEWE
KOMMUNIKASIE IN AKADEMIESE EN LITERÊRE AFRIKAANS (2 URE)**

Die leerder behoort verskillende literêre tekste (insluitende jeugliteratuur) en nie-literêre tekste te beoordeel volgens die kommunikatiewe effektiwiteit van die spesifieke variëteit, register en styl wat die skrywer gebruik het; die verskille ten opsigte van literêre en nie-literêre taalgebruik te identifiseer en die kommunikatiewe waarde of funksie daarvan te begryp; bewys te lewer van grondige kennis van en vaardigheid ten opsigte van die Afrikaanse akademiese register (wetenskaplike formuleringswyse, logiese beredeneringslyn, registerspesifisiteit en bibliografiese styl) wat vir die strukturering van referate of artikels vereis word.

**AKPN327 (5)(8) AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: EFFEKTIEWE
KOMMUNIKASIE IN AKADEMIESE EN LITERÊRE AFRIKAANS (2 URE)**

Die leerder behoort verskillende literêre tekste (insluitende jeugliteratuur) en nie-literêre tekste te beoordeel volgens die kommunikatiewe effektiwiteit van die spesifieke variëteit, register en styl wat die skrywer gebruik het; die verskille ten opsigte van literêre en nie-literêre taalgebruik te identifiseer en die kommunikatiewe waarde of funksie daarvan te begryp; bewys te lewer van grondige kennis van en vaardigheid ten opsigte van die Afrikaanse akademiese register (wetenskaplike formuleringswyse, logiese beredeneringslyn, registerspesifisiteit en bibliografiese styl) wat vir die strukturering van referate of artikels vereis word.

ANTK111 (5)(8) AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (NM): LAEFUNKSIE-KOMMUNIKASIE IN VERSKILLENDE SITUASIES (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om gesproke Afrikaans in verskillende sosiale situasies te verstaan en sinvol daarop te reageer; elementêre Afrikaanse tekste met begrip te lees en die woordeboek vir die ontsluiting van meer gevorderde tekste te gebruik; in Afrikaans op neutrale en emotiewe kommunikatiewe stimuli te reageer; Afrikaanse sinsboutegnieke in 'n verskeidenheid skryfstukke toe te pas en kultuur-spesifieke agtergrondkennis in multikulturele skoolsituasies te benut.

ANTK211 (5)(8) AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (NM): NIE-MOEDERTAAL AFRIKAANS IN SKOOLKONTEKS (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om in 'n klaskamersituasie (en binne ander sosiale situasies) sinvolle dialoë oor 'n verskeidenheid skoolprogramverwante onderwerpe te voer; verworwe woordeboekvaardighede en verskillende leestegnieke te benut om 'n verskeidenheid Afrikaanse tekste te verstaan; kerngedagtes te identifiseer en saam te vat; tussen feite en menings en tussen geldige afleidings en veralgemenings te onderskei; persoonlike sienings te motiveer en hoë-frekwensiespellingkwessies te hanteer.

ANTK321 (5)(8) AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (NM): HOËFUNKSIE-AFRIKAANS VIR NIE-MOEDERTAALSPREKERS (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om meer abstrakte tekste met selfvertroue te ontsluit deur die benutting van verskillende stilleestegnieke en relevante naslaanbronne; in staat te wees om kruiskurrikulêre vraesteltypevrae te interpreteer; effektiewe akademiese taalgebruik in relatief eenvoudige tekste met vertroue te hanteer en wetenskaplike formulering van populêre taalgebruik te onderskei.

ADMINISTRASIE (ONDERWYS – GRONDSLAGFASE)

AGDN 211 (5)(8) ADMINISTRASIE EN ORGANISASIE IN DIE GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort kennis en vaardigheid te toon van skoolgereedheid, persepsie en organisasie en administrasie in die Grondslagfase.

AGDN221 (5)(16) VOORBEREIDING VIR GELETTERDHEID EN NUMERIESE GELETTERDHEID (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op skoolgereedheid, perseptuele ontwikkeling en handskrif in die grondslagfase betrekking het, beskik.

AGDN321 (5)(16) ADMINISTRASIE EN ORGANISASIE VIR GELETTERDHEID EN NUMERIESE GELETTERDHEID (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die administrasie en organisasie van die grondslagfase, en op die noodsaaklike gesondheids-aspekte betrekking het, beskik.

BEDRYFSREKENINGKUNDE

BRKP211 (6)(16) KOSTEBEGRIPPE, –ELEMENTE EN –STELSELS (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om te onderskei tussen bedryfsrekeningkunde, bestuursrekeningkunde en finansiële rekeningkunde en al die kostebegrippe en -konsepte van

toepassing by bedryfs- en bestuursrekeningkunde te definieer; die koste-elemente, naamlik materiaal, arbeid en bokoste, by vervaardigingsondernemings te hanteer deur die toerekening en teboekstelling van elk; aktiwiteitsgebaseerde kosteberekening te verstaan en implementeer; koste- en inkomstestate voor te berei; 'n taakkostestelsel te ontwerp en 'n algemene grootboek te rekonstrueer; asook 'n proseskostestelsel te implementeer.

BRKP221 (6)(16) KOSTEGEDRAG EN BESLUITNEMINGSTEGNIEKE (3 URE)

Die leerder behoort die tegnieke toe te pas om gemengde koste te skei in vaste- en veranderlike komponente en 'n kosteskatting te doen; die verwantskap tussen koste, volume en wins te verstaan en toe te pas in besluitneming; die verwantskap tussen koste, volume en wins te hanteer by ondernemings met meer as een soort produk en relevante inligting te hanteer en die relevante kostebeginsels toe te pas by besluitneming; tegnies-gemeenskaplike koste toe te deel by medeprodukte en byprodukte asook besluitneming rakende verdere verwerking te boek te stel; diensdepartemente se koste toe te deel na produksiedepartemente deur van geskikte toedelingsmetodes gebruik te maak; en lineêre programmering toe te pas as 'n tegniek vir besluitneming in organisasies.

BRKP311 (6)(16) BESTUURSREKENINGKUNDE: BEPLANNING EN BEHEER (3 URE)

Die leerder behoort 'n ontleding van gemengde koste te doen deur van ten minste drie metodes vir koste-ontleding gebruik te maak, en om 'n koste-skatting vir verskeie aktiwiteitsvlakke te doen; sy/haar siening ten opsigte van beplanning en verkwisting in die onderneming te bespreek; vertrou te wees met die eienskappe waarvoor 'n bestuursrekenmeester moet beskik ten einde te beantwoord aan 'n etiese kode; 'n meesterbegroting op te stel vir beide vervaardigings- en nie-vervaardigingsondernemings en die gebruik van begrotings as deel van die beplanningsproses binne die onderneming te bespreek; gebruik te maak van veranderlike begrotings vir die doeleindes van kostebeheer in ondernemings, om afwykings volgens oorsake te bepaal en die prestasie van die onderneming te evalueer; standaardkoste vir die doeleindes van kostebeheer binne ondernemings te kan toepas, sowel as afwykings te ontlee vir materiaal, arbeid en bokoste, sowel as die prestasie van die onderneming te evalueer en aanbevelings te maak; verslaggewing te doen deur beide 'n veranderlike koste en 'n absorpsiekoste benadering te volg, asook die oorskakeling van een benadering na 'n ander te doen en verskil in winste tussen die benaderings te rekonsilieer; segmentele verslaggewing te doen en oordragprysbepaling te doen.

BRKP321 (6)(16) BESTUURSREKENINGKUNDE: BESLUITNEMING EN FINANSIËLE BESTUUR (3 URE)

Die leerder behoort vertrou te wees met rentmeesterskap en die maksimering van aandeelhoudersbelang; vertrou te wees met langtermyn finansiering binne die onderneming sowel as die bronne van langtermyn en korttermyn finansiering; in staat te wees om die bestaande kapitaalstruktuur te evalueer; die optimale kapitaalstruktuur van die onderneming te bepaal sowel as die koste van kapitaal te bereken; kapitaalinvesteringsalternatiewe te oorweeg, evaluering daarvan te doen en aanbevelings te maak; relevante inligting te gebruik vir die doeleindes van besluitneming in die onderneming; vertrou te wees met die bestuur van bedryfskapitaal sowel as om die prysbepaling van produkte en dienste te doen.

BEDRYFSIELKUNDE

BSKP111 (5)(8) INLEIDING TOT DIE BEDRYFSIELKUNDE (2 URE)

Die leerder behoort kennis van en insig in die kerngebiede van die Bedryfsielkunde en die loopbaanvooruitsigte, rolle, funksies en bevoegdhede van geregistreerde beraders en sielkundiges te toon; kennis van en insig in organisasies as die studieterrrein van Bedryfsielkunde te toon; kennis van en insig in die fisiologiese basis van gedrag te

demonstreer (insluitend die senuweestelsel, die endokriene stelsel en genetiese faktore), die kognitiewe basis van gedrag (intelligensie, taal, denke, kondisionering, leer en geheue), die konatiewe basis van gedrag (motivering en houdings) en die affektiewe basis van gedrag (emosies, bui en gevoelens) en kennis en insig toe te pas om die gedrag van individue in die werkskonteks te verstaan, te verklaar en te voorspel.

BSKP151 (5)(8) BEROEPSGESONDHEID (2 URE)

Die leerder behoort die aard en belangrikheid van 'n veilige, gesonde werksomgewing en 'n werksomgewing wat die kwaliteit van werkslewe van werknemers verhoog, te ken en verstaan; insig te toon in die probleme wat werknemers ten opsigte van veiligheid, gesondheid en kwaliteit van werkslewe ervaar; maniere waarop organisasies te werk gaan om 'n veilige en gesonde werksomgewing te verseker en kwaliteit van werkslewe te verseker te ken en verstaan; die belangrikste bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid te ken en verstaan, asook die rol wat NOSA (*National Occupational Safety Association of South Africa*) speel betreffende die handhawing van 'n veilige en gesonde werksomgewing, te ken.

BSKP161 (5)(8) DIVERSITEIT IN WERKSKONTEKS (2 URE)

Die leerder behoort verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en verstaan; die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en verstaan; die uitwerking van stereotipes, vooroordeel en assimilasie op 'n diverse werksplek te ken en verstaan; die waarde van 'n diverse werksmag te motiveer; verskillende programme wat gebruik kan word om diversiteit te bestuur (bv. regstellende aksie, gelyke geleentheid) te evalueer; die rol van mensehulpbron-praktisyns in die ontwikkeling en implementering van beleid wat werknemers teen onregverdig diskriminasie beskerm te verstaan; kennis van die primêre beginsels van die Suid-Afrikaanse Grondwet en ander toepaslike wetgewing ten opsigte van die bestuur van diversiteit te demonstreer.

BSKP211 (5)(16) PERSONEELSIELKUNDE (3 URE)

Die leerder behoort die aard, waarde en funksies van mensehulpbron-bestuur en die uitdagings te ken en verstaan; kennis en insig te demonstreer met betrekking tot posontleding, mensehulpbron-beplanning, werwing, keuring, vergoeding, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur, en vaardighede te gebruik om programme hierin in organisasies te implementeer; kennis en vaardighede toe te pas om programme in mensehulp-bronbestuur saam te stel en te evalueer.

BSKP251 (5)(8) BEROEPSIELKUNDE (2 URE)

Die leerder behoort die teoretiese onderbou en aard van die beroepsielkunde te ken en verstaan; die aard van loopbaandinamiek, waarin daar konstante interaksie bestaan tussen die individu wat 'n beroep beoefen en sy/haar werk/werkgewer/ organisasie en die rol wat loopbaan(self)bestuur in hierdie verband speel te ken en verstaan; die maniere waarop 'n individu sy of haar loopbaan en ander se loopbane effektief bestuur te ken en verstaan en hierdie kennis toe te pas om eie loopbaanselfbestuur te verstaan.

BSKP261 (5)(8) PSIGOPATOLOGIE IN WERKSKONTEKS (2 URE)

Die leerder behoort gedragsafwykings te ken, identifiseer en klassifiseer; die etiologie van gedragsafwykings te verstaan; die optrede van individue wat afwykende gedrag toon (in terme van die psigodinamika) te ken en verstaan, asook hul prognose en hoe hierdie gedrag funksionering in die werksplek kan beïnvloed; sensitiwiteit te ontwikkel om in staat te wees om mense wat psigologiese afwykings het te hanteer deur besprekings en konsultasies; te verstaan wanneer individue vir professionele hulp (bv. psigoterapie) verwys moet word; eie gedrag wat angs veroorsaak te ken en verstaan.

BSKP311 (6)(16) ORGANISASIESIELKUNDE (3 URE)

Die leerder behoort die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van organisasiegedrag, stres, motivering, werkstevredenheid, leierskap, groepsgedrag, organisasiepolitiek, konflik, besluitneming, kommunikasie en organisasie-ontwerp te ken en verstaan; sensitiviteit te ontwikkel vir individuele, groep en organisasieprobleme op nasionale en internasionale vlak; vaardighede te demonstreer om individuele, groep en organisasie-probleme of geleenthede te diagnoseer en ingrype te doen of te verwys na ander professionele persone; individue en groepe te fasiliteer en/of adviseer oor relevante partye ten opsigte van oplossings; die aard en dinamika van organisasieklimaat en –kultuur te ken en verstaan; die bevoegdheide van 'n organisasie-ontwikkelingskonsultant te ken en verstaan; veranderinge wat individue, groepe en organisasies beïnvloed te identifiseer; die bestuur van verandering te ken en verstaan; vaardighede te gebruik om 'n organisasiediagnose te doen; elementêre organisasie-ontwikkelingsintervensies te ken en verstaan.

BSKP351 (6)(8) PSIGOMETRIKA (2 URE)

Die leerder behoort psigometriese meting, asook die etiek en vereistes daarvan te ken en verstaan; kennis te demonstreer van die toepassing van psigometriese tegnieke; verskillende psigometriese tegnieke te evalueer en tegnieke te kies wat billik in 'n gegewe situasie gebruik kan word; die aard en meting van intelligensie, aanleg, belangstelling en persoonlikheid te ken en verstaan; vaardighede te gebruik om aanleg, belangstellings en persoonlikheid te bepaal; protokolle te interpreteer en verslae te skryf oor die resultate van die meetinstrumente.

BSKP361 (6)(8) NAVORSINGSMETODOLOGIE (2 URE)

Die leerder behoort 'n navorsingsmodel te ken en verstaan; die fokusareas van navorsing by die PU vir CHO te ken en verstaan; vaardighede te gebruik om 'n elementêre navorsingsvoorstel te skryf; die vereistes van 'n literatuurstudie (insluitend publikasieriglyne) te ken en te verstaan en vaardighede te gebruik om 'n literatuurstudie vir 'n elementêre navorsingsprojek te skryf; navorsingsontwerpe, steekproeftrekking en oorwegings rakende die betroubaarheid en geldigheid van navorsing te ken en verstaan; vaardighede te gebruik om 'n elementêre navorsingsprojek te onderneem en 'n verslag daaroor te skryf.

BEDRYFSOSIOLOGIE

BSOP111 (5)(8) INLEIDING TOT DIE BEDRYFSOSIOLOGIE (2 URE)

Die leerder behoort kennis en insig te toon in die bestudering van Bedryfsosiologie en in die feit dat werknemers, onderneming(s)/organisasie(s) waar hy/sy werksaam is, asook die aandeelhouers van die onderneming(s)/organisasie(s) ook inskakel by verskillende tipes gemeenskappe; gevolglik die verantwoordelikheid en die interafhanklikheid van die onderneming(s)/organisasie(s) en die gemeenskap te verstaan.

BSOP151 (5)(8) SOSIALE PATOLOGIE (2 URE)

Die leerder behoort kennis en insig in sosiale patologie in werkkontekste te toon en hierdie kennis toe te pas in die oplossing van sosiale probleme; kennis en insig te toon met betrekking tot (die) seisoenwerker(s) en sy/haar/hulle gesin(ne), ontspanning en werk en die gevolge van multikulturele omstandighede in die werksituasie; die interaksie tussen die onderneming en die gemeenskap te ken en verstaan.

BSOP161 (5)(8) SOSIALE VERANDERING (2 URE)

Die leerder behoort sy/haar kennis van en insig in sosiale verandering aan te wend om sodanige veranderinge in 'n onderneming/organisasie doelmatig te bestuur.

BSOP211 (5)(16) BEROEPSOSIOLOGIE (3 URE)

Die leerder behoort die uitdagings wat beroepe aan mense stel, die motivering om te werk, die konflik tussen beroepe, rolteorie en hoe organisasiestruktuur die onderneming/organisasie kan beïnvloed, te ken en verstaan; kennis van en insig in stratifikasie, mobiliteit en die werking van ondernemings/organisasies op verskillende vlakke te toon; kennis te dra van demografiese tendense en hoe dit 'n invloed op beroepsgegesondheid en veiligheid kan uitoefen.

BSOP221 (5)(16) GROEPSDINAMIKA (3 URE)

Die leerder behoort die studieterrein van groepdinamika, die struktuur en funksies van kleingroepe en die belangrikheid daarvan vir die individu te ken en verstaan; groepkommunikasie, groepkohesie, taakgroepe en die belangrikheid daarvan vir kleingroepe en die ontwikkeling van groepdinamika te verstaan.

BSOP311 (6)(16) TEORIE EN PRAKTYK VAN ARBEIDSVERHOUDINGE (3 URE)

Die leerder behoort insig en kennis te toon van arbeidsverhouding-begrippe, modaliteite wat arbeidsverhouding reguleer; tripartitiese verhoudings, industriële demokrasie, deelname en verteenwoordiging, ontwikkeling van arbeidsverhouding in Suid-Afrika, wetgewing, vakbonde, kollektiewe bedinging en hoe dit die werksomgewing beïnvloed; die dinamiek van stakings, redes vir stakings, werkersverteenvoording op ondernemingsvlak deur forums en toekomstige arbeidsverhoudingontwikkeling te ken; kennis te toon van hoe om arbeidsverhouding effektief te bestuur in die onderneming.

BSOP321 (6)(16) BESTUUR VAN ARBEIDSVERHOUDINGE (3 URE)

Die leerder behoort kennis en insig te toon van die studieterrein van arbeidsverhouding, die struktuur en funksies van arbeidsverhouding in Suid-Afrika, praktiese implementering van arbeidsverhouding in organisasies, kollektiewe bedinging op ondernemingsvlak, onderhandeling met vakbonde en werkerdeelname; kennis en vaardighede te toon deur 'n arbeidsverhoudingprogram te implementeer in 'n onderneming.

BEWEGINGSKUNDE

BWKH131 (5)(8) BEWEGINGSKUNDE: KRIEKETAFRIGTING (2 URE)

Die leerder moet kundigheid, 'n verantwoordelike sin en toepaslike kundigheid en vaardighede demonstree in die afrigting van krieket.

BWKH 141 (5)(8) BEWEGINGSKUNDE: TOEGEPASTE ANATOMIE EN FISIOLOGIE (2 URE)

Die leerder moet kennis en insig demonstree met betrekking tot die teoretiese aspekte van die skelet- en spierstelsel; die fisiologiese onderbou van geselekteerde liggaamstelsels asook die fiksheidskonsep soos van toepassing op die studieveld van Bewegingskunde en verbandhoudende implikasies daarvan vir die onderwyspraktik aan te toon en toe te pas.

BWKH151 (5)(8) BEWEGINGSKUNDE: DIE GRONDSLAG EN ONTWIKKELING VAN BEWEGINGSKUNDE EN SPORT (2 URE)

Die leerder moet kennis en insig demonstree betreffende die prinsipiële begroning en historiese ontwikkeling van die vakterrein asook vaardigheid toon in die beredenering van relevante temas wat gerugsteun word deur gemotiveerde standpunte.

BWKH161 (5)(8) BEWEGINGSKUNDE: KRIEKETSKEIDSREGTERSAP (2 URE)

Die leerder moet kennis en begrip toon van die amptelike krieketreëls en bewys lewer van die vaardighede om die reëls in 'n wedstrydsituasie toe te pas.

BWKH231 (5)(8) BEWEGINGSKUNDE: EVALUERING EN OEFENKUNDE (2 URE)

Die leerder moet kundigheid en vaardigheid demonstreer in die beginsels van oefenkunde asook die problematiek in verband met die evaluering, toetsing en meting van bewegingsaktiwiteite as deel van die skoolprogram.

BWKH241 (5)(8) KRIEKETAFRIGTING (2 URE)

Leerders moet bewys lewer van 'n teoretiese onderbou en vaardigheid deur praktiese deelname en aanbidding van kreatiewe en funksionele afrigtingsmetodes vir krieketspelers.

BWKH251 (5)(8) BEWEGINGSKUNDE: INLEIDING TOT SPORTSIELKUNDIGE ASPEKTE EN SPORTBESTUUR (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van 'n teoretiese onderbou en insig in die waarde van 'n sportpsigologiese benadering vir die afrigter en die toepassing van moderne sportbestuurbeginsels vir die onderwyspraktyk.

BWKH261 (5)(8) BEWEGINGSKUNDE: BEWEGINGSAKTIWITEITE – SPORTVAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kundigheid en vaardigheid deur praktiese deelname aan aanbidding van 'n verskeidende sport- en spelevaardighede insluitend temas soos: die sosialisering deur spele-deelname, beginsels by die aanbidding van 'n speleprogram, fisieke kondisionering in spele-verband, toepaslike gedragskodes, vaardigheidsontwikkeling en optrede tydens die voorkoms van beserings.

BYBELKUNDE**BYBL111 (5)(8) INLEIDING TOT DIE BYBEL EN DIE BYBELSE WÊRELD (2 URE)**

Die leerder behoort 'n eie geldige standpunt te formuleer oor die plek, unieke aard en gesag van die Ou- en Nuwe Testament (as deel van die Bybel); te verduidelik hoe die Ou- en Nuwe Testament ontstaan het (insluitend kanoniserings) en die teks daarvan deur die eeue behou gebly het; die rangskikking van die Ou- en Nuwe-Testamentiese boeke in groepe (volgens literatuursoorte) te verduidelik; die belangrikste literatuursoorte van die Ou en Nuwe Testament te identifiseer en te beskryf; 'n oorsig oor die geskiedenis van Israel soos beskryf in die Ou Testament te kan weergee; 'n oorsig te hê van die geskiedenis wat in die Nuwe Testament beskryf word.

BYBL121 (5)(16) DIE INTERPRETASIE VAN DIE EVANGELIES (3 URE)**Afdeling 1: Openbaringsgeskiedenis van die vier Evangelies**

Die leerder behoort sy/haar insig weer te gee van die openbaring van God in die vier Evangelies, 'n oorsig te gee oor die openbare optrede van Jesus Christus.

Afdeling 2: Die Sinoptiese Evangelies

Die leerder behoort die inhoud van die Sinoptiese Evangelies weer te gee; die Sinoptiese vraagstuk te beredeneer; die Sinoptiese Evangelies op wetenskaplike manier te verklaar.

BYB211 (5)(16) INLEIDING TOT INTERPRETASIE (OT) EN DIE PENTATEUG (3 URE)

Afdeling 1: Inleiding tot interpretasie

Die leerder behoort die beginsels en metodes vir die interpretasie van die Ou Testament te evalueer; 'n gedeelte uit die Ou Testament te kan interpreteer met gebruikmaking van 'n verantwoorde metodiek; die basiese beginsels van die tekskritiek van die Ou Testament te verduidelik en toe te pas.

Afdeling 2: Die Pentateug

Die leerder behoort verhalende stof en wette te interpreteer; die ontstaan, agtergrond en boodskap van die Pentateug as geheel en die afsonderlike boeke te bespreek; die Ou-Testamentiese wêreld binne die konteks van die tweede millennium voor Christus te beskryf; die basiese besonderhede van die Geografie van die Ou Nabye Ooste te bespreek en aan te dui wat die belang daarvan is vir die bestudering van die Ou Testament.

BYBL221 (5)(24) NT: BREËRE KONTEKS; GESKRIFTE VAN PAULUS EN JOHANNES (3 URE)

Afdeling 1: Openbaringsgeskiedenis en Algemene Kanoniek

Die leerder behoort op wetenskaplike wyse prinsipiële standpunt in te neem oor formele, empiriese en historiese aspekte in verband met die Bybel as Kanon; op wetenskaplike wyse prinsipiële standpunt in te neem oor alle aspekte rakende die gesag van die Kanon, en om ander standpunte op geldige wyse te beoordeel; die Teologiese wetenskap in sy historiese ontwikkeling, met inbegrip van die ontwikkeling van die vak Openbaringsgeskiedenis, te plaas en te evalueer; die vak Openbaringsgeskiedenis te definieer en die keuse van die naam Openbaringsgeskiedenis as vaknaam te beoordeel en teen ander vakbenaminge op te weeg; vanuit eksegetiese materiaal die begrippe *Evangelie* en *Koninkryk van God* openbaringshistories vanuit die Nuwe Testament sistematies te beskryf en die plek daarvan in die Godsopenbaring te definieer; vanuit eksegetiese materiaal die Godsname wat in die Nuwe Testament voorkom te identifiseer en sistematies te beskryf.

Afdeling 2: Pauliniese briewe: 1 & 2 Tessalonisense, Galasiërs, Romeine en die Pastorale Briewe

Die leerder behoort hom/haar oor prinsipiële en praktiese aangeleenthede met betrekking tot Romeine, Galasiërs, 1 & 2 Tessalonisense en die Pastorale Briewe op wetenskaplik-noukeurige, prinsipiële-verantwoorde en geldige wyse te verantwoord; om genoemde Pauliniese Briewe te verklaar met die oog op die gereformeerde Woordbediening vandag; om eksegetiese materiaal sistematies te orden met die oog op die beskrywing van die openbaring in die Nuwe Testament oor 'n saak; en om hom/haar te verantwoord oor morele aansporing in die eerste eeu en om hierdie data in die eksegeese te verdiskonteer.

Afdeling 3: Johannese geskrifte

Die leerder behoort 'n prinsipiële gegronde en wetenskaplik verantwoordbare standpunt te formuleer oor die Besondere Kanoniek van onderskeidelik die Johannes-evangelie, die drie Johannese briewe en die boek Openbaring; 'n prinsipiële gegronde en wetenskaplik verantwoordbare standpunt te formuleer oor die teologiese (openbaringshistoriese) betekenis van elk van hierdie Johannese geskrifte; om, met hulpmiddels, verklaring en hermeneuse van geselekteerde tekste uit hierdie Johannese geskrifte te doen.

BYBL311 (6)(24) INTERPRETASIE VAN LITERATUURSOORTE IN DIE OT (3 URE)

Afdeling 1: Interpretasie van verhalende stof: die vroeë profete

Die leerder behoort verhalende stof in die Ou Testament te interpreteer, toegespits op Josua, Rigters, Samuel en Konings; die ontstaan, agtergrond, boodskap en doel van die

Deuteronomistiese Geskiedwerk as geheel en die afsonderlike boeke te bespreek; historiese benaderings tot die interpretasie van die Ou Testament te evalueer; die begrippe Openbaringsgeskiedenis-Heilsgeskiedenis-Geskiedenis-Eskatologie te definieer en die onderlinge verhouding te verduidelik; die geskiedenis van Bybelse Argeologie (toegesps op die Ou Testament) te bespreek en die belang daarvan vir die bestudering van die Ou Testament te verduidelik.

Afdeling 2: Interpretasie van profetiese literatuur

Die leerder behoort profetiese literatuur te interpreteer; die ontstaan, agtergrond en boodskap van die profetiese boeke te verduidelik; profesie en profetisme in Israel en die Ou Nabye Ooste te bespreek; die sosiale organisasie in ou Israel te bespreek en die belang daarvan vir die interpretasie van die Ou Testament te verduidelik.

Afdeling 3: Interpretasie van digterlike en wysheidsliteratuur

Die leerder behoort digterlike en wysheidsliteratuur te interpreteer; die ontstaan, agtergrond en boodskap van die digterlike en wysheidsboeke te bespreek; literêre benaderings tot die Ou Testament te evalueer; poësie en wysheid in Israel en die Ou Nabye Ooste te bespreek.

BYBL321 (6)(32) INLEIDING TOT ENKELE TEOLOGIESE VAKGEBIEDE (3 URE)

Afdeling 1 (8 kr): Menseregte

Die leerder behoort die konsep van menseregte soos uitgedruk in die gedagte van 'n regstaat te verstaan; die begrip menseregte Christelik te fundeer; die universele verklaring van menseregte eties te beoordeel; individuele voorgestelde menseregte eties te beoordeel; menseregteskendings eties te beoordeel.

Afdeling 2 (8 kr): Sending as Afrika-inisiatief

Die leerder behoort die belangrikste ideologië van ons tyd met mekaar te vergelyk en te evalueer; die verskil tussen 'n magiese en 'n religieuse lewensbeskouing te bespreek; die stand van die godsdienste tans in die wêreld te beskryf; die missionêre gemeente te omskryf en sy funksionering te bespreek; die verhouding tussen die sigbare en onsigbare dimensies van die eenheid van die kerk te bespreek en die betekenis daarvan vir die kerke in Suid-Afrika aan te dui; die bydrae van die Afrika-Christendom tot wêreldsending te beskryf; sentrale temas in die Christelike Afrika-teologie te verduidelik.

Afdeling 3 (8 kr): Inleiding tot die Dogmatiek

Die leerder behoort die teologie (dogmatiek) van Calvyn in die besonder en van die Reformasie in die algemeen te ekspliseer en te evalueer; om die vraag wie die lewende God is (Skepper en Onderhouer) persoonlik te beantwoord en te waardeer; die vraag hoe die mens tot kennis van God kan kom (nl. deur die Woord van God) te begryp en aan te wend; die vraag na wie en wat die mens is (geskape na die beeld van God maar ook gevalle sondaar) te definieer en te waardeer; die vraag na die persoon en werk van Christus (sy twee state, twee nature en drie ampte) te verstaan en toe te eien; die vraag na die persoon en werk van die Heilige Gees te begryp en toe te pas; die vraag na wat met "Christelike lewe" bedoel word, te beantwoord en persoonlik te realiseer; die vraag na die toekomstige dinge (die eskatologie) te begryp en te implementeer; die vraag na wie en wat die kerk is asook wat onder "sakramente" verstaan word, te begryp en toe te pas; die onderskeid tussen kerk en staat aan te toon asook om hulle onderlinge verhouding te definieer.

Afdeling 4 (8 kr): Inleiding tot teologiese hermeneutiek

Die leerder behoort hermeneutiese uitsprake en eksegetiese resultate op grond van basiese aspekte van die Gereformeerde Teologiese Hermeneutiek te evalueer, en daarmee in gesprek te tree. Dit hou in dat die leerder in staat moet wees om die volgende te bespreek: die terrein

en aard van die Bybelwetenskappe; inleidende teoretiese aspekte met betrekking tot eksegetiese en hermeneutiek; die betekenis en toepassing van die Bybel; die geskiedenis van Bybelinterpretasie, asook huidige tendense in hierdie verband.

ONDERWYSBESTUUR

EDMN319 (5)(8) OPVOEDINGSBESTUURSONTWIKKELING (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op opvoedingsbestuursontwikkeling binne 'n kwaliteitsversekerings-raamwerk betrekking het, beskik, sodat hy/sy in staat kan wees om skoolontwikkelingsplanne met goeie gevolg te voltooi; begrip hê vir die wyse waarop, aan die hand van 'n konsultatiewe proses te werk gegaan word om visie- en missiestellings aan te wend sodat skoolgemeenskappe optimaal kan funksioneer en effektiwiteit verseker kan word; skoolontwikkeling op volledige manier bestudeer en aandag gee aan indikatore aan die hand waarvan verandering in skole gemeet en bestuur kan word (kwaliteitsversekeringsraamwerke, skoolontwikkelings-beplanning, kernwaardes in belanghebbendes by skoolgemeenskappe en die nuwe opvoedingsparadigma sal ook aandag kry).

OBTK511 (5)(16) ONDERWYSBESTUURSTAKE (3 URE)

Die leerders sal in staat wees om: kennis en begrip te demonstreer met betrekking tot die onderwyser as leier en die bestuursplan in die implementering van onderwysbeleid en die ontwikkeling van 'n skoolbeleid met inagneming van alle belanghebbendes; die basiese kennis en begrip vir die bestuurstake van die onderwysleiers met betrekking tot beplanning, besluitneming, koördinerende en beheer in die konteks van 'n deelnemende en demokratiese skool milieu waar alle belanghebbendes betrek word, te demonstreer; kennis, begrip en vaardighede kan demonstreer ten opsigte van die kommunikasieproses en die impak daarvan op die verhouding met die gemeenskap sowel as individuele verhoudings binne die skool; kennis en begrip te demonstreer van eksterne sowel as interne faktore wat motivering en demotivering van die onderrigter beïnvloed.

OSRK511 (5)(16) ONDERWYSORGANISASIES (3 URE)

Die leerders sal in staat wees om: basiese vermoëns te demonstreer in die analisering en toepassing van geselekteerde onderwysbestuursmodelle en benaderings, met besondere verwysing na die bestuurstaak-area model; kennis te demonstreer ten opsigte van die nasionale en internasionale bestuurspraktyke met betrekking tot onderwysbestuursontwikkeling van senior personeel in die onderwysstelsel; 'n basiese kennis en begrip te demonstreer van die skool as 'n organisasie, die eienskappe van die skool as 'n organisasie en die toepassing van verskillende standpunte van die skool as 'n organisasie, asook die evaluering van hierdie standpunte vanuit 'n transedentaal-kritiese oogpunt; elementêre kennis en begrip van die skoolklimaat en -kultuur, die vestiging en die fasilitering daarvan, die bestuur van verandering en die bevordering van die kwaliteit van werke van opvoeders te demonstreer, 'n basiese teoretiese kennis van die funksionering van die komponente van die onderwysstelsel binne die konteks van beïnvloedende determinante in die eerste en derde wêreld te demonstreer ten einde die eie en ander onderwysstelsels te vergelyk.

OBAK511 (5)(16) ONDERWYSBESTUURSAREAS (3 URE)

Die leerders sal in staat wees om: kennis te demonstreer en toe te pas van menslike hulpbronnbestuur, met verwysing na personeelseleksie en -plasing, induksie en evaluering vir die doel van personeelontwikkeling; kennis te demonstreer van die wetlike vereistes vir die hantering en generering van skoolfinansies en om die begroting as bestuursinstrument toe te pas; kennis te demonstreer van die wetlike vereistes vir die hantering en generering van skoolfinansies en om die begroting as bestuursinstrument toe te pas; kennis te demonstreer

van die rol van statutêre en nie-statutêre liggame in die insameling, hantering en generering van skoolfinansies.

ORGK521 (5)(16) ONDERWYSREG (3 URE)

Die leerder sal in staat wees om: elementêre kennis te demonstreeer by die gebruik en toepassing van verskillende bronne van onderwysreg; kennis te demonstreeer van die juridiese grondslag vir onderwysgesag, sorgsame toesighouding en die in loco parentis-rol van die opvoeder, oerbetrokkenheid by die skool; kennis te demonstreeer van die onderskeie regte en pligte van die opvoeder en die Onderwysdepartement in die werksituasie.

EKONOMIE

EKIP211 (6)(16) INTERNASIONALE HANDEL (3 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om die ontwikkeling van internasionale handel vanaf merkantilisme tot die moderne handelsteorieë te verduidelik; die eienskappe van die verskillende internasionale handelsbeleide te verstaan; die rigtinggewende beginsels van wêreldhandelsorganisasies te ken en hul rol in wêreldhandel te verstaan; die samestelling en werking van streeks handelsblokke te ken en te ontleed en Suid-Afrika se plek in die internasionale handelsomgewing met betrekking tot sy betalingsbalans- en wisselkoers-, in- en uitvoerposisie, mededingendheid, handelspatrone en e-handelsvordering te begryp en te analiseer.

EKIP221 (6)(16) INTERNASIONALE FINANSIERING (3 URE)

Die leerder behoort finansiële risiko's in internasionale handelstransaksies te identifiseer; kennis en insig in die verskillende metodes van betaling te hê; die uitvoerkredietversekeringsindustrie (struktuur en prosedures) te ken; die prysberekening (kwotasie) van 'n internasionale handelstransaksie te kan doen; die finansieringsfasiliteite wat vir in- en uitvoerders beskikbaar is, te kan identifiseer; kennis en insig in gevallestudies oor risiko's, betalingsmetodes, kwotasies en finansiering van uitvoerders te gebruik om moontlike oplossings aan die hand te doen.

EKNH131 (5)(8) EKONOMIE: DIE VERBRUIKER / PRODUSENT (2 URE)

Die leerder moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; die ekonomie as sosiale wetenskap binne die wêreld en die geld-goederekringloop te ken om sodoende 'n bydrae te maak tot die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika.

EKNH141 (5)(8) EKONOMIE: DIE MONETÊRE SEKTOR (2 URE)

Die leerder moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; die begrip geld in alle praktiese en ekonomiese fasette te ken om sodoende 'n bydrae te maak tot die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika.

EKNH151 (5)(8) EKONOMIE: INTERNASIONALE HANDEL (2 URE)

Die leerder moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; die aanwend en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van

versamelde data deur verslaggewing; die owerheid en internasionale handel te verstaan om sodoende hul bydrae en plek in die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika te interpreteer.

EKNH161 (5)(8) EKONOMIE: EKONOMIESE STELSLS (2 URE)

Die leerder moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; die ekonomiese praktyk te begryp om sodoende 'n sinvolle bydrae tot die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika te maak.

EKNH231 (5)(8) EKONOMIE: MAKRO-EKONOMIE I (2 URE)

Die leerder behoort die beginsels van makro-ekonomie in die daaglikse lewe te kan toepas; die klassifikasie en funksies van die nasionale rekeninge en wie vir hulle verantwoordelik is te kan verstaan; die bestedings komponente en bepalinge van die BBP te kan uiteensit; deur die wisselwerking tussen die makro-vraag en die makro-aanbod te bestudeer, die ewewigs-inkomstepeil en die algemene pryspeil in die makro-ekonomie te kan bepaal.

EKNH241 (5)(8) EKONOMIE: MAKRO-EKONOMIE II (2 URE)

Die leerder behoort deur die analise van die fiskale en monetêre beleid tot die bepaling van ekonomiese beleid te kom en probleme soos resessie en inflasie te kan uiteensit; die owerheid se rol in tye van ekonomiese stabiliteit en destabiliteit te kan verklaar; die verwantskappe en verskille tussen ekonomiese groei en ontwikkeling te kan analiseer.

EKNH251 (5)(8) EKONOMIE: MIKRO-EKONOMIE I (2 URE)

Die leerder behoort die rol van pryse, prysbepaling, die hoeveelhede geproduseer en maksimum winste te kan analiseer en met mekaar in verband te bring; die rol van nut in die verbruiker se vraag na produkte om maksimum behoeftebevrediging te bereik te verklaar; deur produksiekoste en opbrengs te ondersoek, die grootste hoeveelheid wins in produksie (aanbod) te bepaal.

EKNH261 (5)(8) EKONOMIE: MIKRO-EKONOMIE II (2 URE)

Die leerder behoort winsmaksimering van die ondernemer by volledige mededinging en monopolieë te verklaar; die vergoeding vir en die verhouding van die vier produksiefaktore in die produksieproses te kan uiteensit.

EKNH311 (5)(16) EKONOMIE: DIE BBP EN INTERNASIONALE HANDEL (3 URE)

Die leerder behoort alle aspekte van vraag en aanbod te verstaan en toe te pas op verskillende ekonomieë; die begrip BBP te verstaan en te kan toepas; die uitgawe en inkomste vloeiagram te begryp en gebruik; die Suid-Afrikaanse buitelandse handel krities te analiseer en evalueer.

EKNH321 (5)(16) EKONOMIE: DIE OWERHEIDSEKTOR (3 URE)

Die leerder behoort werkloosheid en inflasie te kan toepas op die Suid-Afrikaanse scenario; die owerheid se rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie te begryp, evalueer en toe te pas op persoonlike finansies; die verwantskappe en verskille tussen ekonomiese groei en ontwikkeling te analiseer en toe te pas op die situasie in Suid-Afrika; die rol van geld en die bankwese te verstaan; die monetêre beleid in Suid-Afrika te verstaan en op eie, gemeenskaps- en die nasionale situasie toe te pas.

EKNP111 (5)(8) DIE WERKING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE STELSEL (2 URE)

Die leerder behoort 'n oorsig van die funksionering van die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel te gee en die skaarheidsprobleem in verhouding met ander kwessies te stel; die wette van markkragte toe te pas; die onderskeie ekonomiese stelsels te beskryf, sowel as om die impak van ekonomiese beleidskwessies op deelnemers aan te toon; marktekorte en –surplusse te kan uitwys en die resultate grafies te analiseer, sowel as die berekening van verskeie ekonomiese aspekte soos nut, produksiemoontlikhede, geld-skeppingsproses en die betalingsbalans; begrip te toon van die sosio-ekonomiese eise wat Suid-Afrika en multikulturaliteit stel.

EKNP121 (5)(16) INLEIDENDE MAKRO- EN MIKRO-EKONOMIE (3 URE)

Die leerder behoort 'n onderskeid te tref tussen makro- en mikro-ekonomie; ekonomiese vraagstukke met behulp van makro-ekonomiese teorie te analiseer; 'n oorsig te ontwikkel vir die interafhanklikhede en verbindings tussen ekonomiese besluitnemers en die rol van die verskeie beleide te analiseer; die verwysingsraamwerk van die ekonomie te begryp waarbinne die relevante feite en verskynsels in praktiese terme geanaliseer kan word; die dinamika verbonde aan ekonomiese situasies te analiseer; vraag, aanbod en ewewigsituasies in individuele en totale marksituasies te bereken; ekonomiese veranderlikes soos die BBP, groei-koerse, inflasiekoerse en elasticiteite te bereken; en die invloed van multi-kulturalisme op die ekonomie te bepaal.

EKNP211 (6)(16) MIKRO- EN MAKRO-EKONOMIE (3 URE)

Die leerder behoort die besluite wat deur klein ekonomiese eenhede (verbruikers, werkers, eienaars van hulpbronne en besighede) geneem word, beter te verstaan; die interaksie van verbruikers en besighede en die totstandkoming van ewewigspryse in markte af te lei; die teorie van produksie en koste af te lei en verskillende tipes markvorme te beskryf; 'n kort inleiding oor algemene ewewig te gee; die inter-verwantskappe in die makro-ekonomie tussen verskillende ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te ontleed; die effek van monetêre-, fiskale beleid en eksterne skokke op makro-ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te evalueer; verskillende beleidsmaatstawwe vir makro-ekonomiese probleme te identifiseer en aan te dui hoe dit toegepas kan word.

EKNP221 (6)(16) FISKALE EN MONETÊRE BELEID (3 URE)

Die leerder behoort die openbare sektor te omskryf asook om die verskillende tipes regeringsuitgawes te onderskei en hoe en waar inkomste verkry kan word om daardie uitgawes te finansier; die finansiering van die owerheidstekort deur middel van lenings te bespreek en die uitwerking daarvan op die ekonomie te ontleed - dit is deel van fiskale beleid; monetêre beleid te beskryf as die beheer van die geldvoorraad en rentekoerse in die ekonomie; die ontwikkeling van monetêre teorie en praktyk te beskryf; beide die fiskale en monetêre beleid te evalueer om te bepaal of die toepassing daarvan ekonomiese groei, gelykheid, prysstabiliteit en betalings-balans-ewewig in Suid-Afrika kan meebring; die noodsaaklikheid van koördinasie tussen fiskale en monetêre beleid in die praktyk te verduidelik.

EKNP311 (6)(16) ONTWIKKELINGS-, STREEKS- EN ARBEIDSEKONOMIE (3 URE)

Die leerder behoort die ekonomiese, streeks- en ontwikkelings-vraagstukke te identifiseer met behulp van kennis oor die multi-dissiplinêre ontwikkelings-konsepte, -strukture, -modelle, -teorieë en -beginsels; 'n teoretiese verwysingsraamwerk van ontwikkeling te gee en verskillende beleidsopsies te ontleed om sosio-ekonomiese vraagstukke aan te spreek; die dinamiese werking van die arbeidsmark te begryp, die noue verwantskap tussen verwickelinge in arbeidsmarkte en die vordering met sosio-ekonomiese kwessies te integreer; die interaksie tussen ekonomiese kwessies en die arbeidsmark te begryp wat van kritieke belang is vir die

sukses van 'n "nuwe" Suid-Afrika; begrip te toon vir die diversiteit van die arbeidsmark in die multikulturele volkshuishouding van Suid-Afrika.

EKNP312 (6)(8) PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die algemene bruikbare terme in die ekonomie te verstaan en reg te kan interpreteer; op grond van sekere indikatore in die ekonomie die wisselwerking en veral die beweging van die inflasiekoers, rentekoerse, wisselkoerse, belasting en arbeidsklimaat te voorspel; op grond van die voorspelling korrekte handelwyses te bepaal om die betrokke toestand tot voordeel van hom/haar en die werksomgewing reg te hanteer; persoonlike finansies reg te bestuur (dit sluit in die hantering en beheer van tjekrekenings, kredietkaarte, debietkaarte, verbande op eiendom, huurkope, beleggings waaronder aandele en aandeeltrusts, kort- sowel as langtermynversekerings en huishoudelike begrotings); onderling oor die interpretasie en optrede van gebeurlikhede in die ekonomie te debatteer.

EKNP321 (6)(16) EKONOMIESE ANALISE (3 URE)

Die leerder behoort die ekonomiese teorie en die toepassing daarvan met behulp van tegnieke, empiries vir die Suid-Afrikaanse omstandighede te toets en voorstelle ter verbetering van die toepassing van die teorie in Suid-Afrika voor te stel; die bevindings te dokumenteer en per voordrag aan mede leerders en eksaminatore voor te dra.

RISIKOBESTUUR

EKRP311 (6)(16) RISIKOBESTUUR (3 URE)

Die leerder behoort op 'n inleidende vlak die finansiële en verwante risiko's in 'n finansiële instelling, 'n maatskappy, 'n basiese tesourie of 'n verwante struktuur, te verstaan; die proses om hierdie risiko's te minimeer of te verskans strategies te bestuur; die rente-inkomste en aandeelhouersbelang van hierdie instellings te maksimeer; die regulatoriese omgewing te verstaan en bestuur; finansiële risiko scenario's dinamies te simuleer en bestuur.

EKRP321 (6)(16) FINANSIËLE MARKTE (3 URE)

Die leerder behoort die werking van die Suid-Afrikaanse Geld- en Kapitaalmarkte, insluitende SAFEX (*South African Futures Exchange*), BESA (*Bond Exchange of South Africa*) en die JSE (*Johannesburg Stock Exchange*), beter te verstaan; die werking van die produkte en instrumente wat in die markte gebruik word, beter te verstaan; die regulatoriese omgewing waarin die markte funksioneer te verstaan; praktiese voorbeelde en scenario's van basiese portfoliobestuur te voltooi met behulp van die produkte en instrumente van die markte; om as 'n analis, markhandelaar en "back office" beampte te werk in die bank- en tesourie-omgewing, asook om moontlik as aandelemakelaar te werk.

ENGELS

EGPN119 (5)(16) ENGELS: INLEIDING TOT DIE ENGELSE ROMANKUNS (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die Engelse roman betrekking het, beskik, met besondere fokus op die belang hiervan vir die onderrigsituasie; verskillende temas in 'n verskeidenheid Eurosentriese en Afrosentriese romans te identifiseer, na te speur en te interpreteer.

EGPN129 (5)(16) ENGELS: INLEIDING TOT DIE ENGELSE SINTAKSIS (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op sintaksis, sinne, die kommunikatiewe funksie van sinne, sinspatrone, onderwerpe,

werkwoordstukke, woordklasse, werkwoordtipes en selfstandige naamwoorde betrekking het, beskik, vir sover dit waarde vir die onderrigsituasie het.

EGPN219 (5)(8) ENGELS: INLEIDING TOT ENGELSE DIGKUNS (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op verskillende poëtiese middele, tydperke, en die kritiese analise van verskillende gedigte vir sover dit waarde vir die onderrigsituasie het, beskik.

EGPN229 (5)(8) ENGELS: SINTAKSIS VIR DIE ENGELSE ONDERWYSER (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op Engelse werkwoorde betrekking het, beskik, insluitend 'n studie van werkwoordklasse, die Engelse grammatiese tydstelsel, leksikale en hulpwerkwoorde, aktiewe en statiese werkwoorde, modus en die lydende vorm in.

EGPN319 (5)(8) ENGELS: INLEIDING TOT DIE ENGELSE DRAMA (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat betrekking het op die struktuur van die drama, 'n analise daarvan en die waarde daarvan vir onderrigdoeleindes, beskik.

EGPN329 (5)(8) ENGELS: FONOLOGIE VIR ONDERRIGDOELEINDES (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat betrekking het op verskillende aspekte van die Engelse fonologie en die waarde daarvan vir die onderrigsituasie, beskik, insluitend 'n studie van die spraakorgane, die vokaal- en konsonantkaart en verskillende transkripsie-oefeninge.

**ENG121 (5)(8) ENGELSE KOMMUNIKASIE: INLEIDING TOT ENGELS AS KLASKAMER-
TAAL (2 URE)**

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op Engels as internasionale kommunikasiemedium betrekking het, beskik met spesiale aandag aan Engels as kommunikasietaal in verskillende Suid-Afrikaanse opvoedkundige kontekste; kennis, vaardighede en waardes moet bewys kan word betreffende die rol wat vlotheid en akkuraatheid in kommunikasie speel; met 'n verskeidenheid tekste, gespreksgenote en die dosent om te gaan en taalkennis, -vaardighede en waardes met betrekking tot register, konteks en die gepastheid van kommunikasie, te bewys.

ENG221 (5)(8) ENGELSE KOMMUNIKASIE: KLASKAMERENGELS (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige gevorderde kennis, vaardighede en waardes wat op die rol van vlotheid en akkuraatheid in klaskamerkommunikasie en -bestuur dui, beskik; in staat wees om Engels vir gevorderde klaskamerkommunikasie aan te wend waar dit gaan oor interpersoonlike sake, sowel as om kennisoordrag- en ervaringsdimensies; in staat wees om met 'n verskeidenheid tekste, gespreksgenote en die dosent om te gaan en taalkennis, -vaardighede en waardes met betrekking tot register, konteks en die gepastheid van kommunikasie te bewys; oor luister-, praat-, lees- en skryfvaardighede in Engels vir akademiese doeleindes beskik.

ENG311 (5)(8) ENGELSE KOMMUNIKASIE: DIE ROL VAN ENGELS IN LEER (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat betrekking het op kohesiewe en koherente kommunikasie in Engels vir interpersoonlike doeleindes en kennis- en ervaringsdimensies, beskik; oor die nodige kennis, vaardighede en waardes beskik van die verskillende tipes kennis wat deur leer in Engels omvat word, naamlik

konseptuele, prosedurele en verteenwoordigende kennis; kennis, vaardighede en waardes te bewys rakende die gebruik van Engels as onderrigmedium in die onderskeie hoofvakke.

ENGH111 (5)(8) TEMASTUDIES VIR ENGELS IN DIE ONDERRIGSITUASIE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes beskik wat op verskillende genres in Engels en die taalkundige aspekte van Engels, spesifiek van toepassing op die onderrigsituasie, betrekking het; in staat wees om Engels vir kommunikasie-doeleindes aan te wend waar dit gaan om interpersoonlike kennis en ervaring met betrekking tot die verskillende genres en taalkundige aspekte; kan bewys dat hulle oor die nodige kennis, vaardighede en waardes beskik wat betrekking het op verskillende genres in verskillende Eurosentriese en Afrosentriese tekste wat vir die onderrigsituasie van belang is; in staat wees om verskillende temas in die genres te identifiseer, na te gaan en te interpreteer.

ENGH121 (5)(8) SUID-AFRIKAANSE LITERÊRE KONTEKSTE IN DIE ONDERRIGSITUASIE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes beskik wat betrekking het op die Engelse genre- en taalstudie vir die onderrigsituasie; in staat wees om Engels vir kommunikasiedoeleindes aan te wend waar dit gaan om interpersoonlike kennis en ervaring met betrekking tot die verskillende genres en taalkundige aspekte; moet bewys dat hulle oor die nodige kennis, vaardighede en waardes beskik wat betrekking het op verskillende Suid-Afrikaanse tekste wat vir die onderrigsituasie van belang is; in staat wees om verskillende temas in die Suid-Afrikaanse literêre genres wat toepassingswaarde vir die onderrigsituasie het, te identifiseer, na te gaan en te interpreteer.

ENGH 211 (5)(16) ENGELS: LINGUISTIEK VIR DIE ONDERWYSER IN ENGELS (3 URE)

Die leerder behoort te bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes beskik wat betrekking het op die Engelse fonologie, sintaksis en morfologie vir die onderrigsituasie.

ENGH 221 (5)(16) ENGELS: RESPEK AS OPVOEDKUNDIGE BEGINSEL IN LITERÊRE TEKSTE (3 URE)

Die leerder behoort te bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes beskik wat betrekking het op die verskillende genre van roman, poësie en drama in 'n verskeidenheid Eurosentriese en Afrosentriese tekste en hulle relevansie vir die uitbouing van respek vir verskillende kulture in die onderwys; temas rakende respek vir verskillende kulture in literêre genres naspeur, identifiseer, en interpreteer.

ENHL111 (5)(8) TAAL SONDER GRENSE (2 URE)

Die leerder behoort die algemene aard van taal en kognisie te verstaan; 'n basiese kennis te hê van die oorsprong en funksionele aanwending van taal; in staat wees om te onderskei tussen verskillende soorte tekste en tekstipes en verskillende tekstipes te skep; in staat wees om met verskillende soorte funksionele en kreatiewe tekste om te gaan.

ENHL151 (5)(8) TEKS EN KONTEKS: DIE TAAL VAN TEKSTE (2 URE)

Die leerder behoort die belang van konteks, interteks en intrateks ten opsigte van die taalgebruik te identifiseer, te beskryf en te analiseer (stilistiek, teksproduksie, tekstipes, konteksmerkers, tekstoherensie); 'n begrip hê van pragmatiek as studieveld vir taalgebruik; basiese kennis hê van die oorsprong van die linguistiek as vakdissipline.

ENHL161 (5)(8) TEKS EN KONTEKS: LITERÊRE TEKSTE EN BENADERINGS (2 URE)

Die leerder behoort die belang van konteks, interteks en intrateks vir letterkundige doeleindes te verstaan, in staat wees om letterkunde as dissipline te definieer en die algemene raamwerk

van die Engelse letterkunde te verstaan; in staat wees om die hoofelemente van die hoofgenres te identifiseer en te analiseer en in staat wees om te beskryf watter invloed die sosiopolitieke konteks op die periodes in die Engelse letterkunde uitoefen.

ENHL231 (5)(8) INDIVIDU EN GEMEENSKAP: DIE GEMEENSKAP EN TAAL (2 URE)

Die leerder behoort die wyse waarop waardestelsels, ideologiese en sosiale faktore 'n invloed op taalproduksie uitoefen, te analiseer; 'n basiese begrip hê van die kognitiewe linguistiek en sosiolinguistiek.

ENHL241 (5)(8) INDIVIDU EN GEMEENSKAP: DIE GEMEENSKAP EN LITERATUUR (2 URE)

Die leerder behoort die invloed van waardestelsels, ideologie en sosiale faktore op die produksie en ontvangs van Engelse letterkunde te analiseer; en om die Marxistiese literatuurteorie op die studie van toepaslike letterkundetekste toe te pas.

ENHL251 (5)(8) REALISME (2 URE)

Die leerder behoort die hoofaspekte van realisme in die Engelse letterkunde te identifiseer; om die ontwikkelings van die realisme in die Engelse prosakuns, insluitend die 18e eeu met die opkoms van die roman, die 19e eeu en die tydperk van Victoriaanse letterkunde in Engeland te identifiseer en te interpreteer.

ENHL261 (5)(8) SA PERSPEKTIEWE: LITERÊRE ONTWIKKELING I (2 URE)

Die leerder behoort die hoof letterkundige ontwikkelings in die Afrika- en die Suid-Afrikaanse letterkunde van die 20ste eeu te identifiseer.

ENHL262 (5)(8) SA PERSPEKTIEWE: LITERÊRE ONTWIKKELING II (2 URE)

Die leerder behoort begrip te toon vir die interaksie tussen orale en geskrewe letterkunde en om die verskille tussen die historiese roman en die outobiografie aan te toon.

ENHL 311 (6)(8) INLEIDING TOT DIE PSIGOLINGUISTIEK (2 URE)

Die leerder behoort die aard van taal en die aspekte rondom eerste- en tweedetaalaanleer te verstaan.

ENHL341 (6)(8) ONTWIKKELING IN DIE ENGELSE DRAMAKUNS (2 URE)

Die leerder behoort die hooftrekke van die ontwikkelingsgang van die sogenaamde *Elizabethan* teater te identifiseer, sowel as die ontwikkeling van die Engelse drama in die 19e en 20e eeue; die basiese drama-elemente in die teater van die absurde te identifiseer, en begrip te toon vir die eksistensialisme en ander ontwikkelingspatrone in die Britse en Amerikaanse dramakuns.

ENHL342 (6)(8) ONTWIKKELING IN DIE ENGELSE POËSIEKUNS (2 URE)

Die leerder behoort die hooftrekke wat 'n invloed op die modernisme in die poësie, soos dit kenbaar word in die ontwikkeling van die Engelse poësie sedert die begin van die 18e eeu tot die begin van die 20e eeu, te bespreek.

ENHL351 (6)(8) ONTWIKKELING IN DIE ENGELSE PROSAKUNS : MODERNISME (2 URE)

Die leerder behoort kennis en begrip te toon vir die globale konteks en tendense in die ontwikkeling van die Engelse letterkunde in die vroeg 20e eeu; die relevante teorieë te verstaan en toe te pas op die analise van die modernistiese prosakuns; die interdisciplinêre aard van die modernisme te identifiseer, te analiseer en te beskryf.

ENHL361 (6)(16) ONTWIKKELING IN DIE ENGELSE PROSAKUNS : POSTMODERNISME (3 URE)

Die leerder behoort begrip te hê vir die globale konteks en die onlangse tendense in die literêre teorie en die wêreldletterkunde, begrip toon en in staat wees om relevante teorieë toe te pas op die analise van postmoderne tekste; die interdisiplinêre aard van die postmodernisme te identifiseer, te analiseer en beskryf.

ENHL362 (6)(8) HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE: FILM EN FIKSIE (2 URE)

Die leerder behoort begrip te hê vir die semiotiek en die toepassing daarvan in filmkunde en letterkunde.

ENHL113 (5)(8) TAALVAARDIGHEID: ENGELS (2 URE)

Die leerder behoort basiese taalvaardighede (luister, lees, skryf en praat) deur 'n studie van taal-in-aksie verwerf te hê; asook basiese akademiese taalvaardighede verwerf te hê.

ENHL123 (5)(16) GEVORDERDE TAALVAARDIGHEID: ENGELS (3 URE)

Die leerder behoort gevorderde taalvaardighede verwerf te hê met toepassing in verskillende studieveldde (ekonomies, sosiaal en wetenskaplik).

ESPN119 (5)(8) ENGELSE KOMMUNIKASIE: INLEIDING TOT ENGELS AS KLASKAMER-TAAL (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op Engels as internasionale kommunikasiemedium betrekking het, beskik, met spesiale aandag aan Engels as kommunikasietaal in verskillende Suid-Afrikaanse opvoedkundige kontekste; in staat te wees om vlotheid- en vaardighedsvaardighede in verskillende onderrigkontekste aan te wend.

ESPN129 (5)(8) ENGELSE KOMMUNIKASIE: KLASKAMERENGELS (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige gevorderde kennis, vaardighede en waardes wat op die rol van vlotheid en akkuraatheid in klaskamerkommunikasie en -bestuur dui, beskik; om met 'n verskeidenheid tekste, gespreksgenote en die dosent om te gaan, en taalkennis, -vaardighede en waardes met betrekking tot register, konteks en die gepastheid van kommunikasie te bewys; in staat te wees om luister-, lees-, praat- en skryfvaardighede vir akademiese doeleindes aan te wend.

ESPN219 (5)(8) ENGELSE KOMMUNIKASIE: GEVORDERDE KLASKAMERENGELS (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige gevorderde kennis, vaardighede en waardes wat op die rol van vlotheid en akkuraatheid in gevorderde klaskamerkommunikasie en -bestuur dui, beskik; in staat te wees om met 'n verskeidenheid tekste, gespreksgenote en die dosent om te gaan en taalkennis, -vaardighede en waardes met betrekking tot register, konteks en die gepastheid van kommunikasie te bewys; in staat te wees om luister-, lees-, praat- en skryfvaardighede vir akademiese doeleindes aan te wend.

ESPN229 (5)(8) ENGELSE KOMMUNIKASIE: GEVORDERDE KLASKAMERENGELS (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige gevorderde kennis, vaardighede en waardes wat op die rol van vlotheid en akkuraatheid in gevorderde klaskamerkommunikasie en -bestuur dui, beskik; in staat te wees om met 'n verskeidenheid tekste, gespreksgenote en die dosent om te gaan en taalkennis, -vaardighede en waardes met betrekking tot register, konteks

en die gepastheid van kommunikasie te bewys in staat te wees om luister-, lees-, praat- en skryfvaardighede vir akademiese doeleindes aan te wend.

ESPN319 (5)(8) DIE ROL VAN ENGELS IN LEER (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op kohesiewe en koherente kommunikasie in Engels van toepassing is, beskik; kan bewys dat hy/sy in staat is om Engels as onderrmedium in die klaskamer te gebruik.

ESPN329 (5)(8) DIE ROL VAN ENGELS IN LEER (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op kohesiewe en koherente kommunikasie in Engels van toepassing is, beskik; kan bewys dat hy/sy in staat is om Engels as onderrmedium in die klaskamer te gebruik.

GODSDIENSSTUDIES (ONDERWYS)

GDSN116 (5)(8) GODSDIENSSTUDIES (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende verskillende wêreldgodsdienste (monoteïsties en politeïsties) te bewys.

GDSN126 (5)(8) GODSDIENSSTUDIES (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die oorsprong van God, die skepping, oplossings vir huidige probleme vanuit die perspektief van verskillende godsdienste wat met mekaar vergelyk word, te bewys.

GELETTERDHEID (ONDERWYSSTUDIES)

GELG111 (5)(8) GELETTERDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om uitkomst oor taal, geletterdheid en kommunikasie met die klem op mondelinge kommunikasie in die praktyk te demonstreer en ook 'n oorsig te hê oor die beginsels van Uitkoms Gebaseerde Onderrig (UGO).

GELG221 (5)(8) GELETTERDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder moet in staat te wees om uitkomst ten opsigte van skriftelike kommunikasie, leesgereedheid en voorbereiding tot aanvangslees te demonstreer in moedertaalonderrig; in 'n tweedetaal moet die leerder ook in staat wees om sy/haar vaardigheid in die onderrig van 'n tweedetaal in die Grondslagfase te bewys; asook sy/haar vaardigheid in die ontwikkeling van luistervaardighede te demonstreer.

GELG311 (5)(8) GELETTERDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort kennis te demonstreer van verskillende metodes van aanvangslees en hoe om dit in die praktyk toegepas word.

GELG321 (5)(8) GELETTERDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort agtergrondkennis te hê van faktore wat aanleiding gee tot leesprobleme by leerders, en die vaardigheid demonstreer om sulke probleme te kan remedieër.

GELG411 (5)(8) GELETTEDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort kennis van kinderlektuur en kinderpoësie te hê en moet sy/haar vaardigheid toon om daarmee leerervarings aan te bied.

GELG421 (5)(8) GELETTEDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort al die verwerfde kennis en vaardighede van Moedertaalfasilitering in die Grondslagfase te kan toepas.

GEOGRAFIE**GEOH131 (5)(8) GEOGRAFIE: AFRIKA EN BEVOLKINGSGEOGRAFIE (2 URE)**

Die leerder behoort te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die grootte, ligging, staatkundige verdeling, reliëf, klimaat, verwantskappe tussen klimaatstreke en plantegroei van Afrika asook bevolkingsverspreiding, ekonomiese aktiwiteite en toestande in Afrikalande te kan beskryf; algemene konsepte in bevolkingsgeografie soos geboorte-, sterfte-, vrugbaarheidsyfer, natuurlike aanwas en bevolkingspiramides te definieër en bereken; die opstel van voorstellingstegnieke (lyn-, kolom- en sirkelgrafieke) moet prakties gedemonstreer word.

GEOH151 (5)(8) GEOGRAFIE: FISIESE EN EKONOMIESE AGTERGROND VAN SUID-AFRIKA (2 URE)

Die leerder behoort te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die invloed van ligging op handel en klimaat, verwantskap tussen reliëf en dreinering van Suid-Afrika te evalueer; demonstreer dat hy/sy rekenaarvaardighede ontwikkel het deur sekere voorstellings, soos lyn-, kolom- en sirkelgrafieke met behulp van die rekenaar te doen.

GEOH231 (5)(8) GEOGRAFIE: INLEIDING TOT LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (2 URE)

Die leerder behoort te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die ontstaansredes en tipes landelike en stedelike nedersettings wat algemeen aangetref word, te beskryf; die faktore wat die tipe, ligging en struktuur van landelike nedersettings beïnvloed, die grond-gebruikspatrone van landelike nedersettings, redes van ontstaan van stedelike nedersettings, die groei-kontroles by stede en verstedeliking te beskryf.

Prakties: Die leerder moet demonstreer dat hy/sy stedelike uitleg en grondgebruik in stede op kaart kan aantoon.

GEOH251 (5)(8) GEOGRAFIE: EKONOMIESE GEOGRAFIE (2 URE)

Die leerder behoort te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om ekonomiese aktiwiteite en ekonomieë te klassifiseer; kategorieë van aktiwiteite met spesifieke verwysing na primêre (landbou), sekondêre (industrieë en vervaardigers), tersiêre en kwaternêre aktiwiteite volledig te beskryf.

Prakties: Die leerder moet kan demonstreer dat hy/sy korrelasie en regressie kan toepas.

GESYFERDHEID (ONDERWYSSTUDIES)

GESG111 (5)(8) GESYFERDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort ingelei wees tot die konstruktivistiese benadering in die onderrig van Wiskunde; toegepaste kennis te hê en te demonstree van die fases van kinderkuns wat in die Grondslagfase aangetref word.

GESG121 (5)(8) GESYFERDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder moet kennis kan demonstree van onderrig in Gesyferdheid ten opsigte van die ontwikkeling van tel en plekwaarde in die Grondslagfase; asook van algemene kunsvakdidaktiekbeginsels en toepassingsmoontlikhede daarvan in die Grondslagfase.

GESG 211 (5)(8) GESYFERDHEID: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder moet bewys kan lewer van praktiese implementering van hoofbewerkings en meting in die Grondslagfase.

GESKIEDENIS

GESH131 (5)(8) GESKIEDENIS: ANTIEKE GESKIEDENIS (ANTIEK – 1800) (2 URE)

Die leerders moet kennis, vaardighede en waardes demonstree ten opsigte van die antieke beskawings; hulle bydrae tot beskawingsontwikkeling, asook ten opsigte van die feodale stelsel; die Renaissance; die kerkhervorming; en ontdekkingsreise.

GESH141 (5)(8) GESKIEDENIS: TUSSENGROEPVERHOUDINGE EN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1652 –1854) (2 URE)

Die leerder moet die verspreiding en interaksie van Khoisan en Bantoesprekende gemeenskappe beoordeel; asook die interaksie tussen blankes, swartes en gekleurdes wat tussengroepverhoudinge bepaal.

GESH151 (5)(8) GESKIEDENIS: AFRIKA (VOOR 1870) (2 URE)

Die leerder moet die ontwikkelingslyn van die mens verklaar aan die hand van ontdekkings en opgrawings; hoe die gebruik van yster mense se lewenspatroon verander het; en hoe deur ontwikkeling 'n gevestigde ekonomiese en sosiale lewe sy beslag gekry het.

GESH161 (5)(8) GESKIEDENIS: EUROPA (1550 – 1790) (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om kennis, vaardighede en waardes te demonstree ten opsigte van die volgende temas: Karel V en Philip II van Spanje; die 80-jarige oorlog; Spanje en Nederland; Hendrik IV; Louis XIV; die tydperk van die verligte despote; die Franse Rewolusie; Napoleon Bonaparte; die tydperk van die rewolusies; Industriële omwenteling en gevolge. Die leerder moet die oorsake en gevolge van die godsdiensoorloë identifiseer; asook die oorsake en gevolge van absolutisme; die diktatorskap van Napoleon; die mislukking van die Metternich-stelsel; en verduidelik hoe die industriële rewolusie mense se lewens verander het.

GESH231 (5)(8) GESKIEDENIS: BRITSE IMPERIALISME IN DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1854 – 1902) (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om kennis, vaardighede, waardes te demonstree met betrekking tot die Britse regering en die Boererepublieke; asook reaksie daarop (1836-1902).

GESH241 (5)(8) GESKIEDENIS: AFRIKA KOLONISASIE, VERSET EN ONAFHANKLIKHEID (1970 – 1945) (2 URE)

Die leerder behoort in staat wees om kennis, vaardighede, waardes te demonstreer met betrekking tot Afrika se verdeling; die tydperk van kolonisasie; Afrika nasionalisme; en onafhanklikheid.

GESH251 (5)(8) GESKIEDENIS: ASPEKTE VAN DIE TWINTIGSTE EEUSE GESKIEDENIS (2 URE)

Die leerder behoort in staat wees om kennis, vaardighede, waardes te demonstreer met betrekking tot die vredesverdrag van Versailles; die Volkebond; die V.S.A, die opkoms van totalitêre state; die V.V.O; en die Koue Oorlog.

GESH261 (5)(8) GESKIEDENIS: WIT EN SWART POLITIEKE GESKIEDENIS (2 URE)

Die leerder behoort in staat wees om kennis, vaardighede, waardes te demonstreer met betrekking tot die swart en wit politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika (1910-1948).

GESH311 (6)(8) GESKIEDENIS: ASPEKTE VAN EUROPESE EN WÊRELDGESKIEDENIS (2 URE)

Die leerder behoort in staat wees om kennis, vaardighede, waardes, te demonstreer met betrekking tot aspekte van Europese en wêreldgeskiedenis; die tydperk van rewolusies; nasionalisme en imperialisme; ineenstorting van westerse interkontinentale ryke; groot industriële nasies; wêreldkultuur se geboorte; die wêreld by 'n draaipunt.

GESH321 (6)(8) GESKIEDENIS: ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1948 – 2000) (2 URE)

Die leerder behoort in staat wees om kennis, vaardighede, waardes te demonstreer met betrekking tot die oorwinning oor imperialisme; die stryd teen isolasie; apartheid by die kruispad; die einde van apartheid; weerstand teen apartheid.

GESK111 (5)(8) PRE-INDUSTRIËLE BESKAWINGSVORMING (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om internasionale samelewingsontwikkeling tot die sewentiende eeu (met besondere klem op die historiese proses van sosiale, politieke en ekonomiese ontwikkeling) van verskillende beskawings te begryp en sinvol te integreer in sy/haar lewensbeskoulike opvattinge.

GESK121 (5)(8) MODERNISERING EN SAMELEWINGSONTWIKKELING (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om internasionale samelewingsontwikkeling sedert die sewentiende eeu (met besondere klem op die historiese proses van sosiale, politieke en ekonomiese ontwikkeling) van verskillende beskawings te begryp en sinvol te integreer in sy/haar lewensbeskoulike opvattinge.

GESK122 (5)(8) DIE WORDING VAN DIE HEDENDAAGSE SAMELEWING (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om hedendaagse samelewingstendense (bv. tegnologiese ontwikkeling, globalisering en demokratisering) vanuit 'n historiese perspektief te interpreteer en sinvol te integreer in sy/haar lewensbeskoulike opvattinge.

GESK212 (5)(16) SUID-AFRIKA EN AFRIKA: POLITIEKE ONTWIKKELING (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die historiese wortels van die demokrasie in die Griekse stadstate en die Romeinse Ryk na te speur en die belangrikste tendense van die ontwikkeling van demokrasie in Brittanje, Frankryk, die VSA en veral Afrika met besondere verwysing na

Suid-Afrika te kan identifiseer en analiseer; die vernaamste kenmerke van die Britse, Duitse en Franse koloniale stelsels te identifiseer en te vergelyk en om die dekolonisasieproses in Asië en Afrika met besondere fokus op Suidelike Afrika te verduidelik en te evalueer; die tydperk van die Koue Oorlog en die stryd tussen twee ideologieë/magsblokke in 'n veranderde wêreld te verduidelik en aan te dui wat die invloed daarvan op Afrika en Suid-Afrika was; die vernaamste kenmerke van die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika sedert die aanvang van die twintigste eeu te verduidelik.

GESK222 (5)(24) SUID-AFRIKA EN AFRIKA: SOSIO-EKONOMIESEONTWIKKELING (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die hooftrekke van die sosiale en ekonomiese geskiedenis sedert ongeveer 1800 van Afrika en Suid-Afrika in die besonder weer te gee; belangrike kontemporêre probleme in Afrika in die lig van die historiese ontwikkeling te verduidelik; verbande tussen sosiale en ekonomiese ontwikkelings in Suid-Afrika en die res van Afrika te lê; die wisselwerking tussen sosio-ekonomiese en politieke ontwikkelings in Afrika en Suid-Afrika te verduidelik.

GESK312 (6)(24) DIE MENS IN INTERAKSIE MET DIE OMGEWING (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die terrein van omgewingsgeskiedenis te omskryf en kan aandui hoe dit verskil van of oorleuel met ander subdissiplines; insig hê in die historiese ontwikkeling van mens-omgewinginteraksie van prehistoriese tye af tot vandag toe; oor deeglike kennis beskik van geselekteerde temas binne die omgewingsgeskiedenis; sy/haar wetenskaplike ingesteldheid tot die geskiedenis verder te ontwikkel deur 'n kritiese benadering tot historiese tekste te volg, die bewussyn van en waardering vir die bestaan van uiteenlopende standpunte op te skerp, en 'n eie opinie oor omstrede kwessies te vorm en motiveer; wetenskaplike tegnieke en metodes kan gebruik om navorsing te doen vir 'n referaat oor 'n onderwerp binne die omgewingsgeskiedenis en die bevindings op skrif kan stel en mondeling aanbied ooreenkomstig die wetenskaplike vereistes van geskiedenis as dissipline.

GESK322 (6)(32) IDEË EN GESKIEDENIS (3 URE)

Afdeling 1 Aspekte van intellektuele geskiedenis (16)

Die leerder moet in staat wees om die vernaamste denkstrominge in die Westerse wêreld vanaf die Renaissance en hul invloed op die samelewing en kultuur te identifiseer en in breë trekke te beskryf en krities standpunt in te neem ten opsigte van kernaspekte van hierdie beskouinge; die vernaamste kenmerke van ideologieë, wat 'n groot impak op die twintigste-eeuse geskiedenis gehad het, krities te bespreek; die ontwikkeling van die universiteit as sentrum vir wetenskapsontwikkeling sedert die Middeleeue en sy invloed op die samelewing te bespreek.

Afdeling 2 Metodologie van geskiedenis (8)

Die leerder moet in staat wees om die vernaamste stappe in 'n historiese navorsingsproses kortliks te omskryf en ook in 'n projek van beperkte omvang toe te pas; die waarde van bepaalde teorieë en hul nut in die bestudering van geskiedenis kortliks te verduidelik; die belangrikheid van interdisiplinêre navorsing vir die historikus kortliks uiteen te sit.

Afdeling 3 Historiografie (8)

Die leerder moet in staat wees om die vernaamste kenmerke van die geskiedbeskouing en die geskiedskrywing in die Westerse wêreld voor 1800 kortliks aan te dui; oorsigtelik te beskryf en verduidelik hoe die geskiedwetenskap in die negentiende eeu sy beslag gekry het; die invloed van die liberale, Marxistiese en Annalesrigtings in die moderne Westerse geskiedskrywing in breë trekke aan te toon; die hoofkenmerke van die Afrikaanse, liberale en radikale rigtings in die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedskrywing vergelykend te behandel; die invloed

van geskiedbeskouinge, en in besonder van 'n Christelike geskiedbeskouing, op die geskiedskrywing kortliks te bespreek.

GSAN116 (5)(16) GESKIEDENIS: DIE ANTIEKE BESKAWINGS EN HUL BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN DIE WESTERSE BESKAWING (3 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende ontdekkings wat deur antieke beskawings gemaak is en die invloed daarvan op die westerse beskawing; die Islam; die Christendom; die Middeleeue; die kruistogte en die hervorming, te bewys.

GSAN126 (5)(16) GESKIEDENIS: DIE KAAPSE BELEID TUSSEN 1657 EN 1854 EN DIE INVLOED DAARVAN OP INTERGROEPVERHOUDINGE (3 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die beleid aan die Kaap in die tydperk 1657 en 1854 en die invloed hiervan op intergroepverhoudings te bewys.

GSAN216 (5)(8) GESKIEDENIS: ASPEKTE VAN DIE EUROPESE GESKIEDENIS TYDENS DIE 15^E EN DIE 17^E EEUE (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende hoofontwikkelingstadia in die Europese geskiedenis in die 15^e en 17^e eeue te bewys, insluitend die Goue Eeu van Spanje; die oorlog tussen Spanje en die Nederlande; die oorloë in Frankryk; Hendrik IV; Louis XIV; die Franse Rewolusie; en Napoleon.

GSAN226 (5)(8) GESKIEDENIS: DIE BEHEER AAN DIE KAAP IN DIE TYDPERK 1806 – 1854, DIE GROOT TREK EN DIE NATALSE GESKIEDENIS (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die bestuur aan die Kaap tussen 1806 en 1854, intergroepverhoudings, Natal in die jare 1839 en 1840, die toeganklikheid van Afrika vir setlaars, die Transatlantiese slawehandel en die wedloop om grondgebied in Afrika te bewys.

GSAN316 (5)(8) GESKIEDENIS: ASPEKTE VAN DIE 20STE EEUSE GESKIEDENIS (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die vredesverdrag van Versailles, die Volkebond, die opkoms van totalitêre state, die Koue Oorlog en die reaksie van die VSA en die OAE hierop, te bewys.

GSAN326 (5)(8) GESKIEDENIS: POLITIEKE ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA EN SWART WEERSTAND, 1910 – 1990 (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika en swart weerstand in die jare 1910 tot 1990 te bewys.

GRONDSLAESTUDIES (ONDERWYS)

GSTK511 (6)(8) TOEGEPASTE GRONDSLAESTUDIES: SPESIALISERING (2 URE)

Die leerder behoort in staat wees om 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van onderwys in Suid-Afrika te beskryf; gefundeerde (vanuit 'n Bybelse perspektief) antwoorde te formuleer op die grondvrae oor opvoeding en onderwys; die mens in opvoeding en onderwys vanuit 'n bybelse perspektief te beskryf/beredeneer; die rol wat verskillende samelewingsverbande in opvoeding en onderwys speel te beskryf; die huidige praktyk van opvoeding en onderwys te evalueer en voorstelle ter verbetering te formuleer.

GSTK521 (6)(8) TOEGEPASTE GRONDSLAESTUDIES: SPESIALISERING (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om die grondbeginsels van opvoeding en onderwys en opvoeding binne die bepaalde spesialisingsrigtings te kan toepas ten einde vakfilosofiese standpunte te formuleer.

GESONDHEIDSOPVOEDING

GSUN219 (5)(8) INLEIDING TOT GESONDHEIDSOPVOEDING (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die noodsaak en toepassing van gesondheidsbewustheid en veiligheid in die skool- en huisomgewing te bewys; kennis, vaardighede en behoorlike opvoedingswaardes ten opsigte van sekere temas kan bewys. (Die benadering en plek van belangrike gesondheidstemas soos adolessensie, behoorlike voeding, liggaamsorg en higiëne, obesiteit, fisieke aktiwiteite, dwelmiddels, seksueeloorraagbare siektes vorm belangrike temas in dié module.)

GSUN319 (5)(8) GESONDHEIDSOPVOEDING (VIGSVOORKOMING EN MOTORIESE ONTWIKKELING) (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die verskeie aspekte in dié module te bewys, onder andere geselekteerde terminologie ten opsigte van MIV/Vigs en die invloed van die pandemie op die opvoedingsprofessie; ook 'n inleidende gesigspunt oor agtergrondkennis, die oorsaak en aard van die siekte; strategieë waardeur die siekte op nasionale, sowel as onderwysvlak hanteer moet word; en praktiese riglyne vir opvoeders.

BESIGHEIDSREG

HRER141 (5)(8) ALGEMENE INLEIDING TOT BESIGHEIDSREG (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om die vaardigheid te bewys waardeur die algemene beginsels van besigheidsreg toegepas word, om tot 'n gevolgtrekking te kom en om aanbevelings te maak; die volgende vaardighede moet ook bewys word: die identifiseer en oplos van 'n probleem met 'n stel gegewens of teen die agtergrond van 'n handelskwessie; die logiese en sistematiese formulering, beredenering en oordrag van 'n boodskap; insig hê in die verwantskap van verskillende aspekte van besigheidsreg.

REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSKUNDE

COMP131 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: INLEIDING TOT REKENAARSTELSELS (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om die nodige kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer van die werking van die rekenaar, die ontwikkeling van rekenaarstelsels en die impak wat dit op die samelewing het, elementêre rekenaarargitektuur en getalgestelsels.

COMP141 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: GEÏNTEGREERDE PAKKETTE GERIG OP DIE SKOOL (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om die nodige kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer van verskillende rekenaarpakette wat gebruik kan word in die onderwys. Die leerder moet verder in staat wees om programme te evalueer ten opsigte van die bruikbaarheid in die onderwys, etiese en funksionele oorwegings, toepassingswaarde en finansiële oorwegings. Die leerder moet ook in staat wees om kennis en praktiese vaardigheid van die internet en e-pos te demonstreer.

COMP151 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: REKENAARBEGINSELS EN DATA-VOORSTELLING (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om kennis en begrip te demonstreeer van datavoortellings-tegnieke, datavloei en logika beginsels; begrip te demonstreeer van verskeie rekenaartale en bedryfstelsels.

COMP161 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: ALGORITME-ONTWERP EN PROBLEEM-OPLOSSING (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardigheid en begrip te demonstreeer in die analise van 'n probleem, probleem-oplossingsvaardighede sowel as die ontwerp van 'n algoritme om 'n probleem op te los; om programmeringsvaardighede in 'n hoëvlaktaal te demonstreeer ten opsigte van veranderlikes, die gebruik van lusstruktuur en keusestruktuur; om hierdie tegnieke aan leerlinge oor te dra.

COMP231 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: INLEIDING TOT PROGRAMMERING (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om kennis en begrip te demonstreeer van basiese programmeringsvaardighede in 'n hoëvlakprogrammeer-taal wat insluit die definiëring van vektore, rekords, prosedures en funksies.

COMP241 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: VERDERE PROGRAMMERINGSKONSEPTE (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om kennis en begrip te demonstreeer van die hantering van lêers en die gebruik van eenhede in programmering ten einde elementêre stelsels te ontwerp.

COMP251 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: INLEIDING TOT OBJEKGEORIËNTEERDE PROGRAMMERING (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om visuele programontwerp met behulp van objekte te kan uitvoer, insluitend die gebruik van lus- keuse-, en herhalingsstruktuur, prosedures en funksies.

COMP261 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: OBJEKGEORIËNTEERDE STELSEL-ONTWERP (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om elementêre stelsels en skoolgerigte toepassings te ontwikkel met behulp van objekgeoriënteerde programmeringskonsepte.

COMP311 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: STELSELONTLEDING EN DATABASIS-ONTWERP MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om kennis en begrip te demonstreeer van die ontwerp van 'n relasiedatabasis, wat insluit kennis van data integriteit, -sekuriteit en -geldigheid, die beplanning van die ontwerp van 'n databasis, normalisering van data, skep van tabelle en relasies en die gebruik van Microsoft Access as relasiedatabasis programmatuur vir die praktiese ontwerp van 'n databasisstelsel.

COMP321 (5)(8) REKENAARWETENSKAP: DATABASISKOMMUNIKASIE EN NETWERKE MET ONDERWYSTOEPASSINGS (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om kennis, begrip en vaardigheid te demonstreeer in die gebruik van 'n rekenaarnetwerk en die internet, insluitend die verskillende tipes netwerke; maniere en medium van datakommunikasie; netwerktopologië; datahantering binne 'n netwerk; begrip te toon van die kort- en langtermyn implikasies van die internet vir die onderwys en die sinvolle gebruik daarvan in die onderwys kan demonstreeer.

INLH141 (5)(8) INLIGTINGSBESTUUR: ONDERWYSINLIGTINGSBRONNE: PARATE NASLAANBRONNE (2 URE)

Die leerder behoort te demonstreeer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om parate naslaanbronne aan die hand van spesifieke kriteria te evalueer; in staat wees om geskikte naslaanbronne in verskillende formate vir die skoolmediasentrum en inligtingsdiens te identifiseer en beskikbaar te stel.

INLH151 (5)(8) INLIGTINGSBESTUUR: BIBLIOTEEKONTWIKKELING (2 URE)

Die leerder behoort te demonstreeer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes het om die skoolmediasentrum in die konteks van die moderne inligtingstegnologie te plaas.

INLH251 (5)(8) INLIGTINGSBESTUUR : SKOOLMEDIASENTRUMFASILITEITE (2 URE)

Die leerder behoort te demonstreeer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om 'n mediasentrum se uitleg en rangskikking te beplan en vir gebruik in te rig.

INLH261 (5)(8) INLIGTINGSBESTUUR: OPVOEDKUNDIGE DATABASISSE (2 URE)

Die leerder behoort te demonstreeer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die verskillende opvoedkundige databasisse soos verkrygbaar op die Internet, CD-Rom en katalogi op rekenaar te kan gebruik en in staat is om die bruikbaarheid en werking daarvan te beoordeel.

INLV211 (5)(8) INLIGTINGSTEGNOLOGIE: INLIGTINGSVAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder behoort te demonstreeer dat hy/sy oor die prosesvaardighede beskik om inligtingsbehoefes te formuleer; inligting doelgerig te vind, te hanteer, te evalueer, te verwerk, aan te bied en toe te pas, en om sy/haar eindresultaat te kan evalueer.

ITRW111 (5)(8) INLEIDING TOT PROGRAMMERING (2 URE)

Die leerder behoort basiese kennis en insig verwerf te hê oor hoe die rekenaar werk, die onderskeie komponente daarvan, die stoor en manipulasie van data en die benutting en gebruik van sigblaaië, insluitend tabelle, berekeninge, oordrag van data tussen verskillende toepassings en toepassings-omgewings, funksies en grafieke om data te verwerk en voor te stel; bewys te lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing met behulp van die rekenaar.

ITRW121 (5)(16) GRAFIESE KOPPELVLAK PROGRAMMERING I (3 URE)

Die leerder behoort kennis en vaardighede in die grafiese-koppelvlak omgewing te verwerf het om gerekenariseerde toepassings te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal. Aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering met gebruikersvriendelike koppelvlakke sal as basis gevestig wees; die teorie moet in gegewe probleme prakties toegepas kan word.

ITRW122 (5)(16) PROGRAMMERING I (3 URE)

Die leerder behoort basiese kennis en insig verwerf te hê oor 'n objekgerigte programmeringstaal se basiese strukture, datatipes, metodes, klasse en objekte; spesifieke rekenaartoepassings kan programmeer, ontfout, toets en uitvoer; vir 'n gedefinieerde probleem 'n algoritme moet ontwikkel om dit op te los, die algoritme moet kan kodeer, dit ontfout, toets en uitvoer met behulp van die rekenaar; die algemene eienskappe van die programmeringstaal moet kan gebruik om toepassings te ontwikkel wat goed gestruktureerd, gebruikersvriendelik en leesbaar is.

ITRW211 (5)(8) GRAFIESE KOPPELVLAK PROGRAMMERING II (2 URE)

Die leerder behoort te beskik oor kennis en vaardighede om in 'n visuele, objekgerigte programmeringstaal en die grafiese-koppelvlak omgewing gerekenariseerde toepassings te ontwikkel wat interaksie kan hê met ander rekenaartoe toepassings; insig te verkry in kliënt-bedieners, web- en verspreide toepassings; die teorie moet prakties toegepas kan word in gegewe probleme.

ITRW212 (5)(16) PROGRAMMERING II (3 URE)

Die leerder behoort basiese kennis en insig verwerf te hê oor objekgerigte programmering (ook vir die Web), probleem-oplossing wat insluit ontfooting, toetsing en uitvoering van toepassings, leerhantering, soekmetodes, sorteermetodes, oorerwing, koppelvlakke en polimorfisme en Boolese algebra; moet kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing met behulp van die rekenaar.

ITRW213 (5)(16) STELSELONTLEDING EN –ONTWERP I (3 URE)

Die leerder behoort oor kennis van en insig te beskik in die funksies van die stelselontleder en ander rolspelers tydens 'n stelsel se beplanning en ontleding, die vroeë fases en aktiwiteite in die stelselontwikkelinglewensiklus en verskeie modelleringstegnieke vir stelselontleding; kreatief en probleemoplossend kan dink en optree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel beplan en ontleed word.

ITRW214 (5)(16) BESLUITSTEUNSTELSELS I (3 URE)

Die leerder behoort basiese kennis en insig verwerf te hê oor besluitneming, konstruksie van besluitsteunstelsels, formulering van eenvoudige lineêre modelle (gelykbreek-analise, lineêre programmering) en die oplos daarvan met behulp van sigblaai, die uitvoer van sensitiviteits-analise, en die oplos van spesifieke probleme (transportasie- en toekenningsprobleme en netwerke). Die leerder moet die tegnieke kan gebruik om eenvoudige bedryfsprobleme te modelleer en op te los.

ITRW221 (5)(8) PROJEK: STELSELONTLEDING EN –ONTWERP (2 URE)

Die leerder behoort oor kennis en insig te beskik in die toepassing van die fases en tegnieke in die stelselontwikkelings-lewensiklus in spanverband wanneer 'n praktiese projek ontwikkel word, hoe om die aktiwiteite van projekbestuur toe te pas tydens die ontwikkeling van 'n stelsel en hoe om 'n verskeidenheid tersaaklike dokumentasie saam te stel en 'n stelselaanbieding te maak.

ITRW222 (5)(16) DATASTRUKTURE & ALGORITMES (3 URE)

Die leerder behoort kennis en insig te hê in sake die opstel en manipuleer van datastrukture (byvoorbeeld vektore, matrikse, geskakelde lyste, stapels en toue); Objekgeöriënteerde metodes, byvoorbeeld oorerwing en polimorfisme moet kan gebruik word om abstrakte datatipes vir bogenoemde datastrukture te skep; in staat wees om die kompleksiteit (looptyd en geheuespasie) van algoritmes te ontleed en kennis besit van verskeie datahanteringsprobleme en die oplos en ontleding daarvan; objekteorie en datastrukture prakties kan toepas.

ITRW223 (5)(8) STELSELONTLEDING EN –ONTWERP II (2 URE)

Die leerder behoort oor kennis en insig te beskik in die funksies van al die rolspelers tydens 'n stelsel se ontwikkeling, die latere fases in die stelselontwikkelinglewensiklus en verskeie modelleringstegnieke vir stelselontwerp; kreatief en probleemoplossend kan dink en optree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel ontwerp en ontwikkel word.

ITRW311 (6)(16) DATABASISSE I (3 URE)

Die leerder behoort basiese kennis van en insig te hê in die verskil tussen lêerstelsels en databasisse; die relasionele databasis-model teenoor hiërargiese en objekgeoriënteerde databasismodelle; entiteitsverwantskaps-modellering; normalisering van databasismodelle; databasisontwerp; transaksie-bestuur; die beheer van gelyktydige gebruik; en SQL en Oracle PL/SQL. Die leerder moet kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingsvelde.

ITRW312 (6)(8) KUNSMATIGE INTELLIGENSIE (2 URE)

Die leerder behoort kennis en insig te hê in die basiese begrippe binne die veld van Kunsmatige Intelligensie. Die leerder is bewus van die belangrike kwessies binne die vak asook die historiese grondslae van die vak. Die leerder moet die basiese tegnieke verstaan wat binne die veld gebruik word en kan dit op praktiese probleme toepas. Die praktiese implementering van die bemeesterde tegnieke word gedoen deur programme te skryf in 'n Kunsmatige Intelligensietaal.

ITRW313 (6)(8) DESKUNDIGE STELSELS (2 URE)

Die leerder behoort kennis en insig te hê in kennisgebaseerde programmeringstegnieke in die ontwerp en ontwikkeling van deskundige stelsels; verskillende strategieë ten opsigte van kennisvoorstelling en inferensietegnieke; deskundige stelselontleding en ontwerp, hulpmiddels en metodologieë. Die leerder moet kan kreatief en probleemoplossend dink en optree wanneer 'n deskundige stelsel ontwerp en ontwikkel word.

ITRW314 (6)(8) BESLUITSTEUNSTELSLS II (2 URE)

Die leerder behoort kennis en insig te hê in die formulering van eenvoudige probleme met stogastiese elemente (bv. voorraad-modelle), inleidende besluitnemingsteorie, sensitiwiteits-analise, en voorspelling. Die leerder moet eenvoudige bedryfsprobleme wat stogastiese elemente bevat kan modelleer, oplos en implementeer binne 'n besluitsteun-raamwerk.

ITRW315 (6)(8) KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder behoort basiese kennis en insig te verwerf het in die belangrikste kommunikasie-vaardighede, wat voordrag- en skryfvaardighede insluit. Die leerder moet bewus wees van die belangrikheid van menseverhoudinge, konflikbestuur en ander toepaslike gedragseienskappe en kan met vertroue voordragte lewer en korrek gestruktureerde verslae skryf.

ITRW321 (6)(16) DATABASISSE II (3 URE)

Die leerder behoort basiese kennis en insig te hê in verspreide databasisbestuurstelsels; objekgeoriënteerde databasisse; kliënt/bediener-stelsels; datapakhuis; databasisse en die internet en databasis-administrasie (teorie sowel as praktiese toepassings met Oracle). Die leerder moet kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingsvelde.

ITRW322 (6)(16) NETWERKPROGRAMMERING EN INTERNET (3 URE)

Die leerder behoort kennis van en insig hê in die werking van die OSI, TCP/IP en IEEE (lokale area netwerk) protokolle, sowel as protokol onafhanklike onderwerpe soos kongestiebeheer en roetering. Die leerder moet OSI, TCP/IP en IEEE (lokale area netwerk) protokolle bemeester het deur 'n laevlak implementering van die IEEE protokolle in 'n hoëvlak programmeertaal te doen. Die leerder moet beskik oor kennis van die Internet, sy werking, dienste en eienskappe en kan praktiese opdragte en die gepaardgaande implementering op die Internet doen.

ITRW323 (6)(16) BEDRYFSTELSELS EN E-HANDEL (3 URE)

Die leerder behoort kennis van en insig hê in die beginsels waarvolgens bedryfstelsels werk. Dit behels prosesbeheer in 'n multiprogram-meringsomgewing, samelopende prosesse, invoer en afvoer hantering, geheuebestuur, die lêerstelsel en bedryfstelselsekuriteit en die implementering van hierdie aspekte in 'n aantal bedryfstelsels (bv. UNIX en DOS/Windows). Die leerder moet beskik oor praktiese vaardigheid in die installering van bedryfstelsels en samelopende programmering waar interproseskommunikasie, sinkronisasie en wedersydse uitsluitingsprobleme opgelos moet word. Die leerder moet kennis hê ten opsigte van die waarde en toepassingsmoontlikhede van e-handel vir 'n onderneming en kan praktiese ondersoeke daarna doen.

ITRW324 (6)(16) IT-ONTWIKKELINGS (3 URE)

Die leerder behoort vertrou wees met die vinnige veranderinge wat op die terrein van IT en verwante dissiplines plaasvind, en kennis dra van die ontwikkeling(s) wat op daardie tydsfase belangrik is en dit kan in verband bring met die res van die program tot dusver gevolg. Die leerder moet kontak hê met die praktyk en praktiese ervaring verwerf oor hoe moderne IT-ontwikkelings geïntegreer en aangewend word in 'n onderneming om die volhoubaarheid van mededingende voordeel te verseker.

RGLO121 (5)(8) REKENARGELETTERDHEID: REKENAARVAARDIGHED (2 URE)

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik om die rekenaar en standaardwoordverwerking-, sigblad- en grafikaprogrammatuur effektief te gebruik; en kennis te dra van die internet en die voordele en beperkings daarvan vir die onderwys.

RIDO422 (6)(8) REKENAAR IN DIE ONDERWYS (2 URE)

Cf. RIDO511

RIDO511 (6)(8) REKENARTEGNOLOGIE IN DIE ONDERWYS (2 URE)

Na voltooiing van die module behoort die leerder te beskik oor kennis van die basiese werking van die rekenaar, vaardigheid in die gebruik van 'n bedryfstelsel, woordverwerking-, sigblad- en grafikapakket sowel as die internet en elektroniese pos; dit behoort deur die leerder prakties in onderwysgerigte toepassings gebruik kan word.

RIDO525 (6)(8) REKENARBEGINSELS EN DIE ONDERWYS (2 URE)

Na voltooiing van die module behoort die leerder oor die nodige kennis, vaardigheid, waardes en gesindhede te beskik om 'n kritiese evaluering te maak van geskikte rekenaarprogrammatuur en -apparatuur vir die onderwys en die implikasies vir die aankoop van apparatuur en programmatuur deur die skool. Kennis, vaardigheid en begrip moet gedemonstreer word van die term rekenaargesteuende onderrig en toetsing en die sinvolle toepassing daarvan in die onderwys.

JUNIOR-PRIMÊRE STUDIES (ONDERWYS)**JPUN116 (5)(16) JUNIOR-PRIMÊRE STUDIES: INLEIDING TOT KINDERONTWIKKELING (3 URE)**

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die ontwikkelingseienskappe van voorskoolse en grondslagfaseleerders betrekking het, beskik. Dit gaan ook om die verskillende tipes leerders, leerstyle en persoonlikhede.

JPUN126 (5)(16) JUNIOR-PRIMÈRE STUDIES: INLEIDING TOT UITKOMSGERIGTE OPVOEDING (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op uitkomsgerigte onderwystterminologie, die beplanning van leerervarings, fasilitering, groepwerk en hulpbronne dui, beskik.

JPUN216 (5)(8) JUNIOR-PRIMÈRE STUDIES: GRONDSLAGFASEGELETTERDHEID (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die verskillende geletterdheidsvaardighede (luister, praat, lees en skryf) dui, beskik, asook op benaderings wat in die grondslagfase gebruik word.

JPUN226 (5)(8) JUNIOR-PRIMÈRE STUDIES: GRONDSLAGFASE NUMERIESE GELETTERDHEID (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op alle aspekte van numeriese geletterdheid in die grondslagfase dui, beskik – insluitend probleemoplossing en numeriese konsepte.

JPUN316 (5)(8) JUNIOR-PRIMÈRE STUDIES: GRONDSLAGFASE LEWENS-VAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op alle aspekte van lewensvaardighede in die grondslagfase dui, beskik – insluitend multikulturele integrasie en godsdienstige uitgangspunte.

JPUN326 (5)(8) JUNIOR-PRIMÈRE STUDIES: ASSESSERING EN INTEGRASIE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op assessering in die grondslagfase dui, beskik. Dit sluit die integrasie van al agt leerareas en leerervarings in.

GEMEENSKAP EN OMGEWING (ONDERWYSSTUDIES)

KEVS121 (5)(8) GEMEENSKAP EN OMGEWING (2 URE)

Die leerder moet 'n begrip en kennis hê van die konstitusie en die basiese menseregte soos vervat in die land se grondwet. Die leerder moet die nodige lesse kan voorberei en aanbied op 'n groepsdeelnemebasis om leerders aktief te betrek by die onderwerp van bespreking. Dit sal hulle toerus om leerders voor te berei vir verantwoordelike burgerskap as individu, in die gemeenskap, en in Suid-Afrika. Die toekomstige onderwysers sal ook 'n basiese kennis van kinderregte en verantwoordelikhede hê om hul voor te berei vir hul taak as onderwysers. Hulle sal ook basiese arbeidsregkennis bekom om hul in staat te stel om hul eie posisie in die arbeidsmark te verstaan en te beding. Evaluering geskied deurdat leerders lesplanne moet uitwerk vir die basiese lesse na die klas.

KOMMUNIKASIESTUDIES

KOMS255 (6)(8) EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE (2 URE)

Die leerder behoort die basiese teoretiese beginsels van effektiewe kommunikasie te bemeester om dit binne organisasiekonteks te gaan toepas wat die volgende betref: interpersoonlike kommunikasie, onderhoudvoering, geskrewe beginsels en mondelinge aanbiedings.

KOMS266 (6)(8) TOEGEPASTE KOMMUNIKASIE (2 URE)

Die leerder behoort die teoretiese kennis wat in KOMS 255 geleer is, prakties toe te pas tydens die lewer van mondelinge voorleggings en die skryf van memoranda en verslae.

KUNSONTWIKKELING (ONDERWYS)**KNSG121 (5)(8) KINDERKUNSONTWIKKELING VIR ONDERWYSLEERDERS IN DIE GRONDSLAGFASE (2 URE)**

Na voltooiing van die module behoort die leerder toegepaste kennis in kinderkuns in die volgende fases te kan demonstreer: krabbelstadium; simbolestadium en die stadium van skematisering; individuele verskille en ooreenkomste in kinderkuns kan identifiseer en asseseer; inklusiewe navorsingsresultate kan lewer ten opsigte van die diversiteit van kinderkuns in die Grondslagfase van ons plurale samelewing; navorsingsresultate kan lewer ten opsigte van vakspesifieke temas wat gegee sal word.

ONDERRIGKOMPENSERING (ONDERWYS)**KPOK521 (5)(16) STUDIE VAN PROGRAMME VIR ONDERRIGKOMPENSERING (3 URE)**

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders kennis, vaardighede en 'n waarde-oordeel te kan demonstreer op die terrein van 'n verskeidenheid prosedures, programme en projekte vir milieu – gestremdes met die doel om kompensering te bewerkstellig. Die leerder moet ook in staat wees om kompensatoriese maatreëls te tref en aanpassings te maak in 'n multikulturele opset. Vaardighede in akkomodasie metodes word gedemonstreer.

LEERAREAMODULES**LAEW121 (5)(8) SPESIALE EKONOMIESE WETENSAPPE: INLEIDING TOT EKONOMIESE ORIËTERING (2 URE)**

Die leerder moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; hantering van rekeningkundige vaardighede; om sodoende 'n bydrae te maak tot die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika.

LAKK121 (5)(8) SPESIALE KUNS EN KULTUUR (2 URE)

Die leerder moet bewys kan lewer van 'n toegepaste kennis en vaardighede in: 1. Kurrikulering binne die leerarea Kuns en Kultuur; 2. Gebruiks- en toepassingsmoontlikhede van Kuns en Musiek as twee komponente van hierdie leerarea; 3. Kruis-kurrikulêre skakeling met ander leerareas; 4. Entrepreneursvaardighede binne hierdie leerarea.

LALO111 (5)(8) SPESIALE LEWENSORIËTERING (2 URE)

Die leerder moet kennis dra van die 8 leeruitkomst van die leerarea Lewensoriëntering.

LAMW111 (5)(8) SPESIALE MENS- EN SOSIALE WETENSAPPE: ORIËTERING IN MENSlike EN SOSIALE WETENSAP (2 URE)

Die leerder moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van

versamelde data deur verslaggewing; hantering van vaardighede; om sodoende 'n bydrae te maak tot die verbetering van die menslike en sosiale toestande in Suid-Afrika.

LANW111 (5)(8) SPESIALE NATUURWETENSKAPPE: LABORATORIUMBESTUUR EN DIDAKTIEK – MATERIE, LEWE, ENERGIE, PLANEET AARDE (2 URE)

Die leerder moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel ten opsigte van die daarstelling van 'n effektiewe leerkultuur en leeromgewing in 'n goed georganiseerde laboratorium.

LATG121 (5)(8) LEERAREA TEGNOLOGIE (2 URE)

Die leerder moet skriftelik kan demonstree dat hy/sy die nodige kennis en vaardighede, gesindhede en waardes bemeester om Inligingstegnologie, Rekenaartegnologie en Tegnologiese studies sinvol aan te wend oor al die leerareas heen.

TAALPRAKTYK

LAPR111 (5)(8) INLEIDING TOT DIE TAALPRAKTYK (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die basiese beginsels van taalpraktyk te verstaan en kan toepas; die basies vaardighede van vertaling, taalversorging en kopieskrywing te kan toepas.

LAPR121 (5)(16) TAALPRAKTYK EN PRAGMATIEK (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die basiese pragmatiese beginsels binne die taalpraktyk te verstaan en kan toepas; konteks, register, bron- en doeltaalgehoor te verreken; inleidende teoretiese beginsels bemeester het.

LAPR211 (5)(16) PERSPEKTIEWE OP DIE TAALPRAKTYK (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om 'n oorsig te gee van die ontwikkeling van teorieë binne die taalpraktyk; vertaalteoretiese vertrekunte te verstaan en krities kan bespreek; die rol van ekwivalensie in vertaling krities te kan bespreek; verskillende tekstipes en genres te onderskei, analiseer en verwerk.

LAPR221 (5)(8) VAARDIGHEDE VIR DIE TAALPRAKTYK: TEKSREDAKSIE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die beginsels van taalversorging te bemeester het; tekste uit verskillende vakgebiede te kan taalversorg; die verskil tussen taalversorging en proeflees te verstaan; vertaalmetodes, -modelle en -strategieë te verstaan en kan toepas.

LAPR222 (5)(16) VAARDIGHEDE VIR TAALPRAKTYK: TAALPRAKTYKHULPMIDDELE (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die persoonlike rekenaar as vertaalhulpmiddel te gebruik; basiese dokumentbestuur te kan doen en geskikte elektroniese en ander hulpmiddele kan identifiseer; elektroniese dokumente tegnies te kan versorg (gevoorderde woordverwerkingsvaardighede bemeester).

LAPR311 (6)(8) HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE: TEORIE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die teorie van vertaling in die 20^e eeu te verstaan en krities te bespreek; die rol van vertaalteorie in hedendaagse vertaalpraktyk te verstaan en kan toepas; krities te kan omgaan met die konsepte manipulasie, funksionele ekwivalensie en die onsigbare vertaler.

LAPR312 (6)(16) HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE: KREATIWITEIT EN KULTUUR (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die vaardighede vereis vir literêre vertaling krities te kan bespreek en toepas; die vaardighede vir gevorderde kopieskrywing te bemeester.

LAPR321 (6)(8) TAALPRAKTYK DAARBUITE: TOEPASSINGS (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die basiese beginsels van audiovisuele vertaling te verstaan en kan onderskei tussen die vereistes van onderskrifte en gesinkroniseerde oorklanking; die basiese beginsels van konsekatiewe en simultane tolking te verstaan; die unieke vereistes vir tegniese vertaling te verstaan en kan toepas; die basiese beginsels van taalpraktyk vir die uitgewersbedryf te verstaan.

LAPR322 (6)(8) TAALPRAKTYK DAARBUITE: DIE TAALPRAKTISYN (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die uitdagings van die praktyk van vryskutwerk te begryp; die basiese bestuur van 'n taalpraktyk te verstaan en kan toepas; die beginsels van kliënteverhoudinge en bemerking te verstaan en kan toepas; die beginsels van entrepreneurskap vir die taalpraktyk te verstaan.

LAPR323 (6)(16) TAALPRAKTYK DAARBUITE: INTERNSKAP (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om 'n internskap te voltooi by 'n taalpraktyk, 'n uitgewer, 'n taalburo, 'n koerant, of 'n soortgelyke industrie; en verslag kan doen van die spesifieke vereistes vir hierdie industrie; 'n gunstige verslag van die industrie te bekom; en 'n projek in te handig wat tydens die internskap voltooi is.

LEWENSVAARDIGHEDE (ONDERWYS)

LEWG111 (5)(8) LEWENSVAARDIGHEDE AKADEMIES: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort die uitkomst van Kurrikulum 2005 wat in Lewensoriëntering voorgeskryf word, te demonstreer ten opsigte van geloofsaspekte, waardestelsels, verhoudingstiging en persoonlikheidsontwikkeling; basiese musiekkonsepte bemeester; voldoen aan algemene oriëntasie en riglyne, asook informele bekendstelling en verduideliking van musiekkonsepte en vaardighede.

LEWG121 (5)(8) LEWENSVAARDIGHEDE: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en gesindhede te kan demonstreer ten opsigte van Bybelonderrig in die Grondslagfase, riglyne wat gevolg kan word vir die skep van 'n gunstige omgewing en 'n kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel. Leerders moet vaardighede en teorie in Musiek in die Grondslagfase bemeester en demonstreer. Hulle moet bedrewenheid toon in die praktiese uitvoering en aanbieding van vaardighedsaktiwiteite met sang en beweging as uitgangspunt tot musiekopvoeding.

LEWG211 (5)(8) LEWENSVAARDIGHEDE: GRONDSLAGFASE MUSIEK (2 URE)

Die leerder behoort komponente van die uitkomst ten opsigte van didaktiese riglyne in musiek kan demonstreer as 'n leerervaring vir Grondslagfase leerders.

LEWG221 (5)(8) LEWENSVAARDIGHEDE: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder behoort kennis te toon van fasilitering en integrering van lewensvaardighede in die Grondslagfase. Leerders moet ook uitkomst in musiekvaardighede en teorie vir die Grondslagfase kan demonstreer.

LEWV111 (5)(8) LEWENSWAARDIGHEID (2 URE)

Die leerder behoort te groei en ontwikkeling tot sy/haar volle potensiaal en die verbetering van lewenskwaliteit. Sosiale welstand en sukses word bevorder en disfunksionele gedrag word voorkom in veral moeilike, stresvolle situasies. Lewensvaardighede bemagtig die leerder om op 'n konstruktiewe wyse die probleme en uitdagings van die lewe aan te pak en die eise van sy/haar studies en voornemende beroep as onderrigsgewer te hanteer.

REGSKUNDIGE VAKKE**LLBR224 (5)(16) ARBEIDSREG (3 URE)**

Die leerder moet kennis ten opsigte van die volgende toepas: bronne en grondslag van die arbeidsreg; onderskeid tussen individuele en kollektiewe arbeidsreg; die Grondwet en die arbeidsreg; die verhouding tussen die werkgever en die werknemer; die individuele diensverhouding; onbillike ontslag van individuele werknemers; kollektiewe bedinging; stakings en uitsluitings; geskilbeslegting; werkplekforums; die arbeidsreg en die openbare sektor.

LRVK521 (6)(16) LEERDERREGTE EN –VERPLIGTINGE (3 URE)

Die leerder moet kan aantoon wat die regte van die leerder is; die verpligtinge van die leerder is; die onderwyser se aanspreeklikheid is ten opsigte van die leerder se veiligheid.

PVRR131 (5)(8) INLEIDING TOT KONTRAKTE- EN SAKEREG (2 URE)

Die leerder behoort die vermoë te bewys waardeur die algemene beginsels van kontrakreg toegepas word, om 'n gevolgtrekking en 'n aanbeveling te maak; 'n probleem te identifiseer en op te los word teen die agtergrond van 'n gegewe stel feite of 'n tipiese kommersiële probleem; 'n standpunt logies en sistematies te formuleer, te beredeneer en oor te dra; insig in die verwantskap tussen verskillende aspekte van kontrakreg te toon.

RHRP121 (5)(16) HANDELSREG: ONDERNEMINGSREG (3 URE)

Die leerder behoort teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die verskillende ondernemingsvorme te toon; behoorlike kennis en insig van die reg aangaande vennootskappe, beslote korporasies en sekere aspekte van die maatskappyereg te demonstreer; die relevante regsreëls van die verskillende ondernemingsvorme insake die stigting en totstandkoming, lidmaatskap, interne en eksterne verhoudings en ander relevante regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

RHRP311 (6)(16) HANDELSREG: MAATSKAPPYEREG – CAPITA SELECTA (3 URE)

Die leerder behoort teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die algemene beginsels en administrasie van maatskappye te toon; die relevante regsreëls aangaande algemene aspekte van die maatskappyereg, insluitende vermoë en verteenwoordiging; toewysing en uitreiking van aandele; oordrag van aandele; aanbod van aandele; bestuur van die maatskappy; lede- en direksievergaderings; re-organisasie, reëlings en skikkings; die ouditeur; likwidasie en geregtelike bestuur; en ander regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

MEDIAKUNDE

MEDI121 (5)(8) MEDIAKUNDE (2 URE)

Die leerder behoort te demonstreeer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die gebruik van die mediasentrum en inligtingsbronne in Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) te bevorder.

HULPBRONBESTUUR

MHBV111 (5)(8) INLEIDING TOT MENSEHULPBRONBESTUUR (2 URE)

Die leerder moet oor kennis en vaardighede beskik ten opsigte van oorsaaklikheid van gedrag; mensehulpbronbestuur (posontleding, mensehulpbronbeplanning, werwing, keuring, prestasiebestuur, opleiding); menslike diversiteit in werkskonteks (en toepassing op bestuur en kommunikasie); werksmotivering; groepsdinamika; loopbaanselfbestuur (waar onder CV's, onderhoude); bestuur van verandering.

NATUUR- EN SKEIKUNDE (ONDERWYS)

NASH131 (5)(8) NATUUR- EN SKEIKUNDE: (ATOME, MOLEKULE, VERBINDINGS) (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van die beskrywing van atoom- en molekulêre struktuur, toestande van materie en meting; molekulêre en verbindinge; praktykrelevansie van inhoude.

NASH141 (5)(8) NATUUR- EN SKEIKUNDE: STOIGIOMETRIE (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van wiskundige berekeninge en die wetenskaplike hantering van die beginsels van chemiese reaksies.

NASH151 (5)(8) NATUUR- EN SKEIKUNDE: INLEIDENDE MEGANIKA (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van die beskrywing van reglynige beweging en beweging in 'n plat vlak; die toepassing van Newton se bewegingswette in 'n verskeidenheid situasies; die wetenskaplike hantering van die begrippe arbeid en energie.

NASH161 (5)(8) NATUUR- EN SKEIKUNDE: WARMTELEER (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van warmte as vorm van energie; die termiese uitsetting van vastestowwe en vloeistowwe; die geleiding van warmte en faseveranderinge; die toepassing van die eerste twee wette van termodinamika; die wetenskaplike hantering van die begrip entropie.

NASH231 (5)(8) NATUUR- EN SKEIKUNDE: GEVORDERDE MEGANIKA (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die toepassing van Newton se universele gravitasiewet; die wiskundige hantering van momentum en botsings; die beskrywing van rotasiebeweging en die beweging van fluïdes; die praktykrelevansie van inhoude.

NASH241 (5)(8) NATUUR- EN SKEIKUNDE: INLEIDENDE ELEKTRISITEITSLEER (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van elektrostatiese kragte; elektriese velde; elektrostatiese potensiaal; elektriese stroom; die wet van Ohm en die praktykrelevansie van inhoude.

NASH251 (5)(8) NATUUR- EN SKEIKUNDE: ATOOMSTRUKTUUR (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die ontwikkeling van die atoomstruktuur asook die verwantskap tussen atoomstruktuur en chemiese eienskappe van elemente en verbindings; elektronstruktuur en periodisiteit; die rangskikking van atome in verbindings en die kragte wat 'n rol speel in die vorming van molekules.

NASH261 (5)(8) NATUUR- EN SKEIKUNDE : INTERMOLEKULÊRE KRAGTE (2 URE)

Die leerder moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die fisiese en chemiese beskrywing van gasse; intermolekulêre kragte werksaam in vloeistowwe en vaste stowwe; onderskeid tussen verskillende tipes oplossings; die hantering van konsentrasies; bindingtipes en molekulêre struktuur van verskeie organiese entiteite.

NEBK511 (6)(16) DIE AARDE EN DAARBUIE VIR WETENSKAP (3 URE)

Die leerder moet na die voltooiing van die module toegerus wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Geografie en Geologie wat op leef en lewe betrekking het in die AOO-band te fasiliteer.

NECK521 (6)(16) ENERGIE EN VERANDERING VIR WETENSKAP (3 URE)

Na afloop van hierdie module moet die leerder in staat wees om die ontwikkeling van temas rondom energie en verandering, die noodsaaklike aspekte van Fisika en verwante leerervarings in die AOO-band te fasiliteer.

NLLK521 (6)(16) LEWE EN LEWENSWYSE VIR WETENSKAP (AOO-BAND) (3 URE)

Die leerder sal na die voltooiing van die module toegerus wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Plantkunde, Dierkunde en Fisiologie wat op leef en lewe betrekking het in die AOO-band te fasiliteer.

NMMK521 (6)(16) MATERIE EN MATERIALE VIR WETENSKAP (3 URE)

Die leerder moet na die voltooiing van die module in staat wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Chemie betreffende materie en materiaal in die AOO-band te fasiliteer.

OPENBARE BESTUUR EN ADMINISTRASIE

OBAD111 (5)(8) INLEIDING TOT OPENBARE BESTUUR (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die multi-dissiplinêre aard van Openbare Bestuur en Administrasie, sowel as die verskille tussen openbare en privaatsektor te verstaan; die behoefte vir doeltreffende bestuur, bestuursbenaderings, -beginsels en teorieë te bepaal en hy/sy sal ook bestuursetiek en professionalisme leer; die lokus en fokus van Openbare Bestuur en Administrasie as dissipline te verstaan, die teorieë, beginsels en benaderings tot die bestudering van Openbare Bestuur en Administrasie te ken en te verstaan.

OBAD121 (5)(8) OPENBARE BESTUUR EN DIENSLEWERING (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die aard van die verskillende omgewings (polities, ekonomies, tegnologies, kultureel, sosiaal en wetlik/statutêr) wat die werk van die openbare bestuurder beïnvloed, te ontleed en verstaan. Hy/sy sal in staat wees om bestuurswerk te kan afbaken in byvoorbeeld beskerming, welvaart, maatskaplik en sosiaal, kultureel en opvoedkundig sowel as omgewingsake.

OBAD122 (5)(8) VOLHOUBARE ONTWIKKELING EN DIENSLEWERING (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die sosio-ekonomiese konteks van Suid- en Suider-Afrika te ontleed en te vertolk; alternatiewe diensleweringmeganismes in terme van hulle toepaslikheid binne die sosio-ekonomiese konteks te vertolk.

OBAD211 (5)(8) BELEIDSTUDIES EN BEPLANNING (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die beleidmakingproses in Suid-Afrika te verstaan en om sensitiwiteit rakende die rol van die openbare bestuurder in die beleidmakingproses te ontwikkel; om die openbare beplanningproses (doel/missies/doelwitte/strategieë/prosedures/beleid, ensovoorts) wat die bestuurder in staat stel om in 'n veranderende omgewing te bestuur, te kan verduidelik en te evalueer.

OBAD212 (5)(8) BELEIDSIMPLEMENTERING VIR OPENBARE DIENSLEWERING (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om openbare beleid in programme en projekte vir implementering om te skakel; projekbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas; die noodsaaklikheid van organisatoriese ontledings in terme van kapasiteit, hulpbronne en infrastruktuur te verstaan en te vertolk ten einde beleidsdoelwitte te implementeer; die impak van beleidsimplementering op die samelewing te ontleed.

OBAD221 (5)(8) OPENBARE BESTUURSBEGINSELS (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die verskillende bestuursfunksies (leidinggewing, beplanning, koördinerende, organiserende en beheer) te kan bepaal en verstaan en moet ook in staat wees om dit toe te pas; toepaslike organisasiestrukture vir dienslewering te verstaan en toe te pas; individuele prioriteitsbepaling, tydsbestuur en hulpbronnontledings toe te pas (taakorganiserende).

OBAD222 (5)(8) MUNISIPALE BESTUUR (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om 'n historiese oorsig van munisipale regering in Suid-Afrika te verskaf; munisipale grondwetlike en statutêre hervormings in Suid-Afrika te verklaar; kernaspekte tot die bestuur van munisipaliteite te verstaan; demokrasie op plaaslike owerheidsvlak te verklaar en te ontleed; interowerheids-verhoudinge insluitend fiskale reëlings te vertolk; munisipale strukture te identifiseer en te vertolk; munisipale finansiële bestuur te verstaan; beleidbepaling op plaaslike owerheidsvlak te verduidelik en te ontleed; vraagstukke vir munisipale bestuur in Suid-Afrika te identifiseer en oplossings aan die hand te doen; alternatiewe diensleweringmeganismes op plaaslike owerheidsvlak (PPPs) te identifiseer en te ontleed.

OBAD311 (6)(8) BESTUURSWAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die verskillende bestuursvaardighede (besluitneming, kommunikasie, onderhandelinge, interpersoonlike verhoudings, en konfliktoplossingsvaardighede) te verstaan en te kan toepas sodat hy/sy effektief kan bestuur.

OBAD312 (6)(8) GESELEKTEERDE BESTUURSWAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om menslike hulpbronbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas; finansiële bestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas.

OBAD321 (6)(8) BESTUURSTOEPASSING EN TEGNIEKE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die bestuursgebruike rakende toepassingsareas soos beleidsanalise, strategiese bestuur, organisasie-ontwikkeling en doelwitbestuur te kan bepaal, evalueer en te kan toepas; die verskillende bestuurstechnieke wat in die bestuurskonteks toegepas kan word, te ken.

OBAD322 (6)(8) OPENBARE SEKTOR VRAAGSTUKKE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die noodsaak van strategiese openbare sektor bestuur te vertolk; openbare sektorvraagstukke soos die bestuur van verandering, hulpbronbeperkings, gebrekkige vaardighede en ander sosio-ekonomiese aspekte in terme van bestuursuitdagings te ontleed en oplossings aan die hand doen ten einde hierdie vraagstukke aan te spreek; die noodsaaklikheid van scenario-bou, toekomsstudies en tendensontleding te verstaan.

ONDERNEMINGSBESTUUR

ONBP111 (5)(8) INLEIDING TOT ONDERNEMINGSBESTUUR (2 URE)

Die leerder behoort die grondbegrippe van Ondernemingsbestuur te verstaan en dit toe te pas; die ekonomiese struktuur waarbinne die onderneming funksioneer te verstaan; Ondernemingsbestuur as wetenskap te verklaar; die historiese ontwikkeling in Ondernemingsbestuur te verstaan; die verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en te verklaar; die bestuursomgewing op internasionale, makro-, mark- en mikrovlak te bespreek; die strategiese beplannings- en strategie-implementeringsproses te bespreek; beplanning as een van die basiese bestuurstake te doen, die elemente wat die beplanningsproses beïnvloed te identifiseer en die beginsels van besluitneming toe te pas; koördinasie en produktiwiteit te verduidelik; die beginsels van organiseer en delegeer toe te pas; die aktivering van werknemers deur middel van kommunikasie, leierskap en motivering te ken; te verduidelik hoe ondernemingsaktiwiteite beheer word.

ONBP121 (5)(16) ENTREPRENEURSKAP (3 URE)

Die leerder behoort kennis en toepassing rakende entrepreneurskap, intrapreneurskap en die belangrikheid van klein-, medium- en mikro-ondernemings te demonstreer; die probleme van klein- en medium ondernemings, vestigingsfaktore, ondernemingsvorme en wetlike aspekte te verduidelik; die entrepreneuriese proses, idee-generering en omgewingsverkenning te ken; te verduidelik wat 'n lewensvatbaarheidstudie behels; te verduidelik wat 'n verkorte sakeplan met funksionele planne behels.

ONBP211 (6)(16) INLEIDING TOT BEMARKINGSBESTUUR (3 URE)

Die leerder behoort die aard van bemarking te beskryf, die bemarkingsproses in 'n onderneming toe te pas, die ondernemingsomgewing te verken, die verskillende faktore wat verbruikergedrag beïnvloed, te identifiseer en te verduidelik, marksegmentering te doen, om markgeleenthede deur bemarkingsnavorsing te identifiseer, die produkkonsep te verstaan, die elemente van die produkkonsep in 'n werklike produk te identifiseer, die fases van nuweprodukontwikkeling te verduidelik, die beginsels van distribusiekanale te bespreek, die konsepte van fisiese distribusie te verduidelik, die elemente van die bemarkingskommunikasie-mengsel te identifiseer en te verduidelik, die faktore wat prysbesluite beïnvloed, te bespreek, die beginsels van die produklewensiklus toe te pas, bemarkingsbeplanning uit te voer, 'n

bemarkingsoudit te doen, die verskillende bemarkingstrategieë te identifiseer en te bespreek, die uniekheid van internasionale bemarking te verduidelik.

ONBP221 (6)(16) LOGISTIEKE BESTUUR (3 URE)

Die leerder behoort die aard van logistieke bestuur te beskryf, logistiek as 'n geïntegreerde geheel te verduidelik, die inkomende kant van die logistieke ketting te verduidelik, die uitgaande kant van die logistieke ketting te verduidelik, die rol en belangrikheid van vervoer in logistiek aan te dui, die belangrikheid van voorraad te bespreek en om voorraaditems te klassifiseer, die komponente van totale voorraadkoste te beskryf en te bereken, die aard en belangrikheid van pakhuse aan te dui, die internasionale logistieke proses en deelnemers te bespreek.

ONBP311 (6)(16) LEWENSVATBAARHEIDSTUDIES (3 URE)

Die leerder behoort die produkontwikkelingsproses vir die ontwikkeling van 'n produk of diens vir 'n nuwe of bestaande onderneming toe te pas, 'n markontleding uit te voer wat 'n mededinger- en verbruikerprofiel, neigings in die bedryf en teikenmarkidentifisering insluit, verkoopsyfers, produkkoste, brutomarge, sowel as vestigings- en bedryfsuitgawes te bereken, 'n proforma inkomtestaat, balansstaat en kontantvloeistaat op te stel en 'n projekontleding uit te voer waartydens die beginsels van die tydwaarde van geld met spesifieke beleggingskriteria geïnkorporeer word.

ONBP321 (6)(16) ONDERNEMINGSPLAN (3 URE)

Die leerder behoort 'n gebalanseerde bestuursplan vir 'n nuwe onderneming saam te stel, die proforma inkomtestaat, balansstaat en kontantvloeistaat in die ondernemingsplan te integreer, die inkomtestaat, balansstaat en kontantvloeistaat te interpreteer deur van verhoudingsontledings, Du Pontontledings en lewensvatbare groeiomodelle gebruik te maak, funksionele planne as deel van die ondernemingsplan te formuleer en 'n ondernemingsplan vir 'n nuwe onderneming te ontwikkel en voor te lê.

ONDH131 (5)(8) ONDERNEMINGSBESTUUR: OORSPRONG VAN 'N ONDERNEMING (2 URE)

Die leerder behoort die studieveld van Ondernemingsbestuur te identifiseer; die begrip ekonomiese handeling te verduidelik en die dryfkrag daaragter te verklaar; die funksionele deelgebiede van ondernemingsbestuur uit een te sit; die verskillende oprigtingsvraagstukke van 'n nuwe onderneming te identifiseer en toe te pas en tussen die verskillende ondernemingsvorme te onderskei.

ONDH141 (5)(8) ONDERNEMINGSBESTUUR: MENSLIKE HULPBRONNEBESTUUR (2 URE)

Die leerder behoort die ontwikkeling van die verskillende bestuursdenke te verstaan; by algemene bestuur die vier basiese en ses bykomende bestuurstake in 'n onderneming te identifiseer en prakties toe te pas; en by menslike hulpbronbestuur, werwing, keuring, plasing en oriëntering van personeel suksesvol te kan uitvoer.

ONDH151 (5)(8) ONDERNEMINGSBESTUUR: PRODUKSIEFUNKSIES (2 URE)

Die leerder behoort by inligtingsbestuur die bestuursinligting wat deur verskillende ondernemingsfunksies benodig word, aan te dui en 'n stelsel te ontwerp wat die bestuur van korrekte inligting op die regte tyd voorsien; by aankoopbestuur die rol van bestuur in die aankoopfunksie te identifiseer; die aankoopproses suksesvol te beplan en uit te voer, by produksie- en operasionele bestuur die take en aktiwiteite van die bestuur te identifiseer sodat goedere en dienste gelewer kan word vir behoeftebevrediging.

ONDH161 (5)(8) ONDERNEMINGSBESTUUR: FINANSIËLE BESTUUR (2 URE)

Die leerder behoort by finansiële bestuur die belangrike besluite wat 'n finansiële bestuurder moet neem ten opsigte van investering, finansiering, bedryfskapitaalbestuur en inkomsteverdeling te kan waarneem, by bemarkingsbestuur die belangrike rol wat die bemarkingsfunksie speel in die bevrediging van menslike behoeftes aan te dui; by bestuur van eksterne betrekkinge die noodsaaklikheid van die bestuur in die handhawing en verbetering van die beeld van die onderneming by sy belangegroep te verstaan.

ONDH231 (5)(8) ONDERNEMINGSBESTUUR: INLEIDING TOT BESTUUR EN BEPLANNING (2 URE)

Die leerder behoort met die rol van bestuur en bestuurders in die onderneming kennis te maak; die ontwikkeling van bestuursdenke aan te toon; met die vinnig veranderde bestuursomgewing vertrou te raak; aan vooruitskatting en omgewingscenario's aandag te gee; die belangrikheid van bestuursetiek en sosiale verantwoordelikheid aan te toon; met beplanning as basiese bestuurstaak kennis te maak insluitend doelstellings, doelwitbestuur, strategiese beplanning, strategie-implementering; en die belangrikheid van besluitneming, koördinasie en produktiwiteit te besef.

ONDH241 (5)(8) ONDERNEMINGSBESTUUR: ORGANISERING (2 URE)

Die leerder behoort die beginsels van organisering te verstaan; met sekere organisasiesistels kennis te maak wat die onderneming tot 'n geheel kan saambind en orden; die belangrikheid van sommige van die bykomende bestuurstake naamlik, delegering en dissiplinerende te besef; en met desentralisasie, sentralisasie en tydbestuur vertrou te raak sodat voortdurend verandering en vernuwing in 'n onderneming geskep kan word.

ONDH251 (5)(8) ONDERNEMINGSBESTUUR: AKTIVERING (2 URE)

Die leerder behoort die waarde van motivering en leierskap te besef om werknemers daartoe te lei om doeltreffend as 'n span saam te werk; die belangrikheid van kommunikasie te besef; kennis van konflik en spanning op te doen ter identifikasie; diagnosering en funksionele oplossing daarvan en om innovasie en kreatiwiteit waar te neem en konstruktief te benut ten einde ondernemings- en individuele doelstellings te bereik.

ONDH261 (5)(8) ONDERNEMINGSBESTUUR: BEHEER (2 URE)

Die leerder behoort verskillende soorte beheer te kan toepas deur alle aktiwiteite op alle bestuursvlakke op 'n deurlopende grondslag te monitor ten einde afwykings vroegtydig te identifiseer, sodat die nodige aanpassings of regstellings aangebring kan word en die belangrikheid van begrotingsbeheer te alle tye te besef.

TOERISME**ONTV111 (5)(8) INLEIDING TOT TOERISMEBESTUUR (2 URE)**

Die leerder behoort met die nodige kennis die toerismebedryf te ontleed, die effek van toerisme op die gasheergemeenskap te identifiseer, toerisme as 'n wetenskap wetenskaplik te ontleed, die ekonomiese invloed van toerisme op die gasheergemeenskap en die vermenigvuldige effek van toerismebesteding te bepaal.

ONDERRIGSTUDIES

OPAN119 (5)(8) ONDERRIGSTUDIES: HISTORIESE OPVOEDKUNDE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op opvoedkundige ontwikkelings in die verlede en die toepassing van huidige opvoedingspraktyke betrekking het, beskik.

OPAN129 (5)(8) ONDERRIGSTUDIES: HISTORIESE OPVOEDKUNDE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die verskillende rolle van die opvoeder (veral as rolmodel) dui, beskik; in staat te wees om leerders onder hulle sorg te begelei om hul eie waardes en lewensvaardighede te ontwikkel; te bewys dat hy/sy op verantwoordelike manier as klaskamerbestuurders en -administrateurs kan optree.

OPAN219 (5)(8) ONDERRIGSTUDIES: OPVOEDINGSFILOSOFIE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die ontwikkeling en toepassing van 'n persoonlike Christelike filosofie, verskeie konsepte en norme betrekking het, beskik.

OPAN319 (5)(8) ONDERRIGSTUDIES: SOSIO-OPVOEDKUNDE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die identifisering, berading of verwysing van leerders met sosiale probleme na professionele beraders of sielkundiges dui, beskik; te bewys dat hy/sy op verantwoordelike manier as klaskamerbestuurders en -administrateurs kan optree.

OPVK111 (5)(8) ONDERWYSSTUDIES (2 URE)

Die leerder behoort die basiese fasette van die formele didaktiese situasie en die kurrikulum te kan herken en dit as verwysingsraamwerk tydens vakdidaktiese besprekings en Praktiese Onderwys kan gebruik.

OPVK211 (5)(8) ONDERWYSSTUDIES: FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING (2 URE)

Die leerder behoort 'n wetenskaplike besinning te gee oor die werklikheid, oor die mens en die verband hiervan met die opvoedingsgebeur asook 'n kritiese waardering van die standpunte van enkele lewens-en-wêreldbeskouings en die implikasies daarvan vir opvoedkunde en onderwys vanuit 'n Christelike lewensopvatting.

OPVK321 (6)(8) ONDERWYSSTUDIES: SOSIOPEDAGOGIEK (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardigheid en insig te toon van wat Sosiopedagogiek is, begrippe te ken en verklaar; die sosiale rol van die gesin en skool in te weef in die onderwys; verskillende eietydse jeugprobleme kan identifiseer (by die kind) en die kind help om weer suksesvol sy/haar plek in die samelewing vol te staan.

ONDERWYSREG

ORAK511 (6)(8) ONDERWYSREG, -STELSELS EN –ADMINISTRASIE A (2 URE)

Die leerder moet kennis, vaardighede en insig demonstreer met betrekking tot die skool as organisasie en die onderwys as profesie; die onderwyser se verhouding met sy/haar werkgewer kan ontleed deur veral te fokus op die diensvoorwaardes van die onderwyser.

ORAK521 (6)(8) ONDERWYSREG, -STELSELS EN –ADMINISTRASIE B (2 URE)

Die leerder moet kennis, vaardighede en perspektief kan demonstreer om as bestuurder in die onderwys op te tree; die nodige kennis van die onderwysreg demonstreer deur te alle tye korrek op te tree as onderwysers wat betref sy/haar regte en verpligtinge; bewys wees van die besondere eise wat aan die beginneronderwyser gestel word en die nodige strategieë kan implementeer om sy/haar toegang tot die professie so effektief moontlik te laat verloop.

ONDERRIG EN LEER (ONDERWYS)

ORLK511 (6)(8) ONDERRIG EN LEER A (2 URE)

Die leerder behoort kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig en leer te demonstreer deur onderskeidelik die inligtingverwerkings- en konstruktivistiese benaderings tot leer te beskryf en met mekaar te vergelyk; die kognitiewe, metakognitiewe en motiveringsveranderlikes wat bydra tot effektiewe leer te beskryf en te ontleed; die bydrae van 'n interaktiewe onderrigbenadering, met inbegrip van koöperatiewe leermodelle en geskikte onderrigleermetodes en –media, en kontinue assessering tot effektiewe onderrigleerstuasia's te beskryf, ontleed en te illustreer.

ORLK521 (6)(8) ONDERRIG EN LEER B (2 URE)

Die leerder behoort kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig, leer en die kurrikulum te demonstreer deur: effektiewe leer te ontleed aan die hand van 'n model van die effektiewe leerder; motivering volgens die attribusieteorie en selfdoeltreffendheidsoortuigings kan verduidelik en ontleed; die bydrae van effektiewe kurrikulering, soos vergestalt in die kurrikulumsiklus, tot doeltreffende onderwys te beskryf, ontleed en te illustreer.

ORPK511 (5)(16) REGSTELLING VAN OPVOEDINGSPROBLEMATIEK (3 URE)

Die leerder behoort te demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede en waardes bemeester het om kinders met besondere onderwysbehoefte te identifiseer en te plaas ten opsigte van beeld en voorkoms. Metodes en doelgerigte, gespesialiseerde programme word aangewend om regstelling te bewerkstellig.

ORTK511 (5)(16) REGSTELLING VAN DISHARMONIESE ONDERRIGMOMENTE (3 URE)

Die leerder behoort die nodige kennis en waardes kan demonstreer deur kinders met leerprobleme te identifiseer met inagneming van elkeen se bereikte en bereikbare niveau. Vaardighede in programme van regstelling moet ook gedemonstreer word.

POLITIEKE STUDIES

POLI111 (5)(8) DIE STAAT, POLITIEK EN REGERING (2 URE)

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die oorsprong, ontwikkeling en doel van die staat te beskryf en te verduidelik; politiek, mag, gesag en legitimiteit as begrippe te definieer en te verduidelik; 'n ontledende oorsig te kan gee van die aard, omvang, benaderings en teorieë in die politiek.

POLI121 (5)(8) DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL (2 URE)

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die struktuur en verskillende komponente van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en die verhouding tussen hulle te beskryf; te verduidelik wat koöperatiewe regering is en hoe dit deel vorm van die regeerproses in Suid-

Afrika; die impak van konstitusionalisme en die Handves van Menseregte op die funksionering van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel te bespreek.

PROFESSIONELE STUDIES (ONDERWYS)

PRSN319 (5)(8) PROFESSIONELE STUDIES (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die rasionaal en samestellende dele van Kurrikulum 2005 betrekking het, beskik. Dit sal as basis dien vir die implementering van die volgende uitkomsgerigte beginsels: die oorsake vir die wêreldwye en plaaslike veranderinge in opvoedkundige perspektiewe, die Nasionale Kwalifikasieraamwerk as paradigma vir nuwe perspektiewe in die opvoedkunde, die aard en eienskappe van UGO op die didaktiese situasie, die struktuur en samestellende dele van Kurrikulum 2005 en riglyne vir programontwikkeling en assessering.

PSIGOLOGIE

PSIG131 (5)(8) INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: FISIESE EN KOGNITIEWE PROSESSE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om basiese, kontekstueel-relevante psigologiese benaderings ten opsigte van menslike fisiese en kognitiewe prosesse in 'n kultureel-diverse omgewing te kan identifiseer en beskryf.

PSIG151 (5)(8) INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: EMOSIONELE EN MOTIVERINGS-PROSESSE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om basiese, kontekstueel-relevante psigologiese benaderings ten opsigte van menslike emosionele en motiveringsprosesse in 'n kultureel-diverse omgewing te kan identifiseer en beskryf.

PSIG161 (5)(8) INTERPERSOONLIKE-, SOSIALE- EN GEMEENSKAPSPSIGOLOGIE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die teoretiese onderbou en toepassingswaarde in die veld van gedragswetenskappe, met betrekking tot interpersoonlike-, sosiale en gemeenskaps-psigologie te identifiseer en beskryf.

PSIG211 (5)(16) MENSLIKE ONTWIKKELING EN SOSIO-KULTURELE KONTEKS (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om psigologies relevante prosesse en ander belangrike invloede wat 'n konsekwente rol speel in die ontwikkeling van die individu te verduidelik; die basiese kenmerke van gedrag in elke ontwikkelingsfase, asook die invloed van diverse kontekste op gedrag, te beskryf; en te bespreek hoe fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosiale aspekte van ontwikkeling ingebed is in 'n bepaalde konteks van verhoudings, gesin, gemeenskap, kultuur en omstandighede.

PSIG241 (5)(8) PERSPEKTIEWE OP MENSWEES (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die verskeie perspektiewe op menswees binne 'n kultureel-diverse konteks basies te beskryf, vertolk en te kritiseer, ten einde 'n persoonlike mensbeskouing te formuleer, waarteen menslike- en/of organisasie-ontwikkeling gefasiliteer kan word.

PSIG251 (5)(8) PSIGOLOGIESE GESONDHEID: MENSLIKE STERKTES EN VEER-KRAGTIGHEID (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die oorsprong, manifestasies en patrone van psigologiese sterktes en veerkragtigheid uit verskillende teoretiese raamwerke te kan konseptualiseer; die manifestasies daarvan by mense in verskillende lewensfasies (kindertyd, adolessensie, volwassenheid, bejaardheid) in verskillende kontekste (interpersoonlik, kultureel, werk) en op verskillende vlakke (individue, groep) te kan beskryf en in praktyk te kan identifiseer om die biopsigososiale welsyn van individue, groepe en op gemeenskapsvlak te kan fasiliteer.

PSIG252 (5)(8) INLEIDING TOT HULPVERLENING EN ETIEK (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om 'n algemene model en proses van hulpverlening en fasiliterende gespreksvoering te konseptualiseer en te gebruik om ander mense te help om alledaagse lewensprobleme op te los, sowel as om etiese kwessies wat in die hulpverleningsituasie voorkom te kan bespreek.

PSIG261 (5)(8) LEWENSWAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om lewensvaardighede in individue, groepe, organisasies en gemeenskappe te fasiliteer, ten einde algemene welsyn in sodanige kultureel-diverse konteks te bevorder deur aanbieding van lewensvaardighedsprogramme.

PSIG311 (6)(16) INLEIDING TOT PSIGOPATOLOGIE EN –FORTOLOGIE (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om met betrekking tot die kinderjare, adolessensie en volwassenheid, risikofaktore te identifiseer wat die vatbaarheid vir psigopatologie verhoog; die verskillende vorme van psigopatologie te identifiseer en te omskryf; en laastens die konsep van psigologiese welstand basies te omskryf, asook maniere waarop welstand vir hierdie groepe bevorder kan word, voor te stel.

PSIG341 (6)(8) GEMEENSKAPSPSIGOLOGIE EN –PROGRAMME (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om deur middel van aksienavorsing, die impak van sosiale-, omgewings- en gemeenskapskrisisse op die gesondheid van mense te bepaal, en op grond daarvan 'n behoeftebepaling te doen, 'n program saam te stel en aan te bied in die gemeenskap.

PSIG321 (6)(16) GESONDHEIDSVOORLIGTING (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die biopsigososiale perspektief op fisieke gesondheid en – siekte, asook teorieë van gesondheidsvoorligting, te beskryf; gesondheids- en siektegedrag te evalueer; basiese psigologiese intervensies binne die mediese konteks te doen; asook programme wat siekerisiko's uitskakel en gesondheid bevorder, toepaslik vir die Suid-Afrikaanse konteks aan te bied.

PSIG351 (6)(8) MENSLIKE DIVERSITEIT (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om vanuit 'n eko-sistemiese model, die nodige kennis, vaardighede en houdings te demonstreer om in 'n kultureel-diverse samelewingsomgewing as hulpverlener/voorligter die biopsigososiale welsyn van individue en groepe te bevorder.

PSIG361 (6)(8) KRISISINTERVENSIE (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die algemene aard en dinamiek van verskillende tipes krisissituasies (soos dreigende selfmoord, aanranding, traumatiese verliese, ens.), sowel as die tipiese reaksies van persone daarop te kan beskryf, en teen die agtergrond van teoretiese modelle en spesifieke evalueringstelsels, kultuursensitiewe, eties-verantwoorde intervensies

en kritiese-insident-stresontlontings te kan toepas, met bewustheid van die langtermyn effek van hierdie werk op die hulpverlener, en wyses om die impak daarvan te hanteer.

REKENINGKUNDE

RECP111 (5)(16) REKENINGKUNDE: RAAMWERK, GRONDSLAE EN TOEPASSINGS (3 URE)

Die leerder behoort grondslae van rekeningkunde, basiese teorie en begrippe in die algemeen toe te pas; die eenvoudige transaksies van 'n eenmansaak teboek te kan stel en daarvoor verslag te doen; eenvoudige transaksies rakende ondernemings sonder winsoogmerk teboek te stel en daarvoor verslag te doen; berekening en teboekstelling te doen ten opsigte van versekeringseise; rekeningkundige rekords te rekonstrueer waar inligting en rekords ontbreek; behoorlike begrip te toon van die AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk) standpunte RE 000, RE 101, RE 108.

RECP121 (5)(16) REKENINGKUNDE: INLEIDENDE KORPORATIEWE REKENINGKUNDE (3 URE)

Die leerder behoort transaksies rakende vennootskappe, insluitend veranderinge in eienaarskap, teboek te stel en daarvoor verslag te doen; transaksies rakende maatskappy en beslote korporasie, insluitend die verandering in eienaarskap, in ooreenstemming met toepaslike gedeeltes uit die betrokke wetgewing, teboek te kan stel en daarvoor verslag te doen; die AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk) standpunte RE 000 en RE 101 toe te pas in gegewe eenvoudige situasies; toepaslike gedeeltes van die vierde bylae van die Maatskappywet, "Wet 61 van 1973, soos gewysig" en Wet op Beslote Korporasies, "Wet 69 van 1984, soos gewysig" word ook in hierdie module ingesluit.

RECP211 (6)(16) REKENINGKUNDE: KORPORATIEWE REKENINGKUNDE: ONTLEDING EN VERTOLKING (3 URE)

Die leerder behoort behoorlike kennis en begrip te toon van die Maatskappywet se vierde Bylae en vereistes van die direkteursverslag en dit te kan toepas in die opstel van finansiële state; om bogenoemde inligting toe te pas in 'n gegewe feitestel; behoorlike kennis te openbaar van transaksies, waardasies en openbaarmaking rondom beleggings en dit in 'n gegewe feitestel te kan toepas; behoorlike kennis te openbaar van transaksies en openbaarmaking rondom skuldbriewe en dit in 'n gegewe feitestel te kan toepas; prakties die rekeningkundige hantering van omskepping van verskillende ondernemingsvorme na beslote korporasie/maatskappy toe te pas. Verdienste per aandeel te bereken en te openbaar in die finansiële state; finansiële state te ontleed met behulp van verhoudingsontleding, verdienste per aandeel (RE 104) en kontantvloei (RE 118), dit krities te bespreek en te evalueer en aanbevelings te maak.

RECP221 (6)(16) REKENINGKUNDE: INLEIDING TOT AARP EN GROEPSTATE (3 URE)

Die leerder behoort 'n behoorlike kennis en begrip van die beginsels neergelê in RE 103 (netto wins/verlies in die inkomstestaat) en RE 105 (Hure) te openbaar en dit toe te pas in 'n gegewe probleemstelling; 'n basiese gekonsolideerde inkomstestaat, balanstaat en staat van verandering in ekwiteit met betrekking tot intergroeptransaksies op te stel.

RECP311 (6)(16) REKENINGKUNDE: AARP – CAPITA SELECTA (3 URE)

Die leerder behoort finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek binne 'n gegewe probleemstelling.

RECP321 (6)(16) REKENINGKUNDE: GROEPSTATE EN KOMPLEKSE GROEPE (3 URE)

Die leerder behoort gevorderde gekonsolideerde finansiële state op te stel met inbegrip van intermaatskappytransaksies, komplekse groepe en verandering in mate van beheer; geassosieerdes en gesamentlike ondernemings volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk rekeningkundig te verantwoord en te integreer met gekonsolideerde finansiële state.

REKH131 (5)(8) REKENINGKUNDE: INLEIDING TOT REKENINGKUNDIGE VAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik, die inligtingsbehoefes van verskillende gebruikers te bepaal, die dokumentering van transaksies te behartig, joernale en grootboeke te skep en 'n rekeningkundige sisteem te ontwerp wat aan die vereistes van 'n spesifieke entiteit voldoen.

REKH141 (5)(8) REKENINGKUNDE: HULPJOERNALE / GROOTBOEKE (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om wisseltransaksies in die rekeningkundige rekords op te teken; hulp-grootboeke en kontrolerekeninge te skep en saldo's volgens die maandstate te rekonsilieer; interne kontrole oor kontant te evalueer en met bankstate te rekonsilieer en loon- en salarisjoernale te kan ontwerp en in die praktyk toe te pas.

REKH151 (5)(8) REKENINGKUNDE: EENMANSAAK (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om die funksie en beperkinge van proefbalanse te verstaan en proefbalansfoute reg te stel; die belangrikste soort aansuiwerings te bepaal en op te teken; die eenmansaak se nominale grootboekrekening by handels- en diensondernemings af te sluit en die bruto en netto wins te bereken by die periodieke en deurlopende voorraadstelsel.

REKH161 (5)(8) REKENINGKUNDE: EENMANSAAK (2 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om met behulp van 'n tienkolomwerkstaat die rekeninge in die proefbalans aan te suiwer; die jaarlikse finansiële state van 'n eenmansaak voor te berei; die inligting daarin te vertolk met betrekking tot 'n spesifieke inligtingsbehoefte; verhoudings te bereken en hul doel en gebruik in die ontleding van likiditeit, winsgewendheid en solvensie van 'n onderneming te identifiseer.

REKH231 (5)(8) REKENINGKUNDE: BATEVERKOPE EN VENNOOTSKAPPE (2 URE)

Die leerder behoort die verkoop van enige vaste bate te hanteer en die wins of verlies op verkoop van 'n vaste bate te bepaal, die daaglikse transaksies van 'n vennootskap te kan opteken, die funksie van die kapitaal-, privaat- en onttrekkingsrekeninge te verstaan, die vennootskapooreenkoms te kan opteken, die jaarlikse finansiële state van 'n vennootskap voor te berei, die inligting daarin te vertolk met betrekking tot 'n spesifieke inligtingsbehoefte en verhoudings te bereken en te vertolk.

REKH241 (5)(8) REKENINGKUNDE: PERIDIEKE VOORRAADSTELSEL EN DEPARTEMENTE (2 URE)

Die leerder behoort die periodieke - en deurlopende voorraadstelsels te bespreek en van mekaar te onderskei; die transaksies vanaf die betrokke dokumente of gegewe transaksies in die boeke van oorspronklike inskrywing volgens die periodieke voorraadopnamestelsel; asook volgens departemente op te teken; oor te boek na die algemene grootboek; die jaarlikse finansiële state voor te berei (inkomstestaats en balansstaats) en die state so te verstaan dat die inligting daarin kan vertolk kan word.

REKH251 (5)(8) REKENINGKUNDE: VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS EN BEGROTINGS (2 URE)

Die leerder behoort transaksies in die hulpjoernale van 'n vervaardigingsonderneming aan te teken, oor te boek na die algemene grootboek; te onderskei tussen direkte en indirekte materiaal en arbeid; die jaarlikse finansiële state voor te berei (vervaardigingskostestaat, inkomstestaat en balansstaat) en die inligting daarin te vertolk soos benodig; in staat te wees om die beplanning van, beheer oor en die doel en beperkings van 'n begroting te kan bespreek en 'n kontantbegroting, begrote inkomstestaat en begrote balansstaat op te stel.

REKH261 (5)(8) REKENINGKUNDE: SPORTKLUB (2 URE)

Die leerder behoort die ontledingskasboek van enige nie-handeldrywende onderneming op te stel, inskrywings in die verskillende grootboekrekeninge in te skryf en verskillende state aan die einde van die finansiële jaar op te stel ('n staat van ontvangstes en betalings, 'n staat van inkomstes en uitgawes en 'n balansstaat) in die formaat wat vereis word deur die spesiale omstandighede van die organisasie of vereniging.

RESV111 (5)(16) REKENINGKUNDE (SPESIAAL): BASIESE KONSEPTE, REKENKUNDIGE SIKLUSSE EN REKENINGKUNDIGE STELSLS (3 URE)

Die leerder behoort die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik; transaksies vir 'n eenmansaak te kan boekstaaf en verslag oor die transaksies te doen; die inligtingsbehoefte van verskillende gebruikers vas te stel; joernale, grootboeke, hulp-grootboeke en kontrolerekenings te kan opstel; 'n rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereiste van 'n spesifieke entiteit.

RESV121 (5)(16) REKENINGKUNDE (SPESIAAL): FINANSIËLE VERSLAGDOENING, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (3 URE)

Die leerder behoort transaksies te boekstaaf en verslag te doen oor die finansiële stand van 'n eenmansaak, vennootskap en nie-wins organisasies; versekeringsseise te bereken en te boekstaaf; finansiële verhoudings te identifiseer en bereken en die doel en gebruike daarvan te verduidelik in die ontleding van 'n onderneming se likiditeit, winsgewendheid en solvabiliteit.

RRTP211 (6)(16) REKENINGKUNDE & REKENAARS: REKENAARTOEPASSINGS IN REKENINGKUNDE (3 URE)

Die leerder behoort behoorlike kennis te openbaar van inligtingstegnologie (IT) begrippe oor inligtingstelsels en vir bestuur van IT; stelselimplementering en gebruik en algemene gebruik van IT; ontwikkelingstandaarde en –praktyke vir inligtingstelsels; en interne beheer in IT; bedryfstelsel-, woordverwerking-, sigblad-, en rekeningkundige rekenaarpakkette prakties te gebruik. (LW: 'n *Praktiese en 'n teoretiese eksamen word afgelê*: 'n Praktiese twee (2) ure eksamen word 'n dag voor die aanvang van die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en 'n teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

RRTP321 (6)(16) REKENINGKUNDE & REKENAARS: REKENINGKUNDIGE EN OUDIT-TOEPASSINGS OP REKENAAR (3 URE)

Die leerder behoort grondige kennis te openbaar en toe te pas oor inligtingstegnologie (IT) begrippe met betrekking tot Rekeningkunde en Ouditkunde; evaluering en ouditering van inligtingstelsels op 'n basiese vlak; rekenaarsekureit en –kontroles; gevorderde rekenaarstelsels en nuwe tegnologie en die invloed daarvan op die ouditeur, en op kontroles en die sake-omgewing; rekenaartoeappings in databasisse en vir die oordrag van data prakties te gebruik; gepaste geleenthede om die rekenaar as 'n sake-instrument te gebruik, te identifiseer; praktiese vaardighede te demonstreer in die gebruik van rekenaartoeappings in die ouditkundige en finansiële bestuur omgewing. (LW: 'n *Praktiese en 'n teoretiese eksamen word afgelê*: 'n Praktiese twee (2) ure eksamen word 'n dag voor die aanvang van

die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en 'n teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

BELASTING

REIP311 (6)(16) INKOMSTEBELASTING: BELASTING VAN INDIVIDUE EN BEDRYWE (3 URE)

Die leerder behoort die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, voordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid.

REIP321 (6)(16) INKOMSTEBELASTING: MAATSKAPPYBELASTINGS, TRUSTS EN ANDER (3 URE)

Die leerder behoort die normale inkomstebelasting betaalbaar deur boere, maatskappye en trusts te bereken; Skenkingsbelasting en Boedelbelasting te bereken; die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) Wet te interpreteer en BTW te bereken; Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) te bereken.

LOUDITKUNDE

REOP211 (6)(16) OUDITKUNDE: DIE OUDITEUR EN DIE OUDITPROSES (3 URE)

Die leerder behoort die historiese ontwikkeling van die ouditprofessie, die struktuur van die professie in Suid-Afrika en die verantwoordelikhede van die eksterne ouditeur te omskryf; die ouditproses aan die hand van relevante standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde te omskryf; 'n deeglike begrip van sekere bepalinge van die Professionele Gedragskode te toon.

REOP221 (6)(16) OUDITKUNDE: TOEPASSINGS EN INLEIDENDE REKENAAR- OUDITERING (3 URE)

Die leerder behoort 'n deeglike kennis van die vloei van transaksies, interne beheerstelsel en beheerdoelwitte te demonstree; transaksie-siklusse te ondersoek en interne beheermaatreëls te evalueer; beheermaatreëltoetse en stuwingsprosedures te ontwikkel en gevolgtrekkings oor die resultate daarvan te maak; 'n duidelike begrip te toon van die invloed van rekenaartegnologie op die ouditproses; ouditverslae op te stel.

REOP321 (6)(16) OUDITKUNDE: MAATSKAPPYREGTOEPASSINGS EN REKENAAR- OUDITERING (3 URE)

Die leerder behoort die beginsels van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde in die ouditproses toe te pas; die Maatskappywet vereistes van toepassing op maatskappy-oudits te verduidelik en in praktiese gevallestudies toe te pas; Maatskappywet oortredings te identifiseer en regstellende voorstelle te maak; sekere beginsels van ouditering in 'n rekenaaromgewing toe te pas.

REMEDIERING (ONDERWYS)

RMPK521 (5)(8) STUDIE VAN REMEDIËRINGSPROGRAMME VIR DIE PRAKTYK (2 URE)

Die leerder behoort praktiese insig te demonstree ten opsigte van remediëringsprogramme en terapieë met inagneming van implisiete en eksplisiete doelwitte; vaardighede in onderhoudvoering, observasie, diagnostisering en verslagskrywing.

SOSIOLOGIE

SGVK111 (5)(8) SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEWE IN 'N GLOBALE KONTEKS (2 URE)

Die leerder behoort te kan demonstreeer dat hy/sy verstaan wat sosiologie is, en dat hy/sy die belangrikste teoretiese sosiologiese perspektiewe verstaan en kan toepas; 'n goeie basiese begrip en insig in die aard en funksionering van die samelewing het, met spesifieke verwysing na kultuur, die aard en proses van sosialisering, sosiale interaksie en die sosiale konstruksie van realiteit, afwykende gedrag, sosiale beheer en religie.

SGVK211 (5)(16) VERHOUDINGS (3 URE)

Die leerder behoort 'n goeie, basiese insig en begrip te hê van die aard, funksionering, vorming en instandhouding van huweliks-en-gesinsverhoudings asook van die verskillende vorms en die voor-en-nadele verbonde aan hierdie verhoudings, met spesifieke verwysing na hofmakery en die keuse van 'n lewensmaat, enkelskap, verhoudingskonflik, egskeiding, hertroue en stiefgesinne.

SGVK311 (6)(16) VERANDERING (1) (3 URE)

Die leerder behoort groter insig en begrip te toon ten opsigte van die basiese konsepte en teoretiese perspektiewe met betrekking tot verandering, asook ten opsigte van die uitwerking van patrone en prosesse van verandering op die individu en die samelewing binne 'n globale, multidimensionele perspektief; hierdie kennis selfstandig deur middel van kreatiewe denke toe te pas en te evalueer, met spesifieke fokus op die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.

SGVK312 (6)(8) VERANDERING (2) (2 URE)

Die leerder behoort groter insig en begrip te toon ten opsigte van die strategieë, impak en kostes van verandering met betrekking tot die individu en die samelewing binne 'n globale, multidimensionele perspektief; hierdie kennis selfstandig deur middel van kreatiewe denke toe te pas en te evalueer, met spesifieke fokus op die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.

SGVK321 (6)(16) BEMAGTIGINGSFASILITERING (1) (3 URE)

Die leerder behoort insig en begrip te toon ten opsigte van die basiese konsepte en vaardighede van die helpproses en 'n bepaalde helpmodel vanuit 'n probleem-bestuursbenadering in die helperverhouding.

SGVK322 (6)(16) BEMAGTIGINGSFASILITERING (2) (3 URE)

Die leerder behoort binne 'n bestuursprobleembenadering 'n wye verskeidenheid van helpervaardighede (as inleiding tot berading) te gebruik vir verskillende tipes individuele probleemsituasies in die proses binne 'n bepaalde helpmodel.

SPORT EN KULTUUR (ONDERWYS)

SPEK111 (5)(8) SPORT EN KULTUUR: LEERUITKOMSTE VIR DIE SPORTMODULE IN DIE GESAMENTLIKE KURSUS VIR DIE SPORT- EN KULTUURCERTIFIKAAT (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om 'n basiese kennisvlak, praktiese vaardighede en 'n waardesisteem te demonstreeer, waarvan die teoretiese komponent bestaan uit afdelings wat insluit Motoriese Leer, Sportfisiologie, Sportfilosofie en Sportbestuur; terwyl die praktiese afdeling die verpligte verwerwing van 'n amptelike afrigterskwalifikasie in 'n erkende skoolsport behels.

SUID SOTHO

SSCN118 (5)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE (M) (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op gesproke vaardighede in Sesotho dui, beskik; oor verskillende bekende onderwerpe te kommunikeer en om hulself op 'n koherente manier uit te druk; lees- en praatvaardighede (binne en buite die klaskamer) te gebruik met inagnome van die betrokke sosiale en kulturele aspekte.

SSCN128 (5)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE (M): TAALVAARDIGHEID EN GEVORDERDE TAALSTRUKTURE (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op basiese taalvaardigheid en grammatiese toepassing op meer gevorderde vlakke dui, beskik; alle taalvaardighede (binne en buite die klaskamer) te gebruik met inagnome van die betrokke sosiale en kulturele aspekte op 'n gevorderder vlak.

SSCN218 (5)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE (M) (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op gevorderder taalstrukture betrekking het, beskik; die vier taalvaardighede vlot en akkuraat te gebruik, om kort paragrawe te skryf, kennis te bewys van 'n toepaslike woordeskat, sowel as respek en waardering vir die Sesotho kultuur te toon.

SSCN228 (5)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE (M) (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op gevorderder taalstrukture betrekking het, beskik; die vier taalvaardighede vlot en akkuraat te gebruik, om kort paragrawe te skryf, kennis te bewys van 'n toepaslike woordeskat, sowel as respek en waardering vir die Sesotho kultuur te toon.

SSCN318 (5)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE: GEVORDERDE KOMMUNIKASIE (M) (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op effektiewe kommunikasie vir 'n verskeidenheid doeleindes en gespreksgenote binne en buite die klaskamer dui, beskik.

SSCN328 (5)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE: GEVORDERDE KOMMUNIKASIE (M) (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op effektiewe kommunikasie vir 'n verskeidenheid doeleindes en gespreksgenote binne en buite die klaskamer dui, beskik.

SSMN119 (5)(16) SUID SOTHO : TAALVAARDIGHEDE IN VERSKEIE SOSIALE KONTEKSTE (2 URE)

Leerders moet kennis, vaardighede en houdings met betrekking tot taalbevoegdhede binne en buite die klaskamer demonstreer wat getuig van insig in en waardering vir die kulturele aspekte en waardes van Sesotho.

SSMN129 (5)(16) SUID SOTHO: TAALVAARDIGHEDE IN VERSKEIE SOSIALE KONTEKSTE (2 URE)

Leerders moet kennis, vaardighede en houdings met betrekking tot taalbevoegdhele binne en buite die klaskamer demonstreer wat getuig van insig in en waardering vir die kulturele aspekte en waardes van Sesotho.

SSMN219 (5)(8) SUID SOTHO: GEVORDERDE TAALBEVOEGDHEDE IN VERSKEIE SOSIALE KONTEKSTE (1½ URE)

Leerders moet kennis, vaardighede en houdings met betrekking tot taalbevoegdhele binne en buite die klaskamer demonstreer wat getuig van insig in en waardering vir die kulturele aspekte en waardes van Sesotho.

SSMN229 (5)(8) SUID SOTHO: GEVORDERDE TAALBEVOEGDHEDE, GRAMMATIKALE KORREKTHEID EN LETTERKUNDIGE TEKSTE (1½ URE)

Leerders moet kennis, vaardighede en houdings met betrekking tot taalbevoegdhele binne en buite die klaskamer demonstreer wat getuig van insig in en waardering vir die meer gevorderde grammatikale strukture en vaardighede soos in letterkundige tekste gekontekstualiseer.

SSMN319 (5)(8) SUID SOTHO: FONETIEK, FONOLOGIESE ANALISE, SPELLING EN SEMANTIEK (1½ URE)

Leerders moet gevorderde kennis, vaardighede en waardes met betrekking tot Sesotho fonetiek, fonologiese analises, spelling en semantiek demonstreer.

SSMN329 (5)(8) SUID SOTHO: GEVORDERDE FONETIEK, FONOLOGIESE ANALISE, SPELLING, SEMANTIEK EN LETTERKUNDE (1½ URE)

Leerders moet gevorderde kennis, vaardighede en waardes met betrekking tot Sesotho fonetiek, fonologiese analises, spelling, semantiek en letterkunde demonstreer. Hulle moet verder ook gevorderde kennis, vaardighede en gesindhede met betrekking tot saamgestelde sinne, die gebruik van voegwoorde in verskillende modi, geselekteerde volksverhale, idiome en vaste uitdrukkings binne die Sesotho kulturele en strukturele taalsisteem demonstreer.

SSNK111 (5)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE (NM) (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vermoë en vaardigheid te kan bewys ten opsigte van basiese taalvaardigheid en kennis van grammatika, kulturaspekte en lewenshoudings en dit binne en buite die klaskamer te kan toepas.

SSNK211 (5)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE (NM) (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vermoë en vaardigheid te bewys met betrekking tot die betekenis en struktuur van naamwoorde, voornaamwoorde, demonstratiewe en werkwoorde (teenwoordige tyd) in die klaskamer; asook in staat te wees om die algemene Sesotho kultuurkennis in die onderwyssituasie te kan verstaan en gebruik.

SSNK321 (6)(8) SESOTHO KOMMUNIKASIE (NM) (2 URE)

Die leerder behoort Sesotho onderwerpe op 'n eenvoudige vlak volgens die verskillende sosiale situasies te verstaan en sinvol daarop te reageer; sinvol te reageer op Sesotho as gesproke taal; verskillende woordeboeke nuttig te gebruik.

SSOL113 (5)(8) TAALVAARDIGHEID: SESOTHO (2 URE)

Die leerder behoort basiese taalvaardighede (luister, lees, skryf en praat) te verwerf deur studie van taal-in-aksie; en behoort basiese akademiese taalvaardighede verwerf te hê.

SSOL123 (5)(16) GEVORDERDE TAALVAARDIGHEID: SESOTHO (3 URE)

Die leerder behoort intermediêre vaardighede vir die onderrig in Sesotho verwerf te hê; asook 'n basiese begrip van algemene idiomatiese uitdrukkings en hulle gebruik.

SSOL111 (5)(8) TAAL SONDER GRENSE (2 URE)

Die leerder behoort die aard en ontwikkeling van die Sesotho taalsisteem te kan identifiseer, analiseer en beskryf; Sesotho dialekte en vlakke van taalgebruik (in die huis, plaaslik, op streeksbasis en nasionaal) te kan identifiseer, analiseer en beskryf; kommunikasievaardighede en kennis van tekstipes te bewys.

SSOL121 (5)(8) TEKS EN KONTEKS: DIE TAAL VAN TEKSTE (2 URE)

Die leerder behoort geïnstusionaliseerde taalkontekste (inisasieprosesse, by vroue, godsdiens, verhoudings) te identifiseer, analiseer en beskryf; begrip hê en in staat wees om pragmatiek en idiomatiese taalgebruik funksioneel te kan gebruik.

SSOL122 (5)(8) TEKS EN KONTEKS: LITERÊRE TEKSTE EN BENADERINGS (2 URE)

Die leerder behoort te kan onderskei tussen die verskillende genres en om die verskille tussen prosa, drama en poësie te kan beskryf; begrip te toon vir die ontwikkeling van die Sesotho letterkunde en tipiese temas soos prekolonialisme, sendingletterkunde, en hedendaagse temas in die Sesotho letterkunde, bv. *gender* en kultuur.

SSOL211 (5)(8) INDIVIDU EN GEMEENSAP: TAAL EN GEMEENSAP (2 URE)

Die leerder behoort die verskillende Afrikataalalgroepe in Suid-Afrika te identifiseer, te analiseer en te beskryf; die Sothotaalfamilie met al sy dialekte te analiseer en te beskryf; begrip te hê vir die taaldinamika in Suid-Afrika en om die tekslinguistiek (koherensie en kohesie) as subdissipline binne die taalkunde te beskryf en toe te pas.

SSOL212 (5)(8) INDIVIDU EN GEMEENSAP: GEMEENSAP EN LITERATUUR (2 URE)

Die leerder behoort die tendense in die totstandkoming van die Afrikataalletterkunde te identifiseer, te analiseer en te beskryf met fokus op onder andere die volgende sake: negritude, Pan-Afrikanisme, Swart Bewussyn, klas en status in die Sesotho letterkunde.

SSOL221 (5)(8) SA PERSPEKTIEWE: GRAMMATIESE PERSPEKTIEWE (2 URE)

Die leerder behoort taalontwikkeling (onder andere taalbeplanning, taalgebruik in verskillende gemeenskappe) te identifiseer, te analiseer en te beskryf met fokus op die Afrikataalsituasie in Suid-Afrika; die totstandkoming van taal teen die agtergrond van waardestelsels, ideologieë en sosiale faktore te identifiseer, te beskryf en die kognitiewe en sosiale determinante van taalgebruik te identifiseer, te beskryf en toe te pas.

SSOL222 (5)(8) SA PERSPEKTIEWE: VAN ORALE TOT GESKREWE LETTERKUNDE (2 URE)

Die leerder behoort die oorsprong en aard van die Sesotho orale letterkundige tradisie krities te beskryf met aandag aan die verskillende genres en funksies van letterkunde, die oraal-letterkundige tussenvlak, sowel as die hedendaagse tendense in die orale letterkunde.

SSOL223 (5)(8) SA PERSPEKTIEWE: LITERÊRE ONTWIKKELING (2 URE)

Die leerder behoort die teoretiese beginsels van die invloed van orale modusse op die ontwikkeling van geskrewe Afrikataalletterkunde te begryp; tendense, stilistiese patrone en eiesoortige strukture op 'n kritiese wyse te beskryf.

SSOL311 (5)(8) 'N VEELHEID STEMME: MAKRO-TAAL IN SUID AFRIKA (2 URE)

Die leerder behoort die ooglopende taaluitdagings in Suid-Afrika en Afrika te identifiseer, te analiseer en te beskryf (onder andere die herkoms van die taalliggame, Pansat, die Asmara-verklaring); begrip te toon vir die meertalighedsgrondslag in Suid-Afrika insluitend die taaldinamika in die onderwys, die nywerhede en die media.

SSOL312 (6)(8) 'N VEELHEID STEMME: VERGELYKENDE LETTERKUNDE (2 URE)

Die leerder behoort Afrikataalletterkunde in die inheemse tale en in die koloniale tale te identifiseer, te analiseer en te beskryf; die teoretiese perspektiewe wat 'n invloed op die totstandkoming hiervan 'n invloed uitgeoefen het (onder andere negritude, Pan-Afikanisme en Swart Bewussyn), krities toe te pas.

SSOL313 (6)(8) 'N VEELHEID STEMME: POST-KOLONIALISME (2 URE)

Die leerder behoort die protesliteratuur (bv. die Staffrider-reeks en die African Writers-reeks) krities te analiseer en te bespreek in vergelyking met protesliteratuur in die inheemse tale; dieselfde tema in die populêre letterkunde te identifiseer, te analiseer en te beskryf.

SSOL321 (6)(8) HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE: FILM EN ROMAN (2 URE)

Die leerder behoort populêre genres, Afrika en Afro-Amerikaanse films en hedendaagse tendense in die film- en visuele kunste in Afrika te identifiseer, te analiseer en te beskryf.

SSOL322 (6)(8) HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE: EIETYDSE TENDENSE (2 URE)

Die leerder behoort die hedendaagse ontwikkelingstendense in die Afrikataalletterkunde op kritiese manier te bespreek met onder andere aandag aan die verhouding tussen die voorkoms daarvan in Suid-Afrika, Afrika, en Afro-Amerikaans.

SSOL323 (6)(16) HEDENDAAGSE PERSPEKTIEWE: TEKSTUELE PERSPEKTIEWE

Die leerder behoort op vergelykende manier met die verskillende tale in Suid-Afrika om te gaan en om taalstudie en die sosiale konteks waarin dit plaasvind, soos dit hieruit duidelik word, te identifiseer, te analiseer en te beskryf.

STATISTIEK**STTK111 (5)(8) INLEIDENDE BESKRYWENDE STATISTIEK (2 URE)**

Die leerder moet beskik oor 'n goeie algemene agtergrond op 'n nie-wiskundige vlak omtrent die basiese statistiese beginsels en metodes, sowel as basiese praktiese vaardighede om eenvoudige data-hanterings- en data-voorstellingsmetodes te hanteer en sin uit data te maak; basiese grondbegrippe van statistiek verstaan, eenvoudige vraelyste kan opstel en hanteer, data kan opsom, dit grafies voorstel en eenvoudige berekeninge rakende lokaliteit, spreiding en korrelasie kan doen; reguitlyne kan pas deur datapunte en passingskriteria soos residue-inspektering moet gedoen kan word.

STTK121 (5)(8) INLEIDENDE STATISTIESE INTERFERENSIE I (2 URE)

Die leerder moet 'n wye spektrum van basiese statistiese onderwerpe op 'n nie-wiskundige vlak bestudeer, wat hom/haar in staat sal stel om klein navorsingsprojekte te beplan, basiese inferensiemetodes sinvol aan te wend en rekenaaruitdrukke van eenvoudige statistiese ontledings sinvol te interpreteer, asook 'n wye gebied grondbegrippe van praktiese statistiek sowel as waarskynlikheidsleer en eenvoudige berekeninge rakende die normaal- en die Leerder t-verdeling, die Sentrale Limiet Stelling, steekproefgroottes en hipotese-toetsing kan doen.

STTK122 (5)(8) STATISTIEK VIR BESTUURSWETENSAPPE (2 URE)

Die leerder moet 'n oorsigtelike waardering hê oor geselteerde statistiese onderwerpe, elementêre berekeninge kan doen rakende die normaalverdeling, punt- en intervalberaming en steekproefgroottes kan bepaal vir eenvoudige praktiese toepassings; hipotesetoetsing sal gedoen kan word rakende lokaliteit vir een- sowel as tweesteekproefgevalle, basiese regressie en tydreeksprosedures moet aangewend kan word en indekssyfers moet geïnterpreteer kan word.

STTK123 (5)(8) INLEIDENDE STATISTIESE INTERFERENSIE II (2 URE)

Die leerder moet gevorderde statistiese onderwerpe bestudeer op nie-wiskundige vlak, wat hom/haar in staat stel om navorsingsprojekte beter te beplan, basiese inferensiemetodes toepaslik aan te wend oor 'n wye veld en rekenaar-uitdrukke van statistiese ontledings sinvol te interpreteer. Die leerder verstaan 'n groter verskeidenheid statistiek onderwerpe en kan probleemoplossing hanteer en resultate interpreteer wat meervoudige regressie, faktorontleding, variansie-analise, nagaan van voorwaardes, kategoriese data-ontleding en verdelingsvrye metodes insluit.

STTK124 (5)(8) PRAKTIESE STATISTIEK (2 URE)

Die leerder moet begrip hê van 'n verskeidenheid statistiekonderwerpe en probleemoplossing kan hanteer en resultate interpreteer wat meervoudige regressie, faktorontleding, variansie-analise, nagaan van voorwaardes, kategoriese data-ontleding en verdelingsvrye metodes insluit; insig in die beplanning van navorsingsprojekte bewys, die toepaslike aanwending van eenvoudige inferensiemetodes en rekenaaruitdrukke van statistiese ontledings sinvol kan interpreteer.

TEGNOLOGIE

TEGH151 (5)(8) TEGNOLOGIE SPES. (2 URE)

Die leerder moet skriftelik en prakties kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede en waardes bemeester in sekere van die leerarea tegnologie se kennisterreine.

TEGH241 (5)(8) TEGNOLOGIE SPES. (2 URE)

Die leerder moet skriftelik en prakties te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede en waardes bemeester in sekere van die leerarea tegnologie se kennisterreine.

VAKDIDAKTIEKE

AFDN221 (5)(16) VAKDIDAKTIEK AFRIKAANS (3 URE)

Die leerder behoort kennis en begrip van die betekenis van UGO-terme soos kritieke uitkomst (KU's), spesifieke uitkomst (SU's) en assesseringskriteria (AK's) te bekom en in staat te wees

om dit sinvol binne die leerarea Taal, Geletterdheid en Kommunikasie te gebruik om leerders te begelei tot die bemeestering van taalvaardighede; kennis van die verskillende fasette van luister- en leesvaardighede te bekom en in staat te wees om hierdie fasette aan die relevante SU's te koppel; geskikte leermateriaal vir die voldoening aan die bepaalde SU's saam te stel; en in staat te wees om leerdervordering te assesser volgens hierdie SU's se assesseringskriteria.

AFDN321 (5)(16) VAKDIDAKTIEK AFRIKAANS (3 URE)

Die leerder behoort kennis en begrip te bekom van die verskillende fasette van praat- en skryfvaardighede en in staat te wees om hierdie fasette aan die relevante SU's te koppel; geskikte leermateriaal vir die voldoening aan die bepaalde SU's saam te stel; en om leerdervordering te assesser volgens die bepaalde SU's se AK's; praktykgerigte kennis en vaardigheid te bekom om programorganiseerders en leerervarings met behulp van verworwe kennis ten opsigte van taalvaardighedsfasette, KU's en SU's en AK's te ontwerp ten einde binne die Intermediêre, Senior en VOO fase bemeestering van die relevante uitkomst vir die leerders moontlik maak.

AFRD411 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN AFRIKAANS: INLEIDENDE PRAKTYKGERIGTE UGO VIR AFRIKAANSONDERRIG (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die Beleidsdokument as uitgangspunt te gebruik vir die fasilitering van leer binne die Taal, Geletterdheid en Kommunikasie (TGK) – leerarea; begrip van die betekenis van UGO-terme soos kritieke uitkomst (KU's), spesifieke uitkomst (SU's) en assesseringskriteria (AK's) te bekom en in staat te wees om dit sinvol binne die TGK-leerarea te gebruik om leerders te begelei tot die bemeestering van taalvaardighede; toepaslike assesseringsvaardighede te bekom en in staat te wees om leerervarings te beplan en te struktureer (onder andere met die oog op proefonderwystydperke).

AFRD421 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN AFRIKAANS: UGO-ONDERRIG BINNE DIE INTERMEDIÊRE EN SENIOR FASE (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om die kennis en vaardighede wat deur die loop van die voorafgaande module verkry is binne die intermediêre en senior fase toe te pas in die begeleiding van leerders tot die verwerwing van toepaslike taalvaardighede in Afrikaans; om in ooreenstemming met die holistiese en geïntegreerde benaderingswyse van die UGO-model die verwerwing van Afrikaanse taalvaardighede volgens bepaalde fase-organiseerders te beplan en fasiliteer.

COMD411 (5)(16) VAKDIDAKTIEK EN REKENAARWETENSKAP: VAKDIDAKTIESE BEGINSELS VAN REKENAARSTUDIE EN SKOOLGERIGTE PROGRAMMERING (3 URE)

Na afloop van hierdie module behoort die leerder vaardigheid te demonstreeer ten einde Rekenaarstudie vakinhoude effektief te kan onderrig; insluitend kennis, begrip en vaardigheid van die huidige ontwikkeling op die gebied van onderrig, leer en assessering binne Rekenaarstudie op skool; kennis en begrip van skoolsillabusse, programmering in skoolvoorgeskrewe hoëvlaktaal, opstel van toetse, memorandum, assesseringswyses; voorbereiding, lesbeplanning, klasdisipline en die praktiese aanbieding van 'n Rekenaarstudieles.

COMD421 (5)(16) VAKDIDAKTIEK EN REKENAARWETENSKAP: REKENAAR-SENTRUMBESTUUR EN GEREKENARISEERDE SKOOLADMINISTRASIE (3 URE)

Na afloop van hierdie module behoort die leerder die kennis, vaardigheid en begrip te demonstreeer wat nodig is om 'n rekenaarlokaal in te rig, te bestuur en instand te hou en rekenaarprogrammatuur en -apparatuur te evalueer, aan te koop en te installeer; insluitend kennis, vaardigheid en begrip van virushantering, foutopsoring, finansiële bestuur van 'n

rekenarlokaal, netwerkadministrasie, die gebruik van die internet, rekenaarsekureit en ramphantering.

EDSN221 (5)(16) ENGELSE DIDAKTIEK: VAKDIDAKTIESE ASPEKTE VAN ENGELS (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die verskillende teoretiese en praktiese aspekte van Engelse didaktiek betrekking het, beskik; insluitend teorieë oor die verwerwing van Engels as 'n tweedetaal, lesbeplanning, die kurrikulumproses en Uitkoms Gebaseerde Onderwys in die taalklaskamer.

EDSN321 (5)(16) ENGELSE DIDAKTIEK: TOEGEPASTE VAKDIDAKTIESE ASPEKTE VAN ENGELS (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op lesbeplanning en lesgee betrekking het, beskik; insluitend luister, praat, lees en skryf van lesse, sowel as die beplanning en uitvoering van verskillende soorte lesse soos onder andere poësie, dialoog, sang en literatuur.

ENGD411 (5)(16) ENGELSE DIDAKTIEK: VAKDIDAKTIESE ASPEKTE VAN ENGELS (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op die verskillende teoretiese en praktiese aspekte van Engelse didaktiek betrekking het, beskik, insluitend teorieë oor die verwerwing van Engels as 'n tweedetaal en die taalvaardighede verbonde aan luister, lees, praat en skryf.

ENGD421 (5)(16) TOEGEPASTE VAKDIDAKTIESE ASPEKTE VAN ENGELS (3 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op lesbeplanning en lesgee betrekking het, beskik; insluitend luister, praat, lees en skryf van lesse, sowel as die beplanning en uitvoering van verskillende soorte lesse soos onder andere poësie, dialoog, sang en literatuur.

EKND411 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN EKONOMIE (3 URE)

Die leerder behoort Ekonomie tot graad 12 op die Uitkomsgebaseerde Onderwys metode te kan aanbied; Ekonomie in die kurrikulum en leerprogramme te kan ontleed; die vakbeleid van die Departement Onderwys van die Gauteng Provinsie te kan toepas; die rol van die vakadviseer te kan begryp en vereistes deur die vakadviseer gestel te kan nakom; die rol ten opsigte van HIV/VIGS te verstaan en te kan uitvoer.

EKND421 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN EKONOMIE (3 URE)

Die leerder behoort 'n les-, 'n dag- en jaarprogram te kan opstel en deurvoer; ekonomiese take en projekte te kan inisieer; die biblioteek en gedrukte media, in ekonomiese verband, te kan hanteer; vertrou te wees met klasdisipline; assessering te kan verstaan en deurlopend en spesifiek te kan toepas; toets- en eksamenvraestelle kan opstel.

GESD411 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN GESKIEDENIS (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om kennis, vaardighede, waardes te demonstreer met betrekking tot wat Geskiedenis is, die waarde van Geskiedenis, tendense in die onderrig van geskiedenis, hulpmiddels, uitkomsgebaseerde onderwys.

GESD421 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN GESKIEDENIS (3 URE)

Die leerder moet in staat wees om kennis, vaardighede, waardes te demonstreeer met betrekking tot rol van die Geskiedenisonderwyser, keuse van handboeke, skriftelike werk, assessering, uitkomsgebaseerde benadering.

GSXN221 (5)(16) GESKIEDENIS DIDAKTIEK (3 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die waarde van Geskiedenis, die ontwikkeling van die onderrig van Geskiedenis, vaardighede, media en die struktuur van Geskiedenislesse volgens die uitkomsgerigte benadering te bewys.

GSXN321 (5)(16) GESKIEDENIS DIDAKTIEK (3 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die rol van die Geskiedenisopvoeder, handboeke, algemene benaderings tot die onderrig van Geskiedenis, UGO en assessering te bewys.

LATD411 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN LEERAREA TALE (3 URE)

Kyk AFRD411.

LATD421 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN LEERAREA TALE (3 URE)

Kyk AFRD421.

LEWD411 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN LEERAREA EKONOMIESE WETENSAPPE (3 URE)

Kyk EKND411.

LEWD421 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN LEERAREA EKONOMIESE WETENSAPPE (3 URE)

Kyk EKND421.

LTDG411 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN TEGNOLOGIE (3 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om die algemene didaktiese beginsels wat van toepassing is op onderwys en opvoeding te verstaan en kan toepas in die aanbieding van Tegnologie in die leeraareas.

LTDG421 (5)(16) VAKDIDAKTIEK VAN TEGNOLOGIE (3 URE)

Die leerder behoort in staat te wees om as onderwyser in die verskillende fases nl. Intermediêre, en Sekondêre die praktiese kennis te kan toepas wat betref die aanbieding en opstelling van toetse en evaluering en klasvaardighede van die vak Tegnologie.

NAUN111 (5)(8) DIDAKTIEK NATUURWETENSKAP (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreeer ten opsigte van die gebruik van natuurwetenskaplike konsepte in toepassings en probleem oplossings, die onafhanklike uitvoer van elementêre ondersoekes en navorsing, en die besit van bepaalde benaderings tot en waardering vir die onderrig en aanleer van algemene wetenskap.

NDSK521 (6)(16) DIDAKTIEK NATUURWETENSKAP INTERMEDIÊR (3 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreeer ten opsigte van essensiële aspekte van onderrig, leer en hulpmiddele wat in die Natuurwetenskap op intermediêre en seniorvlakke gebruik word; in staat wees om sy/haar verworwe kennis en

vaardighede betreffende die hulpmiddele en strategieë in die onderrig van Natuurwetenskap in die AOO- band toe te pas.

NDWK522 (6)(16) DIDAKTIEK VAN WISKUNDE (AOO-BAND) (3 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes kan demonstreer ten opsigte van onderrig- en leerstrategieë, sowel as om tegnologiese- en leerhulpmiddele vir die leer van Wiskunde op intermediêre en seniorvlakke te kan gebruik; in staat wees om sy/haar verworwe kennis en vaardighede betreffende die hulpmiddele en strategieë in die onderrig van Wiskunde in die AOO- band toe te pas.

SVXN221 (5)(16) SUID SOTHO DIDAKTIEK (2½ URE)

Leerders moet kennis, vaardighede en waardes met betrekking tot verskillende teoretiese en praktiese aspekte van Sesotho, didaktiek demonstreer. Dit sluit teorieë in oor tweede taal verwerwing, lesbeplanning, die kurrikulumproses en uitkomsgebaseerde onderwys in die taalklaskamer.

SVXN321 (6)(16) SUID SOTHO DIDAKTIEK (2½ URE)

Leerders moet praktiese kennis, vaardighede en waardes met betrekking tot lesbeplanning en aanbieding demonstreer. Dit behels onder meer ook die aanbieding van lesse in luister-, praat-, lees- en skryfvaardighede en ook in poësie, sang, cloze-tegnieke en letterkunde.

WSXN221 (5)(16) WISKUNDE: DIDAKTIEK (3 URE)

Die leerder behoort basiese kennis, vaardighede en waardes rakende onderrig- en leerteorieë met betrekking tot skoolalgebra en die praktiese toepassing hiervan te bewys; asook van die rol van assessering as integrale deel van die onderrigleersituasie, die verskillende assessering-metodes en die gebruik van assesseringsresultate vir Wiskunde.

WSXN321 (5)(16) WISKUNDE: DIDAKTIEK (3 URE)

Die leerder behoort basiese kennis, vaardighede en waardes rakende onderrig- en leerteorieë wat betrekking het op skoolmeetkunde te bewys, asook die praktiese toepassing van dié teorieë en die gebruik van tegnologie in die Wiskundeklas.

VERPLIGTE MODULES

AFNV311 (6)(8) WETENSKAPLIKE SKRYF IN AFRIKAANS (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om wetenskaplike skryfstukke in Afrikaans te onderskei en te produseer; die kwaliteit van wetenskaplike skryfstukke te beoordeel; taalhulpmiddels te gebruik in die oplos van taalprobleme.

BETV311 (6)(8) BEDRYFSETIEK (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die konflik tussen winsmaksimering en die beskerming van die fisiese omgewing te debatteer; Reformatoriese beginsels vir die bestuur van die fisiese omgewing af te lei; die basiese standpunte rakende 'n gesonde belastingstelsel te debatteer; die basiese beginsels vir 'n regverdig belastingstelsel af te lei; die teenstrydigheid van tegnologie te verduidelik; 'n evaluering van die korrekte benadering tot tegnologie te gee; die redes vir 'n selfbestuurplan te verduidelik; die probleme in die versekeringsbedryf te identifiseer en reformatoriese oplossings te verskaf; die betekenis van arbeid en gepaardgaande reformatoriese oplossings te bespreek.

BYBI311 (6)(8) BYBELINTERPRETASIE VIR LEWE EN WETENSKAP (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om die prinsipiële uitgangspunte met betrekking tot die verstaan van die Bybel te verwoord en toepas; op grond van die Bybel 'n standpunt op 'n geldige wyse formuleer oor aktuele wetenskaps- en lewensvraagstukke; ten minste die volgende hulpmiddels vir die verstaan van die Bybel effektief gebruik: die studiebybel Die Bybel in Praktyk, die Logos-rekenaarprogram.

ENSW311 (6)(8) ENGELSE WETENSKAPLIKE SKRYFVAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder behoort vaardig te wees betreffende die Engelse grammatikale strukture, die keuse en gebruik van die beste wetenskaplike register, die formulering van wetenskaplike konsepte soos hipotesestellings en ander relevante vorme, in staat wees om op volhoubare manier 'n koherente argumentstruktuur in akademiese skryfwerk te handhaaf, om 'n mondelinge verslag met die nodige mondelinge en woordvaardighede voor te berei en te lewer.

ENTR221 (5)(8) KREATIEWE ENTREPRENEURSKAP (2 URE)

Die leerder behoort begrip van die kreatiewe proses te demonstree; geleentheid vir kreatiewe entrepreneurskap raak te sien en in werkbare idees te omskryf; beskikbare inligting in te samel en in projekbeplanning te gebruik; omgewings vir die vestiging van projekte te kan identifiseer en te kan evalueer; die kundigheid om projekplanne te implementeer te reflekteer; in spanverband idee-genererend te kan funksioneer; deurgaans die gebruik van 'n kreatiewe entrepreneurskapstaal te kan demonstree; prioriteringsvaardighede te kan vertoon; gevallestudies te kan analiseer en gepaste aksiestappe te kan aanbeveel.

KEUS311 (6)(8) VERPLIGTE KEUSEMODULE (2 URE)

(Leerders kies een van die volgende moontlikhede: AFNV311, ENSW311, EKNP312, BYBI311).

LEER111 (5)(8) LEER- EN LEESONTWIKKELING (2 URE)

Die leerder behoort kennis te dra van die aard van die universiteit en universitêre studie; kennis van hom-/haarself as leerder te hê; kennis te hê van verskillende leerstrategieë wat by hom/haar en die leerstof pas om leerinhoud te bemeester, integreer, toe te pas en eie kennisraamwerke te konstrueer; kontakgeleentheid met dosente en leerdere effektief in die leerproses te benut; doeltreffend en doelmatig tyd kan bestuur; doeltreffend vir die eksamen kan voorberei en beter eksamen kan skryf; as individu en in 'n groep probleemoplossend te werk kan gaan; beter toegerus te wees met lewensvaardighede; 'n minimumvlak van leesvaardigheid hê.

RGLN111 (5)(8) REKENAARGELETTERDHEID (2 URE)

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op rekenaartegnologie soos dit in die onderrigsituasie gebruik word, beskik. Dit sluit kennis van die basiese werking van 'n rekenaar, vaardighede in die gebruik van 'n operasionele stelsel, woordverwerking, werkblaai, grafiese pakette, die internet en die gebruik van elektroniese pos in.

RINL111 (5)(8) REKENAAR EN INLIGTINGSVAARDIGHEDE (2 URE)

Die leerder behoort beskik oor die kennis, vaardighede en houdings om die rekenaar en standaard woordverwerking-, sigblad-, aanbiedings- en webleserprogrammatuur effektief te gebruik (Rekenaarvaardighede); verder moet die leerder beskik oor die kennis, vaardighede en houdings om wetenskaplike inligting met behulp van verskeie tegnologieë (soos die Internet en die nuutste tipes databasisse) vanuit 'n verskeidenheid bronne (soos boeke, tydskrifte, die Web) op te spoor, evalueer, verwerk en kommunikeer (Inligtingvaardighede).

GESONDHEIDSTUDIES (ONDERWYS)

VGSG111 (5)(8) GESONDHEIDSORG: GRONDSLAGFASE (2 URE)

Die leerder moet na voltooiing van die module kennis demonstreer van samelewing- en kindergesondheid en verwante kennis kan toepas in leerervarings in die Grondslagfase.

VGSO111 (5)(8) VEILIGHEID- EN GESONDHEIDSOPVOEDING (2 URE)

Die leerder moet kundigheid, vaardigheid en waardestandpunte verantwoord ten opsigte van die belangrikheid en toepassing van veiligheid in die huis-, skool- en verkeersituasie; die benadering en plek van Gesondheidsopvoeding as deel van die leerprogram in die skool moet aangetoon word wat die volgende aktuele gesondheidstemas insluit: adolessensie, gesonde voeding, liggaamsorg en higiëne, fisieke oefening, obesiteit, dwelms, seksueel oordraagbare siektes en VIGS-bewustheid.

WISKUNDE

NWPK511 (6)(16) GETALONTWIKKELING (3 URE)

Die leerder moet na afloop van hierdie module in staat wees om deur middel van fasilitering 'n sin vir syfers en breuke by sy/haar leerders te ontwikkel, asook om die vier tipe berekenings in die AOO-band te fasiliteer.

NWPK512 (6)(16) GRONDSLAE VAN ALGEBRA (3 URE)

Die leerder moet na afloop van hierdie module in staat wees om die fundamentele beginsels van Algebra by sy/haar leerders tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.

NWPK521 (6)(16) MEETKUNDIGE ONTWIKKELING (3 URE)

Die leerder moet na afloop van hierdie module in staat wees om die geometriese konsepte by sy/haar leerders tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.

NWPK522 (6)(16) GRAFIKA EN DATAHANTERING (3 URE)

Die leerder moet na afloop van hierdie module in staat wees om die verwerking van probleemoplossingsvaardighede betreffende interpretasie van grafieke en statistiese data aan sy/haar leerders oor te dra deur middel van fasilitering in die AOO-band.

WAPN111 (5)(8) ALGEMENE WISKUNDE: INLEIDING TOT GETALSTELSELS (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die toepaslike leerteorieë van toepassing op die onderrig en leer van Wiskunde te bewys, sowel as die praktiese toepassing van dié teorieë; om in individuele verband elementêre navorsing te doen ten opsigte van die historiese ontwikkeling van ons getalstelsel, die eienskappe van getalle, sowel as die vier hoofbewerings, die ontwikkeling van die getalskonsep by jong leerders, die gebruik van ander basisse as basis-10 en die gebruik van die sakrekenaar as onderrigleerhulpmiddel.

WAPN121 (5)(8) ALGEMENE WISKUNDE: GETALSTELSELS (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die praktiese ondersoek na die getalpatrone in natuurlike getalle te bewys by die uitbreiding van natuurlike getalle tot heelgetalle sowel as bewerkings met heelgetalle; die uitbreiding van heelgetalle tot rasionaalgetalle (gewone breuke en desimale) en bewerkings, sowel as werklike toepassings waar rasionale getalle en persentasiebewerking 'n rol speel.

WAPN221 (5)(8) ALGEMENE WISKUNDE: BASIESE ALGEBRA (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende algebra as wiskundeveralgemening te bewys, onder andere deurdat roetineprobleme deur gewone algebraïese berekeninge opgelos word; dat nieroetineprobleme deur die toepassing van verskillende probleemoplossingstrategieë opgelos word; om funksies op verskillende maniere weer te gee, bv. deur formules, tabelle, grafieke of mondeling, om basiese statistiek te gebruik, onder andere die versameling, verwerking, grafiese voorstelling en interpretasie van data; om elementêre waarskynlikheid in probleemoplossing te gebruik; en om aan groepwerk deel te neem as 'n middel vir die onderrigleerproses.

WAPN321 (5)(8) ALGEMENE WISKUNDE: GEOMETRIE (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende leerteorieë te bewys met betrekking tot die geometriese ontwikkeling van jong leerders, en die vermoë bewys waardeur dié kennis aangewend word om betekenisvolle leersituasies te skep waar leerders se ruimtelike begrip en vaardighede met betrekking tot elementêre geometrie, punte, lyne, hoeke, driehoeke, vierhoeke, veelhoeke, veelvlakke, lengtebepaling, reëlmatige en niereëlmatige vlakfigure, volume, en kapasiteit ontwikkel word; sowel as assessering as integrale deel van onderrigleer, die toepassing van verskillende assesseringstrategieë en die implementering van assesseringsresultate.

WIPN111 (5)(16) WISKUNDE: ELEMENTÊRE FUNKSIES EN TRIGONOMETRIE (3 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende spesifieke elementêre funksies te bewys deur die definiëring van algebraïese en trigonometriese funksies, die berekening van funksiewaardes, die trek van grafieke, die uitvoer van basiese bewerkings aan die hand van dié funksies, die bepaling van omgekeerdes, die berekening van funksiebepelings, afleiding en die toepassing van kontinuïteitsvoorwaardes. Dit word ook van die leerder verwag om trigonometriese identiteite te bewys of trigonometriese vergelykings op te los en om werklike probleme aan die hand van twee- en driedimensionele figure op te los.

WIPN121 (5)(16) WISKUNDE: ALGEBRAÏESE GETALSTELSLS (3 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende getalstelsels te bewys deur die toepassing van die eienskappe hiervan, die uitvoering van bewerkings in spesifieke getalstelsels; die motivering vir die uitbreiding van een stelsel in 'n ander een, definiëring van permutasies en kombinasies, en die toepassing hiervan in werklike situasies.

WIPN211 (5)(8) WISKUNDE: DIFFERENSIASIE (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende differensiasie te bewys deurdat dy/dx in staat is om die veranderingsgraad van eenvoudige gevalle te bereken en om die afleiding van eenvoudige en komplekse funksies deur verskillende differensiasiebeginsels te maak.

WIPN221 (5)(8) WISKUNDE: TOEPASSING VAN DIFFERENSIASIE (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende differensiasie te bewys deur die toepassing van polinome en rasonale funksies, en deur die oplossing van werklike probleme aan die hand van differensiasiebeginsels.

WIPN311 (5)(8) WISKUNDE: VEKTOR ALGEBRA (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende lineêre algebra te bewys deur die oplos van geometriese probleme deur die toepassing van geometriese vektore, die uitvoer van verskillende berekeninge aan die hand van algebraïese vektore, die bepaling van die lineêre afhanklikheid van vektore, die oplos van lineêre vergelykings in werklike omstandighede, die

definiëring van algebraïese eienskappe van matriksbewerkings en die toepassing hiervan in werklike omstandighede.

WIPN321 (5)(8) WISKUNDE: ANALITIESE GEOMETRIE (2 URE)

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende analitiese geometrie te bewys deur die definiëring van parabole, ellipse en hiperbole, die afleiding van standaardvergelykings, sowel as rotasiefunksie-vergelykings, die trek van grafieke en die identifisering van die gebruik van die genoemde koniese afdelings vir werklike toepassing, die trek van eenvoudige grafieke van parametriese vergelykings en deur die toepassing van polêre koördinate.

WISK113/123 (5)(8) WISKUNDIGE TEGNIEKE (2 URE)

Die leerder behoort die volgende onderwerpe op inleidende vlak bemeester: die wiskundige funksiebegrip, 'n oplosmetode vir stelsels lineêre vergelykings; matriksalgebra; lineêre programmering in meer as twee veranderlikes; analise van die tempo waarteen wiskundige funksies verander en die ontleding van funksie-eienskappe; die vaardigheid verwerf om wiskundige begrippe korrek te definieer en om hierdie begrippe in praktiese situasies te herken en die begrippe toe te pas in differensiasietegniese en lineêre algebra-rekentegniese.

WISK213 (5)(8) DISKRETE WISKUNDE (2 URE)

Die leerder moet kennis en insig verwerf in elementêre logika, die basiese notasie en eienskappe van versamelingsleer en Boolese algebras, eienskappe van wiskundige funksies, die vakkie-beginsel, en inleidende grafiekteorie; vaardigheid verwerf in logiese argumentvoering en algemene bewystegniese, bewerkings met versamelings en wiskundige funksies; toepassing van die vakkie-beginsel, ontleding van grafieke, die bepaling van die bestaan van grafieke met sekere spesifikasies; die bepaling van onderspannende bome in 'n grafiek en die toepassing van Ramsey-teorie op kleuringsprobleme van grafieke.

WISV111 (5)(8) ANALISE I (2 URE)

Die leerder behoort te beskik oor kennis van en insig in die funksiebegrip en die rol daarvan in modellering; die basiese funksies soos polinoomfunksies, rasionale funksies, magsfunksies, eksponensiaal-funksies, logaritmiëse funksies en trigonometriëse funksies; bewerkings op funksies, die limietbegrip; die kontinuïteitsbegrip; die afgeleidebegrip; differensiale; differensiasie-reëls en differensiasietegniese; die skets en interpretasie van grafieke. Die leerder is in staat om 'n verteenwoordigende keuse van begrippe te definieer en resultate te bewys.

WISV112 (5)(8) INLEIDENDE ALGEBRA (2 URE)

Die leerder behoort te beskik oor kennis van en insig in die tipiese eienskappe van die reële getalstelsels; die komplekse getalstelsel; die verband tussen eerstegraadsfaktore en wortels van polinome; sintetiese deling van polinome; rasionale funksies en ontbinding daarvan in parsieelbreuke; inleidende kombinatoriese begrippe; die binomiaalstelling vir natuurlike eksponente en die uitbreiding daarvan na binomiaalreëse; die Euklidiese algoritme; wiskundige induksie en ander basiese bewystegniese.

WISV121 (5)(8) ANALISE II (2 URE)

Die leerder behoort te beskik oor kennis van en insig in die integraalbegrip en toepassings van integrasie; die inverse funksiebegrip; natuurlike eksponensiaal- en logaritmiëse funksies; inverse trigonometriëse funksies; hiperboliese funksies; onbepaalde limietvorme en L'Hospital se reël; die eerste en tweede hoofstellings van integraalrekening; verskeie integrasietegniese, die lengtes van krommes; die oppervlakte van omwentelingsoppervlakke; die volume van

omwentelingsliggame; parametriese vergelykings; poolkoördinate; die keëlsnitte; verder in staat wees om 'n verteenwoordigende keuse van begrippe te definieer en resultate te bewys.

WISV122 (5)(8) INLEIDENDE WISKUNDIGE MODELLERING (2 URE)

Die leerder behoort te beskik oor kennis van en insig in 'n wiskundige programmeertaal soos Maple en toepassing daarvan in onder andere optimeringsprobleme, numeriese integrasie en Newton se metode; oneintlike integrale; oneindige rye getalle; die anti-afgeleidebegrip; elementêre differensiaalvergelykings en hulle rigtingsvelde; Euler se metode; skeibare vergelykings; eksponensiële groei en verval; die logistiese vergelyking; eerste- en tweede-orde lineêre differensiaal-vergelykings; Lotka-Volterra stelsels en nie-homogene lineêre differensiaalvergelykings.

WISV211 (5)(16) ANALISE III (3 URE)

Die leerder behoort te beskik oor kennis van en insig in: oneindige rye en reekse; konvergensietoetse vir reekse; Taylor-polinome; magreekse; Taylorreekse en Maclaurinreekse; vektoralgebra vir meetkundige vektore; algebraïese vergelykings vir reguit lyne, platvlakke en tweede-graadsoppervlakke in die driedimensionele ruimte; silindriese en sferiese koördinate; vektorfunksies en ruimtekrommes; aspekte van differensiaalrekening van meerveranderlike funksies, met insluiting van rigtingafgeleides en die gradiëntfunksie; dubbelintegrale en trippelintegrale; lynintegrale en oppervlakintegrale; verder in staat wees om 'n verteenwoordigende keuse van begrippe te definieer en resultate te bewys.

WISV221 (5)(16) LINEÊRE ALGEBRA (3 URE)

Die leerder behoort kennis en insig te verwerf in die vektorruimtevoorwaardes vir oplosbaarheid van stelsels lineêre vergelykings; bestaanskriteria vir inverse matrikse; deelruimtes van n-dimensionale reële vektorruimtes; gewone en ortogonale basisse vir deelruimtes; determinante; matrikseiewaardes en -eievektore en diagonalisering van matrikse; die teorie van algemene vektorruimtes en basisse vir sulke ruimtes; inwendige produkte; vektornorme; Hessenberg-matrikse en 'n bewys vir die Cayley-Hamilton-stelling; rekenaarweergawes van rekenaartegniese met 'n programmeertaal (soos Matlab of Maple) kan uitvoer en die uitkomst van sulke berekeninge interpreteer.

WSGK121 (5)(8) ALGEMENE WISKUNDE – GETALLESTELS (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om kennis te demonstreeer ten opsigte van die sakrekenaar; die historiese ontwikkeling van ons getalstelsel; basisse; uitbreiding van die getalstelsel; natuurlike getalle na heelgetalle en rasionale getalle (gewone breuke, desimale breuke en persent); getalpatrone; die ondersoekende werkswyse; geld.

WSGK221 (5)(8) ALGEMENE WISKUNDE - ELEMENTÊRE ALGEBRA (2 URE)

Die leerder moet in staat wees om kennis te demonstreeer ten opsigte van inleiding tot algebra; probleemoplossing: roetine en nie-roetine probleme; funksiebegrip. grafieke; verhoudings; direkte en omgekeerde eweredigheid; elementêre statistiek; elementêre waarskynlikheid.

WSKH131 (5)(8) WISKUNDE: ELEMENTÊRE FUNKSIES (2 URE)

Die leerder moet basiese kennis, begrip en insig van bepaalde elementêre funksies demonstreeer deur die onderskeie funksies te definieer, grafieke te teken, basiese bewerkings met die funksies uit te voer en, indien moontlik, inverses te bepaal; limiete van funksies te bepaal en voorwaardes vir kontinuïteit af te lei en toe te pas.

WSKH141 (5)(8) WISKUNDE: TRIGONOMETRIE (2 URE)

Die leerder moet basiese kennis, begrip en insig van trigonometrie demonstreeer deur funksiewaardes te bereken; identiteite te bewys en trigonometriese vergelykings op te los; werklikheidsgetroue probleme m.b.v. twee-en driedimensionele figuur op te los.

WSKH151 (5)(8) WISKUNDE: ALGEBRAÏESE GETALLESTELSELS (2 URE)

Die leerder moet basiese kennis, begrip en insig van die getalgestelsels demonstreeer deur die eienskappe van elke getalgestelsel te kan gebruik en bewerkings binne 'n spesifieke getalgestelsel te kan uitvoer; die uitbreiding van een getalgestelsel na die volgende te kan motiveer.

WSKH161 (5)(8) WISKUNDE: ELEMENTÊRE STATISTIEK (2 URE)

Die leerder moet basiese kennis, begrip en insig van elementêre statistiek demonstreeer deur permutasies en kombinasies te definieer en werklikheidsgetroue toepassings daarvan uit te voer; uitkomst van gebeurtenisse te voorspel en die waarskynlikheid van afhanklike en onafhanklike gebeurtenisse te definieer en te bereken.

WSKH231 (5)(8) WISKUNDE: VEKTORALGEBRA (2 URE)

Die leerder moet basiese kennis, begrip en insig van lineêre algebra demonstreeer deur meetkundeprobleme m.b.v. meetkundige vektore op te los; verskillende bewerkings met algebraïese vektore uit te voer; lineêre afhanklikheid van vektore te bepaal; stelsels lineêre vergelykings op te los ten opsigte van werklikheidsgetroue situasies; algebraïese eienskappe van bewerkings met matrikse te definieer en te kan gebruik in werklikheidsgetroue voorbeelde.

WSKH241 (5)(8) WISKUNDE: DIFFERENSIASIE (2 URE)

Die leerder moet basiese kennis, begrip en insig van differensiasie demonstreeer deur die afgeleides van eenvoudige en saamgestelde funksies te kan bereken deur gebruik te maak van verskillende differensiasiereëls; polinoom- en rasionale funksies te teken en maksima en minimaprobleme op te los.

WSKH251 (5)(8) WISKUNDE: ANALITIESE MEETKUNDE (2 URE)

Die leerder moet basiese kennis, begrip en insig van analitiese meetkunde demonstreeer deur parabole, ellipse en hiperbole te definieer, standaardvergelykings af te lei asook vergelykings van die geroteerde funksies, grafieke te teken en die gebruik van genoemde kegelsnedes in die werklike lewe te identifiseer; eenvoudige grafieke in poolkoördinate en van parametrisiese vergelykings te teken.

WSKH261 (5)(8) WISKUNDE: POLINOOM- EN RASIONAALFUNKSIES (2 URE)

Die leerder moet basiese kennis, begrip en insig van polinoom- en rasionaalfunksies demonstreeer deur polinome in een veranderlike te definieer en bewerkings met polinome uit te voer (uitgesonderd die inverse), faktore van polinome te bepaal (indien moontlik) en polinoomvergelykings op te los; aan te toon dat rasionale funksies 'n algebraïese getalgestelsel vorm en rasionale funksies in parsieële breuke te ontbind.

WETENSKAPSLEER**WLRN311 (5)(8) FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDKUNDE (2 URE)**

Die leerder behoort kennis, vaardighede en waardes rakende die werklikheid, die mens en sy verwantskap met opvoeding te bewys, sowel as 'n kritiese evaluering van verskillende

lewensfilosofieë en dié se implikasies vir onderrig in die algemeen en onderrig gebaseer op Christelike beginsels.

WTSL229 (5)(8) INLEIDENDE WETENSKAPSLEER (2 URE)

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module moet die leerder kan demonstreer dat hy/sy die aard van wetenskap en die grense en plek daarvan in die menslike lewe verstaan en dit kan onderskei van nie-wetenskaplike en ideologiese denke; die paradigmatische aard van die wetenskap verstaan en kan verduidelik aan die hand van voorbeelde; die kontoere van 'n Christelike denkraamwerk (wêreldbeskouing) verstaan en met verwysing na nie-Christelike denkraamwerke kan verduidelik en evalueer; en aktuele persoonlike en sosiaal-maatskaplike verskynsels en probleme kan beoordeel vanuit 'n eie en 'n Christelike denkraamwerk.

WTSL319 (5)(8) WETENSKAPSLEER (2 URE)

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module moet die leerder kan demonstreer dat hy/sy die plek van sy/haar wetenskap (hoofvakrigting) in die groter samehang van wetenskappe verstaan; die belangrikste grondvrae in sy/haar vakgebied kan identifiseer en die belangrikste standpunte daarvoor (denktradisies in die vakgebied) kan beskryf en vanuit 'n eie denkraamwerk evalueer; die basiese kwessies in die kontemporêre gesprek oor wetenskap en geloof kan identifiseer en dit op die problematiek van sy vakgebied kan betrek; en die etiese konsekwensies van sy/haar wetenskaplike en toekomstige professionele werk verstaan en vanuit 'n eie en 'n Christelike waarde-oriëntasie kan beoordeel.